# DIE GODDELIKE PATROON



## Adrian Ebens

# Die Goddelike Patroon

deur

Adrian Ebens

Die Goddelike Patroon

Kopiereg © 2011 Adrian Ebens

Wêreldregte voorbehou. Hierdie boek, of enige deel daarvan, mag nie gekopieer word in enige vorm of op enige manier, behalwe deur die wet, sonder die skriftelike toestemming van die uitgewer, met die uitsondering van 'n resensent wat slegs kort gedeeltes aanhaal.

Die outeur aanvaar volle verantwoordelikheid vir die korrektheid van alle feite en aanhalings soos aangehaal in hierdie boek.

Die Afrikaanse vertalings van die oorspronklike Engelse Ellen White publikasies is geneem soos dit verskyn op die webbladsy www.egwwritings.org en vanuit ander gedrukte publikasies. Waar daar nie Afrikaanse vertalings beskikbaar was nie, is vrye vertaling gedoen deur die vertaler. Verwysings sluit in beide Afrikaanse vertaalde publikasies en Engelse oorspronklike publikasies.

Kritiek op die boek se inhoud moet asseblief verwys na die oorspronklike Engelse weergawe van die boek.

Webbladsy van boek

www.divine-pattern.com

Email: adrian@maranathamedia.com

Tensy anders vermeld, is alle Bybel-aanhalings geneem uit die Afrikaanse Bybelvertaling van 1953.

Ter nagedagtenis aan James White

‘n Man van orderlike evangelie

## Dankie…

‘n Spesiale woord van dank aan almal wat deel vorm van die Maranatha Media aanlyn gemeenskap, wat op een of ander manier bygedra het tot hierdie boek.

*Van die vertaler: ‘n Spesiale woord van dank aan my vader, Thys Neethling. Pa het my die basis van sommige van die beginsels, soos uiteengesit in hierdie boek, geleer.*

*Nina Snyman*

# Inhoud

Deel 1. Fondasies van die Goddelike Patroon ..................................... 1

1. Die Goddelike Patroon ........................................................... 1

2. Die Fontein van die Wet ......................................................... 9

3. Die Driedubbele Tou ............................................................. 17

4. Seëninge en vervloekinge ....................................................... 28

Deel 2. Die Goddelike patroon as Leiers Misluk ................................. 35

5. Reaksie op afvalligheid .......................................................... 35

6. Identifiseer die kerk ............................................................. 43

7. Rus in die kanaal ................................................................. 54

8. Die Mantel van Konfrontasie ................................................... 60

9. Om ’n appél aan te teken ........................................................ 73

10. Om alleen te staan ............................................................... 79

Deel 3. Gevolge van Verwerping van die Goddelike Patroon............... 86

11. Beskerming van ons Losser en Verlosser ................................. 86

12. Simson se blindheid ............................................................ 97

Deel 4. Ontvang seëninge deur ‘n korrupte kanaal .......................... 111

13. Hanna se uitmuntende voorbeeld ..................................... 111

14. Abígail se soete geur van onderdanigheid .......................... 117

15. Die man na God se hart .................................................... 125

Deel 5. Geheilig deur die Goddelike Patroon .................................. 130

16. Ontmasker die gruwelike verwoester ................................ 130

17. Die hoeksteen ................................................................... 140

18. Sabbatsverseëling ............................................................. 148

19. ‘n Magtige engel ............................................................... 154

BYLAE A en B

# Deel 1
# Fondasies van die Goddelike Patroon

## 1. Die Goddelike Patroon

> **1 Kor 8:6** Tog is daar vir ons maar een God, die Vader **uit wie**[1] alles is, en ons tot Hom, en een Here Jesus Christus **deur wie** alles is, en ons deur Hom.

Alles wat ons ontvang in hierdie lewe, ontvang ons deur die goddelike patroon. Hierdie patroon word aan ons openbaar deur die persone van die Vader en die Seun. Die goddelike patroon vind sy oorsprong in die Vader "uit wie alles is" en word aan ons deurgegee deur die persoon van Christus "deur wie alles is."

Dit is van lewensbelang vir ons, as die ontvangers van hierdie seëninge, om duidelike onderskeid te tref tussen die persoonlikheid en individualiteit van elke persoon in hierdie goddelike patroon.

> **Heb 1:1-3** Nadat God baiekeer en op baie maniere in die ou tyd gespreek het tot die vaders deur die profete, het Hy in hierdie laaste dae tot ons gespreek deur die Seun (2) wat Hy as erfgenaam van alles aangestel het, deur wie Hy ook die wêreld gemaak het. (3) Hy, wat die afskynsel is van sy heerlikheid en die afdruksel van sy wese en alle dinge dra deur die woord van sy krag, nadat Hy deur Homself die reiniging van ons sondes

[1] Alle vetgedrukte klem in hierdie boek is ingevoeg.

bewerk het, het gaan sit aan die regterhand van die Majesteit in die hoogte.

**Joh 5:26** Want soos die Vader lewe het in Homself, so het Hy aan die Seun ook gegee om lewe in Homself te hê.

Die Bybel openbaar die Vader duidelik as die groot bron van alles en dat sy Seun die afdruksel (of beeld) is van Sy wese en dat die Seun alle ding ontvang het van Hom. Omdat die Seun alle dinge van die Vader ontvang het, en die afdruksel van sy wese is, is die enigste manier vir ons om onderskeid te tref, die feit dat die Seun van die Vader gekom het, en alles by die Vader geërf het. Die Seun se erfenis is die geheim om die persoonlikheid en individualiteit van die Vader en die Seun te bewaar. Sy erfenis maak dit duidelik “Uit Wie” alles is en “Deur Wie” alles is, as ‘n orde binne die goddelike patroon.

Soos ons deur die Skrif lees, kan ons heelwat voorbeelde vind waar die “Uit Wie” en “Deur Wie” patroon herhaal word. Somminge van hierdie voorbeelde oorvleuel as gevolg van die natuur van die God se seëninge wat soos ‘n waterval na ons vloei deur ‘n hele paar “vlakke” in die kanaal.

| **Bron – Uit Wie** | **Kanaal – Deur Wie** | **Verwysings** |
|---|---|---|
| Vader | Seun | 1 Kor 8:6 ; 1 Kor 11:3 , Hebr 1:1-3 |
| Man | Vrou | Gen 3:16 ; 1 Kor 11:3 ; Ef.5:25;<br>1 Pet 3:1 |
| Vader | Moeder | Eks 20:12 ; Ef. 6:1 ; Kol 3:20 |
| Moeder | Kind | 1 Tim 2:15 |
| Christus | Man | 1 Kor 11:3 |
| Christus | Kerk | Ef 5:25 |
| Profeet | Priester | Eks 4:16 ; Lev 8:36 |

| Bron – Uit Wie | Kanaal – Deur Wie | Verwysings |
|---|---|---|
| Ouderling/Leraar | Skape | 1 Pet 5:2, 1 ; 1 Tess 5:12, 13 |
| Koning/Regeerder | Volgelinge/inwoners | Rom 13:1-3 ; 1 Pet 2:13, 14 |
| Bybel | Gees van Profesie | RH 20 Jan 1903 "Lesser Light" |
| Bybel | Leraar/herder/ ouderling | 2 Tim 4:2; 1 Pet 5:2 |

Hoe meer die goddelike patroon nagevolg word, hoe meer seëninge sal na ons en ons gesinne vloei. Byvoorbeeld, as ons ons vader en moeder eer, word ons 'n lang lewe belowe. Wanneer ons in liefde dié eer wat oor ons ons aangestel is, word ons geseën deur hulle prediking van die Woord en die aanmoediging tot 'n goddelike lewe.

Behalwe die direkte seëninge van vreugde, geluk en gemeenskapsliefde wat na ons vloei deur hierdie goddelike patroon, is daar ook die beskermende seëinge wat ons kan geniet deur hierdie kanaal. In elke geval is die een "Deur Wie" alles kom, onder die beheer en beskerming van die een "Uit Wie" alles kom.

So sien ons byvoorbeeld hoeveel beskerming 'n kind kan geniet:

1. Die kind word beskermd deur die moeder,
2. Wat beskerm word deur haar man,
3. Wat beskerm word deur die polisie (of buurtwag)
4. Wat beskerm word deur die regering,
5. Wat ingestel is deur God.

Plaas dit binne 'n geestelike raamwerk, dan sien ons:

1. Die vader word vermaan deur ouderlinge en leraars,
2. Wat onderhewig is aan die Woord van God,

3. Wat geskryf is deur die profete,
4. Wat was en gegee is deur Christus,
5. Wat dit ontvang het van die Vader.

Hoe meer ons onsself plaas binne posisies van beskerming binne die goddelike patroon, hoe beter is ons beskerming, seëninge, vrede en vreugde. Die sleutelbeginsel tot God se plan is:

1. Alle dinge word deur ‘n kanaal ontvang, en nie direk van die Vader nie.
2. Alle dinge volg die patroon van die Vader en Sy Seun.

Die rebellie van Satan het konsepte gebring wat hierdie patroon bederf het. Die orde in die Hemel het bepaal dat die Satan oorspronklik onder Christus geval het, wat weer onder die outoriteit van die Vader gestaan het.

> Satan, die hoof van die gevalle engele, het eens ‘n hoë posisie in die hemel beklee. Hy was geëer, ná Christus.” *Review and Herald,* 24 Feb 1874.

Die Skrif vertel ons ook hoe die Satan probeer het om die goddelike patroon te verander:

> **Jes 14:12** Hoe het jy uit die hemel geval, o môrester, seun van die dageraad! Hoe lê jy teen die aarde neergeslaan, oorweldiger van die nasies! (13) En jy het in jou hart gesê: Ek wil opklim in die hemel, my troon verhef bo die sterre van God en sit op die berg van samekoms in die uithoeke van die Noorde. (14) Ek wil klim bo die hoogtes van die wolke, my gelykstel met die Allerhoogste!

In hierdie teksverse sien ons ‘n wese wat nie die beskerming en sorg van die goddelike patroon soek nie, maar eerder om te wees soos, of te lyk soos, die Almagtige. Oorspronklik het dit beteken dat Satan met Christus gelykgestel wou word, eerder as om onder sy outoriteit gestel te wees, sodat hy direk aan God kon rapporteer sonder om onder Christus te val. Die Vader, deur die

goddelike patroon, het sy Seun beskerm deur sy verhouding met die Seun aan die hele skepping te verklaar. Christus het nie Homself verdedig of enige woord gespreek om Homself te verdedig nie. Dit is alles gedoen deur die Vader. Satan het die Vader se opdrag om die Seun te aanbid, veronagsaam, en het die begeerte ontwikkel om in elke opsig soos die Almagtige te wees.

Ons aanbidding tot God word slegs gebasseer op die lees van die Woord van God. Ons kennis van God kom na ons, uit wat Hy aan ons openbaar in die Woord en deur wat Hy geskep het. Ons konsep omtrent wie God is, en ons aanbidding van Hom terwyl ons nog in hierdie sondige wêreld woon, is slegs in ons gedagtes. As ons afwyk van die duidelike stellings in die Woord sal ons gedagtes onmiddelik verval in afgodery. Dit is Satan se doel, dat ons buite die Woord van God beweeg, om God in ons gedagtes voor te stel op ‘n ander manier as deur die goddelike patroon. Daardeur ontneem hy ons die heining van beskerming en kry hy beter beheer van ons, en kan ons dan vernietig.

Let goed op dat Satan die begeerte het om op gelyke voet te staan as die Almagtige. Deur ‘n baie slinkse proses het hy dit reggekry om die Christelike wêreld te mislei deur aan Christus dieselfde posisie as die Vader te gee. Soos wat die Christelike wêreld God aanbid deur die onderskeie geloofsbelydenisse, word die entiteit wat waargeneem word as die tweede persoon in die Godheid, eintlik ‘n formulering van die Satan self.[2] Deur Christus voor te stel as presies dieselfde as God in elke opsig, verwar die Satan ons gedagtes deur die wet van “nie-onderskeibaarheid.” Dit beteken dat twee dinge presies dieselfde kwaliteite dra, en dus nie meer duidelik

---

[2] “Satan demonstreer nie alleenlik die onsterflikheid van die siel deur geestelike manifestasies nie, maar, soos in die begin, leer hy meervoudigheid van gode… Spiritualisme sou min aandag gekry het, indien die weg nie gebaan was deur valse leerstellings gegee deur dié wat argumenteer dat hulle die Bybel glo nie. Satan het dit voorsien, en het dit reggekry om sy fundamentele beginsels van sy eie geloofsbelydenis in elke geloofbelydenis van al die populêre kerke vas te lê.” R.F. Cottrell, *Review and Herald*, 14 Apr. 1859.

onderskei kan word nie, sodat hulle misterieus een word deur hulle verlies aan individualiteit.

Die hoofdoel van Satan se strategie is om ons seën en beskerming te ontneem, deurdat hy gedagtes verwar omtrent die goddelike patroon. Hy probeer ons verlei deur aan die een "Deur Wie" alles is (Jesus), dieselfde karaktereienskappe toe te dig as die een "Uit Wie" alles is (die Vader). Ons word mislei deur wat vir ons lyk na die begeerte om die een in die kanaal te verhef, maar die teenoorgestelde gebeur. So word die een, wat oorspronklik "Deur Wie" alles is, meer en meer verhef, en word Hy soos die een "Uit Wie" alles is. Die onderskeid tussen die twee vervaag. Dit loop uit op meer as een "Uit Wie" alles is – twee of selfs drie. Dit veroorsaak dat rede verval en maak die deur na die mistieke oop. Soos ons later sal sien, is hierdie eenvoudige proses die geheim tot die afskuwelike verwoester.

Daar is baie bewyse wat toon hoe hierdie verwringing en verdraaiing van die goddelike patroon plaasgevind het. Let op die volgende voorbeelde:

## Katolisisme

Die Katolieke het die woorde van die priesters verhef tot op die vlak van die woorde van die profete soos vervat in die Bybel. Deur hierdie proses is die woorde van die Roomse Pous tot bokant die Skrif gestel. Hier is een voorbeeld:

> Die Pous is by magte om tye te verander, om wette te herroep, en om enigiets te herroep, selfs die leringe van Christus. – *Decretal De Translat, Episcop. Cap*

## Protestantisme

In reaksie op hierdie afvalligheid, het Protestantisme die Woord herstel tot die enigste outoriteit vir die gewete, maar Satan het dit weer reggekry om hierdie proses te verdraai deur alle magte van die leraars en kerkleiers te ontneem. Elke mens lees die Bybel vir homself, wat reg is, maar dan neem elke mens weer die totale vryheid om leiers tereg te wys en hulle posisies te

ondermyn as hulle so verkies. Satan gee nie om watter rigting jy inslaan nie, solank jy die goddelike patroon van “Uit Wie” en “Deur Wie” mis. Die netto effek van Protestantisme is om te kloof en te verdeel, te kloof en te verdeel, en om bloot te stel aan elke wind van lering en elke opkomende charismatiese leierskap.

Die bogenoemde voorbeelde vermeld die verdraaiing van die beeld van die profeet/priester in die goddelike patroon. Kom ons neem dit na nog ‘n voorbeeld waar die manlik/vroulike beeld verdraai word binne die priesterskap of bediening.

## Priesterskap

Weereens het Satan die Katolisisme na die een kant geneem, en Protestantisme in die ander rigting. Satan het die Katolieke kerk beweeg om die priesters die alleenreg te gee tot mag en beheer, wat tot onuitspreeklike ellende en hartseer van vroue gelei het. Hy het daarna in Protestantisme, deur ‘n begeerte om die rol van die vrou te verhef en aan hulle ‘n stem te gee in die kerk, aan hulle dieselfde posisies gegee as die ouderlinge en leraars. Dit het ‘n vinnig-vervallende effek op die persepsies van huweliksgelykheid gehad, sodat die gedagtes nie die verskil tussen die twee dele van die goddelike patroon kon onderskei nie, wat veroorsaak dat manlike en vroulike rolle een word in ‘n eenslagtige begrip.

Soos elke gedagte romdom die goddelike patroon verwar en mistiek raak, beweeg die “Deur Wie” elemente vanuit die beskerming van die “Uit Wie” eweknie, sodat dit verlig en bevry word deur “verligte mede-gelykheid.” Satan kan dan inbeweeg en skade doen aan ons kinders, ons vrouens, ons leraars, ons regerings en ons wêreld.

Waarneming van die westerse wêreld wys ons hoe elke aspek van die die goddelike patroon verwar is en dat alle vlakke van beskerming en seën deurdring is deur die bose.

Die natuurlike Adventiste-reaksie om waarheid raak te sien, is om soos Protestante die swaard na die kerkleiers te neem en hulle te blameer vir die degradasie. Satan is tevrede as hierdie werk gedoen word, want hy besef dit breek steeds die goddelike patroon af, en sal kerke die seën van die Here ontneem.

In 'n latere hoofstuk sal die aspekte gedek word omtrent optrede, indien die goddelike patroon totaal omvergewerp is en watter prosedures ons moet deurgaan om die goddelike kanaal van seën te herstel. In die volgende hoofstuk word die goddelike patroon in die Wet van die Here ondersoek.

## 2. Die Fontein van die Wet


In die vorige hoofstuk het ons die goddelike patroon ondersoek soos in II Kor 8:6 uiteengesit waar dit praat van die verhouding tussen die Vader en die Seun. Hulle verhouding definieer die goddelike patroon. Dit bestaan uit die "Uit Wie" Vader, wat die bron is, en die "Deur Wie" Seun, wat die kanaal vorm.

Ons het na verskeie voorbeelde gekyk hoe die goddelike patroon herhaal word op verskeie vlakke, bv. in die gesin, in die kerk en in die gemeenskap.

Een plek waar die goddelike patroon pragtig uiteengesit word, is in die Tien Gebooie. As ons die wet ondersoek, vind ons dat die wet bestaan uit agt gebooie wat elk 'n verbod bevat, terwyl daar twee gebooie in die middel is wat elk 'n positiewe seën bevat.

> **Gen 2:3** En God het die sewende dag geseën en dit geheilig, omdat Hy daarop gerus het van al sy werk wat God geskape het deur dit te maak.
>
> **Ef 6:2-3** Eer jou vader en jou moeder—dit is die eerste gebod met 'n belofte: (3) sodat dit met jou goed mag gaan en jy lank mag lewe op die aarde.

As ons die gebooie almal ranskik rondom hierdie twee gebooie wat elk 'n poisitiewe seën bevat, sien ons dalk iets wat soos 'n fontein lyk:




Die ander gebooie tree op as armleunings om ons te lei na die bron van die fontein: om die sabbat te onderhou en om ons ouers te eer. Kan ons die 4de en 5de gebod pas op die goddelike patroon?

| "Uit Wie" | "Deur Wie" |
|---|---|
| Gedenk die sabbatdag, dat jy dit heilig….want in ses dae het die HERE die hemel en die aarde gemaak, die see en alles wat daarin is… Eks 20:8-11 | Eer jou vader en jou moeder<br>Kyk, seuns is 'n erfdeel van die HERE; die vrug van die moederskoot is 'n beloning. Ps. 127:3 |

Volgens God se ontwerp kan ons deur ons ouers geleer word omtrent die beginsels van Sy Koninkryk, sy  wet, en natuurlik, van Sy Liefde.

> **Deut 6:4-8** Hoor, Israel, die HERE onse God is ‘n enige HERE. (5) Daarom moet jy die HERE jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met al jou krag. (6) En hierdie woorde wat ek jou vandag beveel, moet in jou hart wees; (7) **en jy moet dit jou kinders inskerp** en daaroor spreek as jy in jou huis sit en as jy op pad is en as jy gaan lê en as jy opstaan. (8) Ook moet jy dit as ‘n teken bind op jou hand, en dit moet as ‘n voorhoofsband tussen jou oë wees.

Is dit moontlik om te sien dat ons die wet kan benader deur die goddelike patroon, die patroon wat alle seën bevat, dat ons dan regtig kan groei en floreer? Let noukeurig op wat Ellen White sê omtrent die 5de gebod:

> Die apostel sê, “Dit is die eerste gebod met ‘n belofte.” Ef. 6:2. Vir die Israeliete, wat op die punt gestaan het om die land Kanaän te betrek, was dit vir die gehoorsames ‘n belofte van ‘n lang lewe in daardie goeie land; **maar die betekenis strek veel wyer om die ganse Israel van God in te sluit, en dit behels ook die belofte van die ewige lewe op die aarde, nadat dit van die vloek van die sonde bevry sal wees**. *Patriarge en Profete*, p.313; *Patriarchs and Prophets*, p.308.

Om ons ouers te eer word deur Ellen White gekonnekteer met die ewige lewe. Hoe is dit moontlik? As ons sien dat alles van die Vader kom, die bron van alle dinge,[1] en dat dit vloei deur die aangestelde agente, sal ons wel sien dat, indien ons ons ouers eer, eer ons ‘n outoriteit aangestel deur God.

> “Eer jou vader en jou moeder, dat jou dae verleng mag word in die land wat die HERE jou God aan jou gee.” Ouers is geregtig op ‘n mate van liefde en agting wat geen ander persoon toekom

[1] “Die Oue van Dae is God die Vader. Die psalmis sê, “Voordat die berge gebore was en U die aarde en die wêreld voortgebring het, ja van ewigheid tot ewigheid is U God.” Ps. 90: 2. Dit is Hy, die oorsprong van alle lewe, die bron van alle wet…” *Groot Stryd* p. 545; *Great Controversy* p.479.

> nie. **God self, wat hulle verantwoordelik hou vir die siele wat aan hulle sorg toevertrou is**, het bepaal dat die ouers in die vroeë lewensjare van hulle kinders in die plek van God teenoor hulle staan. **Wie dus die regmatige gesag van sy ouers verwerp, verwerp die gesag van God**. *Patriarge en Profete,* p. 313; *Patriachs and Prophets*, p.308

Dit is deur ons ouers wat God bedoel om sy liefde en genade op ons uit te stort. Ons ouers is die kanaal deur wie God ons wil seën met sy woorde van liefde en teerheid. Hierdie beginsel is so belangrik dat God sy verbond met Abraham afhanklik gemaak het van die korrekte orde van die gesinslewe, volgens die goddelike patroon.

> **Gen 18:18 -19** …terwyl Abraham tog sekerlik 'n groot en magtige nasie sal word en al die nasies van die aarde in hom geseën sal word? (19) Want Ek het hom verkies, dat hy aan sy kinders en sy huis ná hom bevel sou gee dat hulle die weg van die HERE moet hou om geregtigheid en reg te doen; sodat die HERE oor Abraham kan bring wat Hy oor hom gespreek het.

God dui aan dat Hy oor Abraham al die beloftes sal waar maak, omdat hy sy gesin en sy huis ná hom bevel sou gee, wat beteken dat hy die goddelike patroon sou volg waarin sy vrou hom sal respekteer as die hoof van die huis, en dat sy kinders geleer sal word om hulle vader en moeder te eer en te respekteer. Laat ons hierna noukeurig oplet:

Die verbond was afhanklik van die korrekte orde van die gesin,
volgens die goddelike patroon.

Dit is die rede vir Ellen White se stelling:

> Die gemeenskap bestaan uit gesinne en is wat die hoofde van die gesinne dit maak. Uit die hart kom die "oorspronge van die lewe" en die hart van die gemeenskap, van die kerk, van die nasie is die huishouding. **Die welstand van die gemeenskap, die**

> **sukses van die kerk en die voorspoed van die nasie is afhanklik van die huishoudelike invloed**. *Adventist Home* P. 15.

Deur die huishoudelike invloed is ons veronderstel om die goddelike patroon aan te leer. Deur eerbetoning aan ons vader en moeder as ‘n uitbeelding van die goddelike patroon, leer ons om onsself te konnekteer aan die Vader in die hemel. As ons ons ouers ongehoorsaam is, en die goddelike patroon soos voorgestel in ons ouers, veronagsaam, sal ons nie kan konnekteer aan die goddelike patroon in die Hemel nie.

> “God se ontwerp is dat die gesinne op aarde ‘n simbool is van die hemelse gesin. Christelike huisgesinne, wat gegrondves en bestuur word volgens God se plan, is een van die mees effektiewe agente om die Christelike karakter te vorm vir die uitbouing van Sy werk.” *Testimonies Volume 6,* p.430.

Nou moet daar opgelet word hoe die goddelike patroon in die huis uitgebrei word tot die wyer gemeenskap:

> Die vyfde gebod verg van kinders nie net agting, onderdanigheid en gehoorsamheid aan hulle ouers nie, maar hulle word ook gebied om hulle lief te hê, en tederlik te bejeën, om hulle sorge te verlig, oor hulle goeie naam te waak, en om hulle in hul ouderdom te onderhou en te troos**. Dit skryf voor dat hulle agting moet hê vir predikante en regeerders, en andere wat God met gesag beklee het.** *Patriarge en Profete*, p. 312; *Patriarchs and Prophets*, p.308.

Let op dat die vyfde gebod ook vereis dat ons heersers en bedienaars moet respekteer, en ook almal aan wie God outoriteit oor ons gegee het. Onderstreep asseblief die volgende punt:

**Eerbied en respek vir bedienaars en heersers**
**is deel van die vyfde gebod.**

Daar is baie stemme wat uitroep: Ek het net my Bybel nodig en ek is nie onderhewig aan enige mens nie!” Dit is ‘n baie slinkse taktiek van die Satan om die goddelike patroon af te breek. As ons werklik nie onsself onderwerp aan enigiemand nie, hoef vrouens nie hulle mans te respekteer nie, en dan hoef kinders nie hulle ouers te eer nie. Baie mense vergeet dat die enigste rede dat ons Bybels het, is omdat God dit aan profete gegee het om dit neer te skryf wat Hy wou sê, en dat God mense geïnspireer het om die Bybel te publiseer en te druk.

Die uitroep “Ek het my Bybel  en ek is nie onderhewig aan enige mens nie” is ‘n reaksie op die werk van Satan om die “Deur Wie” kanaal te verhef tot dieselfde vlak as die “Uit Wie” bron.  As ouers eise stel aan kinders omtrent aanbidding, plaas hulle hulself in die posisie bokant wat God van hulle vra. Soos Ellen White aangedui het, die vyfde gebod is ook van toepassing op bedienaars en heersers. As hulle wat hierdie posisies vul, verwag van ons om iets te doen teen die Woord van God, kan ons nie gehoorsaam nie. Dit beteken nie dat ons ophou om hulle te eer en te respekteer as die “Deur Wie” kanaal nie. Ons hou vol om hulle te eer so ver die Woord van God dit van ons verwag; niks meer en niks minder nie. Deur hierdie boek, sal ons later sien hoe ons gedelegeerde outoriteite moet hanteer wat posisies inneem wat slegs aan God behoort. Op hierdie stadium maak ons die stelling dat ‘n poging deur die wat outoriteit oor ons het, om ons gewetens te oorheers, gee ons nie die reg het om hulle outoriteit te veronagsaam en die goddelike patroon te verbreek nie.

As Satan poog om die outoriteit te dwing om die “Deur Wie” kanaal saam te smelt met die “Uit Wie” bron, moet ons die vermanings van Jesus onthou:

> **Matt. 23:9** En julle moet niemand op die aarde julle vader noem nie, want een is julle Vader, Hy wat in die hemele is.

En tog sal hierdie raad nie die volgende weerspreek nie:

> **1 Tim 5:1** 'n Bejaarde man moet jy nie hard bestraf nie, maar vermaan hom soos 'n vader, jongeres soos broers.

Wanneer ons vader of ons kerkleier versoek dat ons onsself onderwerp waar die outoriteit eintlik net aan God behoort, is hulle besig om hulself met die outoriteit van God in ons lewens te vermeng. Dit vernietig die persoonlikhede van die "Uit Wie" en "Deur Wie" struktuur in ons lewens. Ons kan nie enige opdrag van iemand gehoorsaam wat hierdie beginsels oortree nie. Satan se voortdurende pogings is om die "Uit Wie" aspekte te verhoog tot op dieselfde vlak as die "Deur Wie" posisie, sodat beide vernietig word.

- Hy probeer om die Seun van God te verhoog tot dieselfde vlak as die Vader sodat die Vader en Seun vernietig word.
- Hy probeer om vrouens te verhoog tot dieselfde posisie as die man sodat die huwelik vernietig word.
- Hy probeer om vrouens tot dieselfde posisie as manlike leraars en herders te verhoog, sodat die "Uit Wie" en "Deur Wie" patroon in die leierskap in verwarring gebring word.
- Hy probeer om die geskrifte van Ellen White te verhoog tot dieselfde vlak as die Bybel sodat hulle onderskeie rolle om ons leiding te gee, vernietig word.
- Hy probeer om die woorde van mense te verhoog tot dieselfde vlak as die woorde van God (die Bybel) deur leiers te beweeg om lidmate te dissiplineer deur die 28 beginsels, sodat hulle onderskeie rolle vermeng en verwar word.

Wanneer God se mense agterkom dat dié in outoriteit oor hulle probeer om meer van hulle te vereis as wat hulle posisies toelaat, oortuig Satan hulle, wat onder die outoriteit staan, om die geforseerde outoriteit in totaliteit te verwerp. Soos wat die mense dan uitbeweeg vanuit hierdie beskermende outoriteit, is Satan in 'n beter posisie om hulle weg te vee deur enige wind van lering, valse leierskap, met potensiële verlies aan lewe.

Laat ons die goddelike patroon toepas op elke aspek van ons lewens. Net soos wat ons Christus beskou as ‘n unieke persoon, wat ‘n unieke outoriteit in ons lewens uitoefen as die hoogste “Deur Wie” outoriteit, laat ons ook onsself herinner aan al die ander “Deur Wie” outoriteite in ons lewens, selfs as Satan hulle oortuig om te vermeng met die “Uit Wie” outoritiet bo-oor hulle. Laat ons nie mislei word om hierdie outoriteite te verwerp nie. Laat ons liewer intree vir hulle en God vra om hulle te seën en te help om hulle ware identiteit en posisie te ontdek sodat hulle die beeld van die goddelike patroon kan weerspieël.

## 3. Die Driedubbele Tou


> **Pred 4:12** Een alleen kan oorweldig word, twee saam kan weerstand bied. ‘n Driedubbele tou breek nie maklik nie. (1983 Afrikaanse Bybel)

Elke goed-ontwerpte stelsel bevat ‘n ingeboude rugsteunstelsel (backup) vir geval een deel van die stelsel misluk. Die goddelike patroon, soos oorspronklik aan Adam en Eva gegee - om die Vader en Seun te reflekteer, is uitgebou na die gemeenskap en die kerk. Let op wat inspirasie sê:[1]

> In die begin is die vader as [1] priester en [2] magistraat aangestel oor sy eie familie. Daarna het die patriargale heerskappy gekom, wat soos die familie gefunksioneer het, maar wat oor ‘n groter aantal geheers het. Toe Israel ‘n eie nasie gevorm het, het die twaalf stamme, afgestam van die twaalf seuns van Jakob, elkeen ‘n leier gehad. Hierdie leiers, of ouderlinge, het vergader as enigiets omtrent algemene belange besluit moes word. [1] Die hoërpriester was die sigbare verteenwoordiger van Christus, die Verlosser van sy mense. Toe die Hebreërs in Kanaän gevestig is, is [2] rigters aangestel, wat soos heersers opgetree het. Hierdie heersers was bemagtig met outoriteit om oorlog te verklaar, en om vrede vir die volk aan te kondig, maar God was steeds die erkende koning van Israel. Hy het aangehou om sy wil aan hierdie gekose heersers bekend te maak, en om deur hulle sy krag te betoon. *Signs of the Times*, 13 Julie 1882.

[1] Getalle in vierkantige hakies is ingevoeg.

Soos wat die famlie gegroei het, is dieselfde "Uit Wie" en "Deur Wie" patroon herhaal in elkeen, wat 'n driedubbele tou gevorm het.




Ons sien dat die amp van priester en heerser dieselfde persoon in die gesin is, maar dat die amp van priester en heerser geskei is in die breër gemeenskap, wat 'n skeiding maak tussen kerk en staat. Dit val buite die omvang van hierdie studie om detail omtrent hierdie skeiding te verskaf.

Ons sien die goddelike patroon duidelik geïllustreer deur Paulus:

> **1 Kor 11:3** Maar ek wil hê dat julle moet weet dat Christus die hoof is van elke man, en die man die hoof van die vrou, en God die hoof van Christus.

Soos ons gesien het, is die kerk en die gemeenskap geskoei op die familie. Let weer op wat Ellen White sê:

> Die gemeenskap bestaan uit gesinne en is wat die hoofde van die gesinne dit maak. Uit die hart kom die "oorspronge van die lewe" en die hart van die gemeenskap, van die kerk, van die nasie is die huishouding. **Die welstand van die gemeenskap, die sukses van die kerk en die voorspoed van die nasie is afhanklik van die huishoudelike invloed**. *Adventist Home* P. 15.

Die gemeenskap is 'n onderafdeling van beide die kerk en die nasie. Let op hoe Paulus die patroon van die tuisleierskap konnekteer aan die kwalifikasie tot kerkleierskap:

> **1 Tim 3:2-5**[2] 'n Opsiener dan moet onberispelik wees, die man [Uit Wie] van een vrou [Deur Wie], nugter, ingetoë, fatsoenlik, gasvry, bekwaam om te onderrig; (3) geen drinker, geen vegter, geen vuilgewinsoeker nie, maar vriendelik; geen strydlustige, geen geldgierige nie; (4) een wat sy eie huis goed regeer en sy kinders met alle waardigheid in onderdanigheid hou. [sy huis na hom bevel sou gee – Gen 18:19] (5) Maar as iemand nie weet om sy eie huis te regeer nie, hoe sal hy vir die gemeente van God sorg dra?

Hoe moet die kerk 'n gesin ondersteun as die kanaal van seën in 'n spesifieke gesin gebreek is?

> **Jak 1:27** Reine en onbesmette godsdiens voor God en die Vader is dít: om wese en weduwees in hulle verdrukking te besoek en jouself vlekkeloos te bewaar van die wêreld.

> **Jes 1:17** Leer om goed te doen, soek die reg, beteuel die verdrukker, doen reg aan die wees, verdedig die saak van die weduwee.

---

[2] Opmerkings in vierkantige hakies is ingevoeg.

Hierdie verse is gerig aan leiers in die kerk. Wat is rein godsdiens bo alle ander dinge? Dit is om die wese en weduwees in hulle verdrukking te besoek. Hoekom? Want die gesin is die sterkste herhaling van die goddelike patroon en kerkleiers moet alles in hul vermoë doen om gesinne te ondersteun waar die vaderfiguur afwesig is deur die dood of deur pligsversuim. As 'n vader nie beskikbaar is om sy kinders te seën nie, moet die kerk intree en die seën verskaf. Dit is wat Jesus gedoen het.

> **Mark. 10:13-16** En hulle het kindertjies na Hom gebring, dat Hy hulle kon aanraak; en die dissipels het die wat hulle gebring het, bestraf. (14) Maar toe Jesus dit sien, het Hy hulle dit baie kwalik geneem en vir hulle gesê: Laat die kindertjies na My toe kom en verhinder hulle nie, want aan sulkes behoort die koninkryk van God. (15) Voorwaar Ek sê vir julle, elkeen wat die koninkryk van God nie soos 'n kindjie ontvang nie, sal daar nooit ingaan nie. (16) En Hy het sy arms om hulle geslaan, sy hande op hulle gelê en hulle geseën.

Waar het hierdie oorvloedige seën vandaan gekom wat voortgevloei het vanuit Jesus?

> **Matt 3:17** En daar kom 'n stem uit die hemele wat sê: Dit is my geliefde Seun in wie Ek 'n welbehae het.

Deur Christus is die goddelike patroon in aksie geplaas en al die beloftes wat aan Abraham gegee is, is verseker. Abraham was 'n tipe van Christus toe aan hom gesê is:

> **Gen 12:2** En Ek sal jou 'n groot nasie maak en jou seën en jou naam so groot maak, dat jy 'n seën sal wees.

Dit is die Seun van God wat deur die Vader geseën is en het 'n groot nasie gemaak deur Hom. Christus staan aan die hoof van die kanaal van seën en laat dit uitvloei deur die driedubbele tou om ons lewens te vul. Let op hierdie proses in aksie:

> **Luk 4:18-19** Die Gees van die Here is op My, omdat Hy My gesalf het om die evangelie aan die armes te bring. Hy het My gestuur om die wat verbryseld van hart is, te genees; (19) om aan gevangenes vrylating te verkondig en aan blindes herstel van gesig; om die wat gebroke is, in vryheid weg te stuur…

> **Matt 28:18-19** En Jesus het nader gekom en met hulle gespreek en gesê: Aan My is gegee alle mag in die hemel en op aarde. (19) Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies…

Die boodskap van Christus was, onder andere, om die wat verbryseld is van hart te genees. Wat veroorsaak ‘n verbryselde hart meer as die aftakelende vloeke van ongelukkige kinderjare? Vir meer inligting omtrent die boodskap van Christus, sien hoofstuk 19 van my boek Life Matters.[3]

Die punt wat ek hier probeer maak is dat die kerk ontwerp is om die rugsteunstelsel of gebeurlikheidsplan[4] te wees van gesinne waar die “Uit Wie” komponent van die gesin ophou om te funksioneer. Die gemeenskap dra ook by deurdat hulle seker maak dat die wese en weduwees kos en ‘n huis en beskerming geniet. Sien Rut hoofstuk 2 omtrent die praktyke om are op te tel op die landerye.

Wanneer ‘n kerk en gemeenskap die goddelike patroon reflefteer as ‘n uitbreiding op die gesin, sal ‘n kind kan groei, en as ‘n gesin die verlies ervaar van een van die kanale, sal die ander twee kanale die gebrek daarvan aanvul. Soos die vers aandui, “…’n driedubbele tou breek nie maklik nie.” Aangesien hierdie driedubbele tou nie maklik breek nie, het Satan deur die eeue maniere ontdek om hierdie stelsel te breek.

---

[3] Gaan na www.life-matters.org.

[4] “Christus gee hier ‘n voorbeeld van die wyse van handel vir die redding van mense. Die Seun van God identifiseer Homself met Sy georganiseerde kerk. Sy seëninge moet vloei deur die agente wat Hy aangestel het, en Hy wil graag hê dat mense identifiseer met hierdie kanaal van seën.” *Signs of the Times*, 10 Nov. 1898.

Satan weet goed dat die hele kanaal van seën rus op die feit dat die goddelike patroon in ons gedagtes ingesetel is. Die God wat ons aanbid word in die gesin, die kerk en in die gemeenskap gereflekteer. Satan bring aan die mensdom 'n veranderde patroon; 'n patroon nie volgens bron en kanaal nie, maar met mede-gelykheid waar die tweede komponent onbewustelik gemeng word met die eerste. Dit is die geheim tot die verwoesting van die gesin, die kerk en die gemeenskap. Dit is hoe Satan die driedubbele tou kan breek. As mense eers bewus word van 'n inherente mede-gelykheid van status in hul aanbidding van God, word die verhouding in die huwelik verander om die kinders hul seën te ontneem; manlike leierskap in die kerk en gemeenskap word geneutraliseer, en binne een generasie kan Satan beheer neem van die hele gemeenskap.

Daar is 'n direkte verband tussen die god wat die Roomse Kerk aanbid en sy vermoë om die harte van mense te verwoes. Die geheim is om die goddelike patroon te verbreek en om dit te vervang met die weergawe van 'n drie-in-een Drie-eenheid. Dit maak nie saak watter weergawe jy aanvaar nie, solank jy die tweede persoon dieselfde as die eerste persoon waarneem, net met 'n ander titel. Die Katolieke kerk doen dit deur 'n enkele wese wat uit drie dele bestaan, en die Adventiste doen dit deur drie verskillende titels vir drie goddelike weses wat al drie identiese inherente kwaliteite besit.

As jy aanvaar dat die Vader en Seun deel vorm van 'n drie-persoon-maar-een-wese God, verloor jy jou vermoë om die een van die ander te onderskei. As jy met die een praat, praat jy ook met die ander. Dit is hoe die Drie-eenheid dit uitdruk:

> Daar is drie persone in die Godheid, maar hulle is so misterieus en onlosmaakbaar verwant aan mekaar, dat die teenwoordiheid van die een ekwivalent is aan die teenwoordigheid van die ander. *WW.Prescott Sermon Notes*, p.8, from Sermon at Takoma Park, 14 Oct. 1939.

As jy die volgende aanhaling lees, kyk bietjie hoe lank kan jy die Vader en Seun onderskei in jou gedagtes:

> Ons stel voor dat God, in **Sy** Drie-eenheid-selfopenbaring, aan ons bekend maak dat **Hy** ons gemaak het na die beeld van Sy liefde wat bonatuurlik **in Sy wese** is, as 'n ewige liefdevolle God wat drie in een is. Verder is drie-enige liefde, in God gevind, nie selfsugtig nie, sodat ons die grootste vreudge en vervulling vind daarin om te lewe vir ander en ander te dien. Whidden, Moon & Reeve, *The Trinity*, bl.247.

Die verwarring van die "Drie-eenheid self-openbaring" was nie deel van die vroeë Adventiste-geloof nie. In 1874 is die eerste weergawe van die tydskrif *Signs of the Times* geredigeer en gedruk deur ouderling James White, waarin 25 Fundamentel Beginsels, met groot mate van eenheid, onder die Adventiste bekend gestel is. Die beginsels wat betrekking op God het, word hier herhaal. Let op dat hulle op 1 Kor.8:6 gebasseer is:

1. **Dat daar een God is, 'n persoonlike, geestelike wese**, die skepper van alle dinge, alomteenwoordige, alwetend en ewig, oneindig in wysheid, heiligheid, reg, goedheid, waarheid en genade, onveranderlik, en oral teenwoordig deur sy verteenwoordiger, die Heilige Gees, Ps. 139:7.
2. **Dat daar een Here Jesus Christus is, die Seun van die Ewige Vader**, die een deur wie God alle dinge gemaak het, en deur wie hulle bestaan; dat Hy op hom die natuur van die saad van Abraham geneem het te will van die verlossing van die gevalle mensdom;…

Hierdie twee stellings het onveranderd gebly tot 1931[5], en in 1980 is die mistieke Drie-eenheid ingestem as ‘n Fundamentele Leerstelling van die Sewendedag Adventiste kerk. Kom ons vergelyk die bogenoemde duidelike stelling omtrent onderskeiding tussen die Vader en die Seun met die huidige Sewendedag-Adventiste leer omtrent God.

> **Die Godheid: Daar is een God: die Vader, Seun en Heilige Gees, ‘n eenheid van drie mede-ewige Wesens**. God is onsterflik, almagtig, alwetend, en bo alles, alomteenwoordig. Hy is perkeloos en bo menslike begrip, en tog bekend deur Sy selfopenbaring. Hy is ewig waardig om aanbid en gedien te word deur Sy ganse skepping. (Uit: *Sewendedag-Adventiste Glo… ‘n Bybelse Uiteensetting van die 27 Fundamentele Leerstellings*).


Indien hierdie stelling omtrent God waar is, behoort ons 1 Kor 8:6 as volg te lees:

> Tog is daar vir ons maar een drie-enige God, uit wie alles is, en ons tot Hom, deur wie alles is, en ons deur Hom.

---

[5] Die fundamentele beginsels van die Sewendag Adventiste soos hierbo uiteengesit, het elke jaar in die Adventiste Jaarboek verskyn tot en met 1914. Vanaf die jaar wat Ellen White oorlede is, het hierdie Fundamentele Beginsels nie weer verskyn nie, totdat die hersiene weergawe (soos opgetrek deur F.M.Wilcox en moontlik F.D. Nicol) verskyn het in die 1931-jaarboek. “Hoe dit ook al ontstaan het, **weens die feit dat die Algemene Konferensie Komitee – of enige ander kerkliggaam – nooit die dokument in hierdie formaat soos opgeteken, sou aanvaar nie, het ouderling Wilcox, met die volle wete van die groep, die Stelling direk aan Edson Rogers, die Algemene Konferensie statistikus, oorhandig vir publikasie in die 1931 uitgawe.**” Vry vertaal uit Fritz Guy, *Uncovering the Origins of the Statement of 27 Fundamental Beliefs*. Die 1931 stelling lui: 2. Dat die Godheid, of Drie-eenheid, bestaan uit die Ewige Vader, ‘n persoonlike geestelike Wese, alomteenwoordig, alwetend, oneindig in wysheid, en liefde; Die Here Jesus, die Seun van die Ewige Vader, deur wie alle dinge geskape is, en deur wie die redding van die verlostes bewerk sal word; die Heilige Gees, die derde persoon van die Godheid, die groot herskeppende krag in die werk van verlossing. Matt 28:19.

Die Drie-eenheid is ontwerp om die “Uit Wie” en “Deur Wie” onderskeiding van die Vader en die Seun te vernietig, wat dan die goddelike patroon vir die lewe afplat in die gesin, die kerk en die gemeenskap.




Die verwydering van die “Uit Wie” en die “Deur Wie” onderskeiding verwyder die vloei in die kanaal. In plaas daarvan dat dit duidelik uit die Vader afkomstig is, deur die Seun, kon dit afkomstig wees van enigeen van hulle , of terselfdertyd vanuit al drie, en alles word dan ‘n onverstaanbare verborgenheid.

Die boek Rigters gee ‘n voorbeeld hoe Israel weggedraai het van God, weg van ‘n duidelike “Uit Wie” en “Deur Wie” beginsel, tot Baäl-aanbidding. (Rigt.2:9, 10). Let op hoe die gesinsverhoudings verwar is, hoe manne deur hulle passies beheer is, soos in die geval van Simson en andere. Die manne

het hul sensitiwiteit teenoor die vroue verloor, soos in die geval van Jefta in Rigters 11. Indien kinders in gesinne gebore word wat nie meer seën nie, ontwikkel tiranne soos Abimeleg (Rigters 9). In ander gevalle word hulle gevul met vrees, soos in die geval van Barak (Rigters 4).

Ons kerk gaan deur dieselfde proses vandat ons die Drie-eenheid omarm het, met ‘n nagemaakte weergawe van die goddelike patroon met drie identiese weses, in kontras met die Bron en Kanaal soos in 1 Kor.8:6 uiteengesit. Ons sien ‘n afname in die aantal manne wat leiding neem, ‘n toename in huwelike wat opbreek, die aanvang tot die instelling van vroulike pastore; en die onderskeid tussen mans en vroue wat vervaag. Al hierdie dinge is uitvloeisels van die simptome van die verwoestende effek van die drie-persone-in-een-God wat aanbid word. Dit verwoes ons huise, ons kerke en ons gemeenskappe.

Hierdie proses word akkuraat beskryf deur Jeremia, as hy die verbreking van al die lyne wat ons Vader bewerk het, beskryf, en aandui hoe die verwoesting die gesinne, die kerk en die gemeenskap affekteer:

> **Jer 10:20-25** My tent is verwoes, en al my lyne is afgeruk; my kinders het van my af weggegaan, en hulle is daar nie; daar is niemand meer wat my tent uitspan en my tentdoeke opsit nie.
> (21) **Want die herders het dom geword en die HERE nie gesoek nie; daarom was hulle nie voorspoedig nie, en hulle hele kudde is verstrooi.** (22) Hoor! ‘n Gerug. Daar kom dit, en wel ‘n groot geraas uit die Noordland, om die stede van Juda ‘n woesteny te maak, ‘n lêplek van jakkalse. (23) Ek weet, o HERE, **dat aan die mens sy weg nie toebehoort nie**; nie aan ‘n man om te loop en sy voetstappe te rig nie. (24) Tugtig my, HERE, maar met mate; nie in u toorn, dat U my nie te klein maak nie. (25) Stort u grimmigheid uit oor die nasies wat U nie ken nie, en oor die geslagte wat u Naam nie aanroep nie; want hulle het Jakob opgeëet, ja, hulle het hom opgeëet en hom verteer en sy woning verwoes.

Die beroep wat Elia doen is ‘n oproep om ons harte terug te bring na die ware God van Israel, die God wat in die Tien Gebooie openbaar word:

> **Mal 4:4-6** Dink aan die wet van Moses, my kneg, wat Ek hom beveel het op Horeb vir die hele Israel—insettinge en verordeninge. (5) Kyk, Ek stuur julle die profeet Elía voordat die groot en vreeslike dag van die HERE aanbreek. (6) En hy sal die hart van die vaders terugbring tot die kinders, en die hart van die kinders tot hulle vaders, sodat Ek nie hoef te kom en die land met die banvloek tref nie.

Die werk van Elia is ‘n werk van herstel omtrent die werklike God van Israel, en ‘n oproep om binne ons gesinne, kerk en gemeenskappe die God van Israel te reflekteer.

> **Luk 1:16-17** En hy sal baie van die kinders van Israel bekeer tot die Here hulle God. (17) En hy sal voor Hom uit gaan in die gees en die krag van Elía, om die harte van die vaders terug te bring tot die kinders en die ongehoorsames tot die gesindheid van die regverdiges, om vir die Here ‘n toegeruste volk te berei.

Die terugbring van harte beteken die erkenning van ouers deur kinders, en die erkenning van ouers om te seën. Om mense terug te bring van ongehoorsaamheid beteken om hulle te leer omtrent respek vir die kerk en die gemeenskapsleiers, en vir die leiers om hul rol te erken as ‘n bron van beskerming aan dié wat onder hulle val. Die werk van Elia roep mense nie op om hulself te bevry van menslike outoriteit nie, maar is eerder ‘n oproep om die outoriteit van die goddelike patroon te herstel. Laat ons saam bid om herstel van die krag en gees van Elia, sodat ons sal weet hoe om die goddelike patroon te herstel in huise, kerke en die gemeenskappe.

## 4. Seëninge en vervloekinge

As ons die goddelike patroon van nader beskou dwarsdeur die Skrifte, sien ons hoedat die "Uit Wie" en "Deur Wie" patroon na vore kom en hoe die verskillende dele staan met betrekking tot mekaar. Ons Vader in die hemel is 'n God van seën. Let op wat die Bybel sê:

> **Num 23:19-20** God is geen man dat Hy sou lieg nie; of 'n mensekind dat dit Hom sou berou nie. Sou Hy iets sê en dit nie doen nie, of spreek en dit nie waar maak nie? (20) Kyk, ek het ontvang om te seën; en het Hy geseën, dan kan ek dit nie keer nie.

En ook:

> **Jak 1:17** Elke goeie gif en elke volmaakte gawe daal van bo af neer, van die Vader van die ligte, by wie daar geen verandering of skaduwee van omkering is nie.

Een van die sleutelbeginsels wat ons moet onthou, is dat die vreugde, voorreg en diens van die "Uit Wie" is om seën oor te dra aan die "Deur Wie." Ons sien ook dat die krag van die seën afhang van die respek van die "Deur Wie" vir die "Uit Wie."

Hierdie seën staan op 'n skaal of 'n graad wat kan omkeer in 'n vervloeking. As liefde, eerbied, respek en gehoorsaamheid verskuif na oneerbiedigheid, minagting en ongehoorsaamheid, verander die kanaal van seëninge na vervloekinge. Wanneer 'n mens teen iemand optree wat deur God as 'n outoriteit aangestel is in sy lewe, word die seën wat ontvang behoort te word, 'n vloek. Let noukeurig op die volgende:

**Eks 20:5-6 …** wat die misdaad van die vaders besoek aan die kinders, aan die derde en aan die vierde geslag van die wat My haat; (6) en Ek bewys barmhartigheid aan duisende van die wat My liefhet en my gebooie onderhou.

**Gen 12:3** En Ek sal seën diegene wat jou seën, en hom vervloek wat jou vervloek; en in jou sal al die geslagte van die aarde geseën word.

Die kanaal waar hierdie beginsel die kragtigste werk is waar die bron van die "Deur Wie" direk kom van die "Uit Wie."

**1 Kor 11:3** Maar ek wil hê dat julle moet weet dat Christus die hoof is van elke man, en die man die hoof van die vrou, en God die hoof van Christus.

**Spr 17:6** Kindskinders is 'n kroon vir grysaards, en vir die kinders is hulle vader 'n eer.

Hierdie kanaal is so kragtig dat dit die krag van lewe en dood bevat.

**Matt 4:4** Maar Hy antwoord en sê: Daar is geskrywe: Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord wat deur die mond van God uitgaan.

**Joh 6:63** Dit is die Gees wat lewend maak, die vlees is van geen nut nie; die woorde wat Ek tot julle spreek, is gees en is lewe.

**Spr 18:21** Dood en lewe is in die mag van die tong; en elkeen wat dit graag gebruik, sal die vrug daarvan eet.

"Elke kind leef deur die lewe van sy Vader." Ellen White, *Mount of Blessings*, p.78.

Die Vader se woorde is ons lewe, en sy Woord vloei na ons deur die driedubbele tou wat Hy daar gestel het om ons te seën. Die noodsaaklikste en kritiese seën wat die Vader vir ons wil gee, word gevind in hierdie woorde:

> **Matt 3:17** En daar kom 'n stem uit die hemele wat sê: Dit is my geliefde Seun in wie Ek 'n welbehae het.

Die seën wat Christus ontvang van die Vader, word deurgegee na ons.

> **Ef 1:6** tot lof van die heerlikheid van sy genade waarmee Hy ons begenadig het in die Geliefde.

Is dit nie WONDERLIK om te weet dat die satisfaksie wat Jesus ervaar het toe sy Vader aan Hom gesê het hoe lief Hy hom het, na ons kan vloei? Laat ons onthou dat die woorde van die Vader net so kragtig is soos die outoriteit wat ons waarneem wat die Vader oor die Seun het. In die Drie-eenheid het die Vader gemagtigde outoriteit, wat beteken dat die Seun en die Gees aan die Vader die posisie van outoriteit toegestaan het. Maar die Bybel openbaar aan ons dat die Vader absolute outoriteit het oor die Seun, daarom is Sy woorde en seën ook absoluut. Daardie absolute seën kan ons s'n wees deur Christus. Ek bid veral dat ons die hart van die evangelie sal sien deurdat ons sien dat God die Vader is van Christus, en dat Christus die Seun van God is.[1] Dit is die enigste manier waarop ons waarlik kan weet dat ons aanvaarbaar is in die Geliefde, en dat sy seëninge absoluut is.

Ons let noukeurig op hoedat Christus toegelaat is om sy Vader se seëninge te ontvang:

> **Joh 5:19** Jesus het toe geantwoord en vir hulle gesê: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, die Seun kan niks uit Homself doen tensy Hy die Vader dit sien doen nie. Want alles wat Hy doen, dit doen die Seun ook net so.

---

[1] "God is die Vader van Christus; Christus is die Seun van God." *Testimonies Volume 8*, p.268.

**Joh 5:30** Ek kan uit Myself niks doen nie. Soos Ek hoor, oordeel Ek; en my oordeel is regverdig, omdat Ek nie my wil soek nie, maar die wil van die Vader wat My gestuur het.

**Joh 8:29** En Hy wat My gestuur het, is met My; die Vader het My nie alleen gelaat nie, omdat Ek altyd doen wat Hom welgevallig is.

**Ps 40:9** Ek het lus, o my God, om u welbehae te doen, en u wet is binne-in my ingewande.

**Joh 15:10** As julle my gebooie bewaar, sal julle in my liefde bly, net soos Ek die gebooie van my Vader bewaar en in sy liefde bly.

In die lewe van Christus sien ons die wyse waarop die seëninge “afgetrek” word: deur die woorde van die “Uit Wie” te gehoorsaam. As ons die woorde onderhou van dié wat oor ons aangestel is, seën dit die een wat aangestel is om ons te seën en die beskerm.

**Gen 12:3** En Ek sal seën diegene wat jou seën, en hom vervloek wat jou vervloek; en in jou sal al die geslagte van die aarde geseën word.

Soos wat die Seun van God aan die Vader gehoorsaam is, sien ons dat Sara ook aan Abraham gehoorsaam is.

**1 Pet 3:6** soos Sara gehoorsaam was aan Abraham en hom heer genoem het; wie se kinders julle geword het as julle goed doen en geen enkele verskrikking vrees nie.

Ons sien hierdie weer gereflekteer in die ouer en kind.

**Ef 6:1** Kinders, julle moet jul ouers gehoorsaam wees in die Here, want dit is reg.

> **Kol 3:20** Kinders, julle moet jul ouers in alles gehoorsaam wees, want dit is die Here welbehaaglik.

Ons sien hierdie beginsel in alle aspekte van die driedubbele tou:

> **Rom 13:1-2** Laat elke mens hom onderwerp aan die magte wat oor hom gestel is, want daar is geen mag behalwe van God nie, en die wat daar is, is deur God ingestel, (2) sodat hy wat hom teen die mag versit, die instelling van God weerstaan; en die wat dit weerstaan, sal hulle oordeel ontvang.

> **1 Pet 2:13-14** Wees dan onderdanig aan elke menslike verordening ter wille van die Here—of dit die koning is as opperheer, (14) of die goewerneurs as sy gesante, om wel kwaaddoeners te straf, maar die wat goed doen, te prys.

> **1 Tess 5:12-13** Maar ons vra julle, broeders, erken die wat onder julle arbei en julle voorgangers in die Here is en julle vermaan; (13) en bewys hulle in liefde die hoogste agting ter wille van hulle werk. Hou vrede onder mekaar.

As ons die lewe van Christus waarneem binne die goddelike patroon, sien ons dat die lewe en seën uitvloei vanuit onderdanigheid, respek, eer; en deur die Woorde van die Outoriteit oor Hom te onderhou.

Weer herhaal ons dat die krag van die seën direk afhang van die krag van die eer en respek wat die "Deur Wie" koester vir die "Uit Wie." Hoe meer ons die woorde van die "Uit Wie" respekteer, hoe meer seën hulle ons. Hoe meer ons die "Uit Wie" se woorde verag, hoe meer sal hulle woorde ons oordeel en teregwys. Die vloek val hewig op ons omdat, as ons die outoriteit oor ons verwerp, veroorsaak dit dat ons onsself emosioneel teregwys, en voel ons die afstand tussen ons en die outoriteitsfiguur. Dit pynig ons om woorde van teregwysing en afkeuring te hoor eerder as woorde van aanvaarding en goedkeuring. Woorde van aanvaarding bring seën; woorde van afkeuring bring vervloeking.

‘n Goeie voorbeeld hiervan word gevind in die storie van Kain. Kain was aan God ongehoorsaam deur die verkeerde offer te bring vir aanbidding tot God. God het Kain direk op sy fout gewys en hom aangemoedig om die regte ding te doen. Hierdie poging om Kain te korrigeer het net Kain se woede laat opvlam totdat Kain sy broer vermoor omdat hy hom aangemoedig het om die regte ding te doen. Die vervloeking het hewig op Kain neergekom. Hoekom? Het God hom laat swaarkry? Nee, dit was Kain se eie sin van van geregtigheid wat gemaak het dat hy bewus was daarvan dat hy buite Hemelse goedkeuring beweeg het. Let noukeurig op na Kain se reaksie aan God as hy sê:

> **Gen 4:13** Daarop sê Kain vir die HERE: My skuld is te groot om dit te dra.

Die King James Bybelvertaling se kantlyninskrywing dui aan, “My sonde is te groot om te vergewe.” Dit beteken dat Kain so sleg gevoel het dat hy nie meer geglo het dat God hom hoegenaamd kon aanvaar nie. Dit is die hart van die vervloeking. As ons aan God en God se gedelegeerde outoriteite ongehoorsaam is, bou ons ‘n sterker en sterker gewaarwording op dat ons nie aanvaarbaar is in die Hemel nie. Daar is geen wegkomkans van hierdie beginsel nie.

Daar is baie wat hulself van hulle vasgestelde outoriteite probeer onthef deur dieselfde vraag te stel as wat die skrifgeleerde gestel het: “Wie is my naaste?” Vandag is daar baie wat reageer met die vraag: “Wie is die outoriteite oor my?” Baie beweer dat slegs die Bybel oor hulle ‘n outoriteit is, maar die outoriteit van die Bybel ontken hierdie bewering. God het ‘n driedubbele tou van outoriteit in ons lewens geplaas om ons te seën. Die Skrifte is duidelik hieromtrent. Die Bybel alleen is die saad of die “Uit Wie” bron van outoriteit, maar God het ‘n driedubbele “Deur Wie” tou van sorg en beskermende outoriteit daar gestel vir ons seën en ons beskerming. As ons hulle verwerp, verwerp ons God se outoriteit en dan sal ons ‘n vervloeking ontvang.

‘n Voortvloeiende vraag wat ontstaan omtrent die kanaal: “Wat doen ek as iemand in my lyn van outoriteit van my verwag om iets te doen wat lynreg teen die Woord ingaan? Wat staan my te doen as ‘n outoriteitsfiguur God verwerp en immoreel leef? Is ek steeds onderhewig aan die outoriteit?” Dit is die vraag wat ons volgende sal beantwoord, want ons almal word op een of ander stadium gekonfronteer met hierdie vraag. Dit is belangrik om te weet hoe om volgens bybelse beginsels te reageer.

# Deel 2
# Die Goddelike patroon as Leiers Misluk

## 5. Reaksie op afvalligheid

"*An ounce of prevention is worth a pound of cure*." Die Afrikaanse speuk sê, "Voorkoming is beter as genesing." Dit is sekerlik die geval as ons ons lewe binne die beskerming van die driedubbele tou van God se seën plaas. In ons laaste hoofstuk het ons gesien hoe dié wat onder outoriteit staan, geseën word as hulle die outoriteit respekteer en gehoorsaam. Dit laat die vraag ontstaan wat ons te doen staan as 'n persoon in outoriteit oor ons van ons verwag om iets te doen wat nie geopenbaar is in die Woord van God nie, of as hulle self in goddelose aktiwiteite betrokke raak.

### Gebede vir leiers

Die eerste ding wat ons moet doen is om hierdie situasies te vermy, is om in 'n onderdanige gees te bid vir dié wat in outoriteit oor ons is. As ons die outoriteitsfigure in ons lewens geïdentifiseer het, moet ons vir hulle bid dat God hulle sal seën en aan hulle wysheid, geduld en onderskeiding sal gee om hulle rol te vervul. Dit is die raad wat die Bybel gee:

> **1 Tim 2:1-2** In die eerste plek vermaan ek dan dat smekinge, gebede, voorbedes, danksegginge gedoen moet word vir alle mense; (2) vir konings en almal wat hooggeplaas is, sodat ons 'n rustige en stil lewe kan lei in alle godsvrug en waardigheid.

Bid ons gereeld vir ons ouers, dat God hulle sal seën, ook in gesondheid en in alles wat hulle doen? Bid ons dat ons ouers ons sal seën met hulle woorde en

hulle goeie dade? Deur ons gebede kan ons seën vir onsself en ons kinders afbid, en dit is die wil van ons hemelse Vader.

Bid ons gereeld vir ons kerkleiers, ons leraars en ouderlinge in ons plaaslike kerk? Bid ons dat die hemelse Vader aan hulle die vrede, vreugde en liefde van Christus sal gee? Wat van ons plaaslike gemeenskapsleiers en die landsregeerders? Bid ons vir hulle? Hou ons hulle en hulle families in gebed voor die Here en vra dat Hy hulle sal beskerm? Hierdie dinge is die plig van elke christen. Maar word hierdie pligte nagekom op groot skaal? Nie wat ek van weet nie… Hoekom is dit die geval? Dit is weereens nog 'n voorbeeld van Satan se nagemaakte goddelike patroon wat die outoriteitstrukture afplat. Wanneer ons nie duidelik sien dat ons binne 'n driedubbele tou van outoriteitstruktuur is nie, voel ons nie ons behoefte aan om gebede te bring vir dié wat oor ons aangestel is nie. As ons glo dat hulle op een of ander manier oor ons aangestel is, sien ons hulle steeds nie as 'n kanaal van seën nie.

As leiers moeg word as gevolg van Satan se aanvalle, het ons manne soos Äaron en Hur nodig om die leiers se hande omhoog te hou en hulle te ondersteun en hulle te bemoedig. Stuur ons kaartjies van waardering aan ons leiers as die geleentheid dit voordoen? Bedank ons hulle vir die goeie dinge wat hulle doen? Leiers het aanmoediging nodig en hulle benodig ons gebede. Almal wat die goddelike patroon wil volg, sal dié wat oor hulle aangestel is in gedagte hou en probeer om hulle te seën deur ons vriendelikheid en minsame gees teenoor hulle.

Hierdie proses is belangrik, want as 'n leier misluk moet ons onsself afvra: "Het ek gereeld gebid vir hierdie leier?" "Het ek hierdie leier aangemoedig?" As ons nie eerlik kan antwoord nie, moet ons ook om vergifnis smeek vir ons eie tekortkoming deur nie te doen wat ons veronderstel is om te doen nie. Dit is Satan se fyn-beplande doel om dié wat onder outoriteit staan se gebede te staak vir dié in outoriteit oor hulle. Hy kan dan daardie leier

versoek om te sondig en dan die mense teen die leier opsweep deur skindernuus, beskuldigings en minagting.

As ons gereeld gebid het vir 'n leier en as ons liefde vir hulle ontwikkel het in ons harte deur hierdie proses, sal ons beskerm word van 'n gees van rebellie en onvergenoegsaamheid as ons die val van 'n leier aanskou. Dié wat vinnig is om die sonde van 'n leier uit te wys, wys dat hulle nie gebid het vir die leier nie en hom nie deur hulle goedgesindheid bygestaan het nie.

## As leiers misluk

Kom ons kom nou by die geval waar 'n leier misluk. Laat ons onsself herinner aan sommige van die situasies waarop die goddelike patroon toegepas kan word:

| **Bron – Uit Wie** | **Kanaal – Deur Wie** | **Verwysings** |
|---|---|---|
| Vader | Seun | 1 Kor 8:6 ; 1 Kor 11:3 , Hebr 1:1-3 |
| Man | Vrou | Gen 3:16 ; 1 Kor 11:3 ; Ef.5:25; 1 Pet 3:1 |
| Vader | Moeder | Eks 20:12 ; Ef. 6:1 ; Kol 3:20 |
| Moeder | Kind | 1 Tim 2:15 |
| Christus | Man | 1 Kor 11:3 |
| Christus | Kerk | Ef 5:25 |
| Profeet | Priester | Eks 4:16 ; Lev 8:36 |
| Ouderling/Leraar | Skape | 1 Pet 5:2 ; 1 Thes 5:12, 13 |
| Koning/Regeerder | Volgelinge/inwoners | Rom 13:1-3 ; 1 Pet 2:13, 14 |
| Bybel | Gees van Profesie | RH 20 Jan 1903 "Lesser Light" |
| Bybel | Leraar/herder/ ouderling | 2 Tim 4:2; 1 Pet 5:2 |

Soos ons reeds gemerk het, sal die "Deur Wie" persoon 'n seën ontvang van die "Uit Wie" persoon as hulle die "Deur Wie" persoon, wat oor hulle

aangestel is, respekteer en gehoorsaam. Dan het ons die situasie waar ‘n outoriteitsfiguur probeer om ons deur geweld te dwing om iets te doen wat teen die Bybel staan. In hierdie geval moet ons met respek verskil en verduidelik dat ons nie in staat is om dit te doen nie. Hier is ‘n paar Bybelse voorbeelde:

> **Dan 3:14, 16-18** En Nebukadnésar het gespreek en vir hulle gesê: Is dit met opset, Sadrag, Mesag en Abednégo, dat julle my gode nie dien nie en die goue beeld wat ek opgerig het, nie aanbid nie? (16) Sadrag, Mesag en Abednégo het geantwoord en aan koning Nebukadnésar gesê: Ons ag dit nie nodig om u hierop ‘n antwoord te gee nie. (17) As onse God wat ons dien, in staat is om ons te verlos, dan sal Hy ons uit die brandende vuuroond en uit u hand, o koning, verlos; (18) maar so nie, laat dit u dan bekend wees, o koning, dat ons u gode nie sal dien nie en die goue beeld wat u opgerig het, nie sal aanbid nie.

> **Gen 39:7-8** Ná hierdie dinge het die vrou van sy heer haar oë na Josef opgeslaan en gesê: Kom hou gemeenskap met my. (8) Maar hy het geweier en aan die vrou van sy heer gesê: Kyk, deur my is dit dat my heer geen kennis neem van wat in die huis is nie; en alles wat syne is, het hy aan my oorgegee.

> **Hand 4:18-19** En hulle het hul geroep en hulle bevel gegee om in die geheel nie in die Naam van Jesus te spreek of te leer nie. (19) Toe antwoord Petrus en Johannes en sê vir hulle: Of dit reg is voor God om julle meer gehoorsaam te wees as God, moet julle self beslis;

In die bogenoemde gevalle is die mense van God gevra om iets wat lynreg teen die Skrifte staan, te doen; en wat hulle toe nie gedoen het nie. Hulle was gewillig om die gevolge te dra van ongehoorsaamheid teen die outoriteite. Hierdie selfde toets sal die mense van God in die gesig staar wanneer die Sondagwetgewing internasionaal in werking gestel word.

Nogtans is meeste konfrontasies met leierskap nie ‘n direkte opdrag om teen ons gewete op te tree nie, maar dit is eerder die leier se onvermoë om hul rol getrou te vervul. Hier is ‘n paar Bybelse voorbeelde hiervan:

| **“Uit Wie”** | **“Deur Wie”** | **Voorbeeld** |
|---|---|---|
| Potifar | Josef | Getrou gedien |
| Eli | Hanna | Gebed in die tempel |
| Saul | Dawid | Het nie God se gesalfde aangeraak nie |
| Elia | Agab | Hardloop voor wa uit |
| Daniël | Nebukadneser | Toets op kos/gee betekenis van droom |

Josef het sy heidense meester getrou gedien en het sy bes gedoen om die man se huis te seën. In die geval van Hanna, het Eli haar aangekla dat sy dronk was, en sy het maar doodeenvoudig geantwoord, “Nee my heer,” en het haar situasie verduidelik. Sy het nie die priester daarvan beskuldig dat hy laks was met die opvoeding van sy seuns en dat sy seuns moeilikheid by die offerandes veroorsaak het nie. Selfs nadat Dawid gesalf was deur Samuel om Saul te vervang, het hy nie sy hand gelig om Saul te verwyder nie. Hy sou nie die gesalfde van die Here aanraak nie. Nieteenstaande die feit dat Elia ‘n profeet was en in sommige opsigte bo koning Agab gestaan het, het hy steeds eerbied bewys aan die koning deur voor hom uit te hardloop in die gietende reën. In die geval van Daniël, het hy oordeelkundigheid getoon rondom die onrein kos, deurdat hy homself laat toets het. In die uitleg van die droom in Dan.4 sien ons Daniël se ware kommer omtrent die koning:

> **Dan 4:19** Toe het Daniël, wie se naam Béltsasar was, ‘n oomblik verstom gestaan en sy gedagtes het hom verskrik. Die koning het daarop gespreek en gesê: Béltsasar, laat die droom en die uitlegging jou nie verskrik nie. Béltsasar het geantwoord en gesê: My heer, mag die droom u haters en sy uitlegging u teëstanders oorkom.

Die koning het geweet dat Daniël vir hom omgee, en daarom het hy hom vertrou. Ten spyte daarvan dat die koning sy tuiste verwoes het en hom as slaaf weggevoer het, het Daniël steeds die koning getrou gedien met 'n onderdanige gees, en was geseën as gevolg hiervan. Die sleutelgedagte in al hierdie situasies kan uitgedruk word in hierdie raad aan een van die voorbeelde van die goddelike patroon:

> **1 Pet. 3:1-4** Net so moet julle, vroue, aan jul eie mans onderdanig wees, sodat, as sommige aan die woord ongehoorsaam is, hulle ook deur die wandel van die vroue sonder woorde gewin kan word (2) as hulle jul reine, godvresende wandel aanskou het. (3) Julle versiering moet nie uiterlik wees nie: haarvlegtery en omhang van goud en aantrek van klere nie, (4) maar die verborge mens van die hart in die onverganklike versiering van 'n sagmoedige en stille gees, wat baie kosbaar is voor God.

In die geval waar 'n vrou 'n ongelowige man het, moet sy hom getrou dien, en hom in alle omstandighede getrou probeer seën en eer en respekteer. Deur hierdie proses sal die hart van die man hopelik versag word; hy sal beïndruk word deur die eer van sy vrou, en sal sy hart aan die Here gee. Petrus gee ook op ander gebiede raad:

> **1 Pet 2:13-16** Wees dan onderdanig aan elke menslike verordening ter wille van die Here—of dit die koning is as opperheer, (14) of die goewerneurs as sy gesante, om wel kwaaddoeners te straf, maar die wat goed doen, te prys. (15) Want so is dit die wil van God dat julle deur goed te doen die onkunde van die dwase mense tot swye sal bring, (16) as vrymense en nie asof julle die vryheid het as 'n dekmantel vir die boosheid nie, maar as diensknegte van God.

Die Bybel vra ons om 'n onderdanige gees te behou, om respek te hê vir dié wat in leierskap staan, en deur hierdie proses kan ons die onwyse mense die swye oplê.

Die proses van onderdanigheid aan leierskap is ‘n vriendelike herinnering dat hulle die leierskap beklee en daarom moet seën. Die persoon in onderdanigheid sal ook bid vir die leierskap en God vra om seëning deur hulle te ontvang. Ons God in die hemel, wat die koning se hart in sy hande hou, kan dit omdraai en oortuiging gee om ‘n seën te bring. Die gees van onderdanigheid, in essensie, bid ‘n seën af , terwyl ‘n gees van teregwysing aan die leier aandui “ek is gelyk met jou,” of eintlik, “ek is jou meerdere want my oordeel oor die situasie as beter as joune.”

> **1 Tim 5:1** ‘n Bejaarde man moet jy nie hard bestraf nie, maar vermaan hom soos ‘n vader, jongeres soos broers.

> **Eks 22:28** Jy mag God nie vloek nie, en ‘n owerste onder jou volk mag jy nie verwens nie.

Dit is ‘n oortreding van die goddelike patroon vir die een wat onder outoriteit staan, om die outoriteit oor hom tereg te wys, te beledig of te vervloek. Iemand wat gelyk staan met daardie outoriteit, of wat bokant hom staan, kan hom direk teregwys. As ons ’n leraar of ‘n ouderling sien wat iets leer wat ons glo nie Bybels is nie, moet ons hom benader met ‘n gees van onderdanigheid en hom sagkens vra om weer te oorweeg wat die Bybel leer. Dit is nie ons roeping om hom verkeerd te bewys of om sy fout te ontbloot voor die gemeente nie. Satan se plan is dat ons onsself ophef tot die vlak van die outoriteit oor ons, en om met hom te praat soos ons eweknie. Dit vernietig die kanaal van seën en stel die mense bloot aan Satan se taktieke.

As mense direk die outotriteit bo hom uitdaag, bewys hulle nie respek vir die outoriteit nie. Minagting vir outoriteit bring ‘n vervloeking oor die een wat die teregwysing doen.

> **Gen 12:3** En Ek sal seën diegene wat jou seën, en hom vervloek wat jou vervloek; en in jou sal al die geslagte van die aarde geseën word.

Ons moet baie versigtig wees hoe ons praat oor dié wat in outoriteit oor ons staan. Deur sleg te praat van hulle, bring ons vervloeking oor onsself en ons gesinne. Judas sê:

> **Judas 1:8** Tog besoedel ook hierdie mense net so in hulle dromerye die vlees en verag die heerskappy en laster die heerlike wesens.

Wanneer ons "die heerskappy verag en die heerlike wesens laster" breek ons die goddelike patroon en bring ons 'n vervloeking oor onsself en dié binne ons beskerming. As dié wat onder ons outoriteit is sien hoe ons dié hanteer onder wie se outoriteit ons staan, sal hulle beïnvloed word deur dieselfde gees en ons ook so behandel. As hierdie gees eers in 'n gemeenskap posvat, sal dit een of ander stadium oopbars en verdere verdeeldheid veroorsaak, gedryf deur persoonlikheidsverskille. Dit is die vloek op dié wat heerskappy en outoriteit verag.

Hierdie beginsels is tans van lewensbelang om te oorweeg in ons huidige kerksituasie. Baie van ons is diep oortuig dat die kerkleierskap weggedraai het van die God van die Bybel. Hoe ons reageer teenoor hierdie hartseer situasie, moet deeglik oorweeg word. Volg ons die goddelike patroon as ons hierdie situasies hanteer? Op hierdie punt word die vraag gevra: "Wat/Wie is die kerk?" Dit sal dan die volgende onderwerp van bespreking wees.

## 6. Identifiseer die kerk

Ons moet onsself korrek plaas binne ons gemeenskap en dus die mense en institusies aan wie ons moet respek bewys, identifiseer. Ons moet ook dié wat onder ons beskerming is, identifiseer, en hulle seën. Ons westerse lewenswyse het baie aspekte van ons outoriteitstruktuur afgeplat, sodat die kanaal van seën dof geword het. Ten spyte hiervan kan baie van ons ten minste twee toue in die driedubbele tou duidelik identifiseer.

Die meeste van ons kan ons ouers of toesighouers identifiseer, asook die siviele outoriteite in ons lewens, soos die regering, polisie en magistrate. Wat onduidelik is vir baie mense, is die kerkstrukture van outoriteit in hulle lewens. Om die driedubbele tou heel te hou, moet ons die kerk-outoriteite identifiseer, sodat ons kan weet wie ons kan benader, op wie ons 'n beroep kan doen, en vir wie ons moet bid.

Ons ontvang individuele seën deur ons gemeenskap met die Woord van die Here, en deur die goddelike patroon te volg binne ons gesinne en in ons gemeenskappe, maar ons moet ook 'n seën ontvang deur die kerk van God. Die seën wat ons ontvang deur die kerk, is die seën wat aan Abraham gegee is.

> **Gen 12:2-3** En Ek sal jou 'n groot nasie maak en jou seën en jou naam so groot maak, dat jy 'n seën sal wees. (3) En Ek sal seën diegene wat jou seën, en hom vervloek wat jou vervloek; en in jou sal al die geslagte van die aarde geseën word.

Die kinders van Israel was die ontvangers van die beloftes van God, wat die verbond ingesluit het. Die belangrikste deel van hierdie verbond sluit in:

> **Heb 8:9-11** nie volgens die verbond wat Ek met hulle vaders gemaak het op die dag toe Ek hulle aan die hand geneem het om hulle uit Egipteland uit te lei nie; want hulle het nie gebly by my verbond nie, en Ek het hulle veronagsaam, spreek die Here. (10) Want dit is die verbond wat Ek ná dié dae sal sluit met die huis van Israel, spreek die Here: Ek sal my wette in hulle verstand gee en dit op hulle hart skrywe; en Ek sal vir hulle 'n God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees. (11) En hulle sal nie meer elkeen sy naaste en elkeen sy broer leer en sê: Ken die Here nie; want almal sal My ken, klein en groot onder hulle.

Let op dat hierdie verbond gesluit is met die huis van Israel. Dit is belangrik om te onthou dat toe Israel as 'n nasie nie meer die kanaal van seën van God aan die wêreld was nie, is die verbintenis met die oorspronklike beloftes, wat aan Abraham toevertrou is, aan die kerk gegee. [1]

> **Gal 3:16, 29** Nou is aan Abraham die beloftes toegesê en aan sy saad. Hy sê nie: En aan die sade, asof dit op baie sien nie, maar op een: En aan jou saad, dit is Christus…. (29) En as julle aan Christus behoort, dan is julle die nageslag van Abraham en volgens die belofte erfgename.

---

[1] "Christus moet die fondasie van ons hoop wees, want slegs deur Hom kan ons erfgename van die ewige lewe word. 'n Onsterflike erfenis word aan ons gegee op grond van sekere voorwaardes. In hierdie wêreld kan ons nie 'n erfenis ontvang sonder 'n titel daartoe; en ons reg om te beërwe in die toekomstige wêreld, moet ook bewys word. **Die lyn waardeur die hemelse erfenis kom, word duidelik in die Woord openbaar. Ons moet onder die voorsiening van die verbond van Abraham staan**, en die voorwaardes is '…as julle aan Christus behoort, dan is julle die nageslag van Abraham en volgens die belofte erfgename.' " *Messenger*, 10 May 1893. Vir meer informasie oor hierdie onderwerp, sien die preek "You shall be a blessing." http://vimeo.com/15823129.

Ons weet dat die kerk van God onder die leierskap van die apostels baie spoedig deur die wêreld versprei het, maar dat ernstige vervolging ook gevolg het. Dit het die kerk verdryf na die woestyn-ervaring vir 1260 jaar.

> **Open 12:6** En die vrou het na die woestyn gevlug waar sy 'n plek het wat deur God gereed gemaak is, dat hulle haar daar sou onderhou duisend twee honderd en sestig dae lank.

Toe die 1260 jaar om was, het die oorblyfsel van God se mense vorendag gekom om die uur van God se oordeel aan te kondig. Hierdie groep word geïdentifiseer as die mense wat die gebooie van God hou en die geloof van Jesus hou.

> **Open 12:17** En die draak was vertoornd op die vrou, en hy het weggegaan om oorlog te voer teen haar ander nakomelinge wat die gebooie van God bewaar en die getuienis van Jesus Christus hou.

Dit is baie belangrik om te onthou dat hierdie kanaal van seën deur Abraham kom. Dit is daarom belangrik dat ons hierdie sleutelbeginsels van die aanbiddingstelsel ondersoek om die ware afstammelinge van Abraham te identifiseer. Die detail van hierdie beginsels word in hoofstuk 11 van die boek Life Matters behandel. Hier gee ek slegs 'n opsomming soos deur Abraham gereflekteer, en daarna deur Israel.

| Abraham | Israel |
|---|---|
| 1.Familiestruktuur (Gen 18:19) | 1. Die vyfde gebod het die familiestruktuur herstel. Vryheid van slawerny het familie-tyd beskikbaar gemaak. Erfenis bepaal deur familie se genealogie. |
| 2.Nomadiese plattelandse bewoners (Heb 11:8-10) | 2. Israel keer terug na die plattelandse leefstyl deur die woestyn-ervaring - hulle woon in tente. |

| Abraham | Israel |
|---|---|
| 3.Identifiseer hulself deur ouerlike seën (Gen 12:2) | 3. God belowe om Israel te seën as hulle getrou bly. |
| 4.Onderhou die sabbat en die 10 gebooie. (Gen.26:5) | 4. God gee die 10 gebooie op die berg Sinai, en leer hulle omtrent die sabbat deur die manna. |
| 5.Glo in dood en opstanding (Hebr 11:17-19) | 5.Die vierde gebod wys op God as die enigste bron van lewe en die enigste wat ons in die lewe behou. Sonder Hom is daar geen lewe nie. |
| 6.Verlosser as nederige geneser van lewens – openbaar as die Geslagde Lam (Joh.11:25) | 6. ‘n Volledige heiligdom en aanbiddingstruktuur word gegee om die werk van die komende Christus te openbaar, asook sy werk om ons te leer omtrent Sy gebooie. |
| 7.Fokus van aanbidding op die onsienlike (Hebr 11:1, 9-19) | 7. Die tweede gebod bring die fokus op die onsienlike. |

Die vrou wat uit die wildernis kom in Open.12, verstaan ons is die opkoms van die Sewendedag Adventiste kerk. Inspirasie vertel ons dat die Sewendedag Adventiste beweging die geskiedenis herhaal. Kom ons let baie mooi op die parallelle.

| Israel | Kerk |
|---|---|
| 1.Kom Egipte in geloof binne, maar verval in afvalligheid na ‘n tyd. Hulle het Egipte ingegaan met groot kennis, maar het dit verlaat met bittermin kennis, as ‘n klomp slawe. | Apostoliese kerk het getrou begin, maar het na ‘n tyd verval in afvalligheid. Hulle het die Middeleeue inbeweeg met die krag van die evangelie, maar het uitgekom met ‘n gesukkel teen die verslawende lering van die Roomse kerk. |

| Israel | Kerk |
|---|---|
| 2.Israel vermeng met afgodsdiens, wat bul- en kalf-aanbidding insluit. Eks.32:1-4 | Die kerk verval in afgodsdiens toe Konstantyn vermengde heidense en Christelike gelowe voorstel, ter wille van die stabiliteit van die Romeinse Ryk. Baie gou daarna is die 2de gebod verwyder, wat afgodsbeelde verbied het. |
| 3.Vir Israel om God weer te dien, moes hulle hulself afsonder van die Egiptenare om God se gebooie te kan onderhou. Eks.5:1-5; Ps.105:43-45. | God se ware navolgers moes hulself afskei van die afvallige kerk, sodat hulle God kan aanbid in waarheid, en om Sy gebooie te onderhou. Dit het gebeur tydens die prediking van die eerste en tweede engele se boodskappe, 1840-44. |
| 4.God gebruik Moses as Sy mondstuk vir lering omtent die aanbidding van God. Moses is oorlede voordat hulle in die beloofde land ingaan. Maar Moses het baie instruksies agtergelaat wat hulle bygestaan het om die beloofde land binne te gaan. | God gebruik Ellen White as sy mondstuk vir lering omtrent die aanbidding van God. Ellen White is oorlede voor Christus se tweede koms, maar het baie instruksies agtergelaat wat die kerk sal bystaan om die Hemelse Kanaän binne te gaan. |
| 5.Toe Israel Egipte verlaat het, het hulle die hoogtepunt van die Rooisee ervaring gehad, en kort daarna die bitter teleurstelling van Mara. Kort daarnaa het hulle die Tien Gebooie ontvang. | Toe die Adventiste kerk uit Babilon/Egipte beweeg het, het hulle die hoogtepunt ervaring gehad van die Middernag-roep, en kort daarna die Groot Teleurstelling van 1844. Kort daarna het hulle deur studie die volle lig ontvang omtrent die tien gebooie en die Sabbat. |
| 6.Die Sabbat is deur God gebruik as 'n toets van toewyding aan Hom. Eks. 16:4, 23-28. | Die Sabbat is 'n toets van toewyding aan God, soos uitgewys deur die eerste engel se boodskap. Open.14:6, 7. |

| Israel | Kerk |
|---|---|
| 7.Israel was goed georganiseer in groepe van 1000de, 100de, 50s en tiene. Eks. 18:14-24 | Die Adventiste Kerk is goed georganiseer met ‘n Algemene Konferensie, Unies, Konferensies en die plaaslike kerk. Spesiale instruksies is gegee omtrent hierdie onderwerp. |
| 8.Spesiale instruksies is gegee omtrent gesonde lewensgewoontes. Lev.11. | In 1863 het Ellen White ‘n aantal visioene ontvang omtrent hierdie onderwerp. |
| 9.Aanbidding was gebasseer op die heiligdom. Eks.25-40. | Aanbidding is gebasseer op die Hemelse heiligdom. Open.11:19; 15:5. |
| 10.Israel het gekom tot op die rand van Kanaän, en het die boodskap ontvang dat God Kanaän aan hulle gee, maar hulle het die boodskap verwerp en het in die woestyn rondgeswerf vir 40 jaar. God het ‘n nuwe geslag in Kanaän ingebring. | Die Adventistekerk het ‘n spesiale boodskap ontvang in 1888 wat hulle in staat kon stel om die Hemelse Kanaän kort daarna in te gaan, maar die boodskap is meerendeels verwerp, en sedertdien swerf ons rond in die woestyn. God sal ‘n nuwe geslag in die Hemelse Kanaän inbring. |

Die Adventiste Kerk het in die posisie verkeer om die seën van Abraham te ontvang, omdat dit ontwikkel het kort na die 1260 jaar, en omdat dit die sleutelkonsepte van die seënstelsel aanvaar het, omtrent die aanbidding van die ware God, sy gebooie en sy heiligdom.

Let op wat Inspirasie sê omtrent die verhouding tussen die Adventiste Kerk en die God van die hemel:

> “**Adventiste wat die gebooie gehoorsaam, neem ‘n rare en uitverkore posisie in**. Johannes het hulle in visioen gesien het hulle beskryf. “Hier is hulle wat die gebooie van God en die geloof in Jesus bewaar.” **Die Here het ‘n spesiale verbond met antieke Israel gesluit** as hulle getrou sou bly. “As julle dan nou terdeë na my stem luister en my verbond hou, sal julle my eiendom uit al die volke wees, want die hele aarde is myne. En

júlle sal vir My 'n koninkryk van priesters en 'n heilige nasie wees." **So spreek Hy ook die mense aan wat Sy gebooie onderhou in die laaste dae**: "Maar julle is 'n uitverkore geslag, 'n koninklike priesterdom, 'n heilige volk, 'n volk as eiendom verkry, om te verkondig die deugde van Hom wat julle uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig." *Review and Harold*, 7 Sep 1886.

**God het sy kerk geroep in hierdie dae, soos wat Hy antieke Israel geroep het, om as 'n lig te skyn op die aarde**. Deur die magtige ontbloting van waarheid, naamlik die boodskappe van die eerste, tweede en derde engele se boodskappe, het Hy hulle geskei van die wêreld en van die ander kerke, om hulle te bring in 'n heilige nabyheid aan Homself. Hy het hulle die bewaarplek van sy wet gemaak en het aan hulle die groot profesieë van hulle tyd toevertrou. Soos die heilige godsprake wat aan antieke Israel toevertrou is, is hierdie 'n heilige, toevertroude pand wat aan die wêreld verkondig moet word." *Testimonies, Volume 5*, p.455.

**Eks 31:12-17** Verder het die HERE met Moses gespreek en gesê: (13) Spreek jy met die kinders van Israel en sê: Julle moet sekerlik my sabbatte onderhou, want dit is 'n teken tussen My en julle in julle geslagte, sodat die mense kan weet dat Ek die HERE is wat julle heilig. (14) Onderhou dan die sabbat, want dit moet vir julle heilig wees. Hy wat dit ontheilig, moet sekerlik gedood word; want elkeen wat daarop werk verrig, dié siel moet uitgeroei word onder sy volksgenote uit. (15) Ses dae lank kan werk verrig word, maar op die sewende dag moet dit wees 'n dag van volkome rus, heilig aan die HERE. Elkeen wat op die sabbatdag werk doen, moet sekerlik gedood word. (16) En die kinders van Israel moet die sabbat onderhou deur die sabbat te vier in hulle geslagte as 'n ewige verbond. (17) Tussen My en die kinders van Israel is dit vir ewig 'n teken; want in ses dae het die HERE die hemel en die aarde gemaak, maar op die sewende dag

> het Hy gerus en Hom verkwik. Eks. 31:12-17. **Wys hierdie woorde ons nie uit as die benoemde mense van God nie? En dui dit nie aan dat solank as wat tyd bestaan, moet ons die heilige, kerklike onderskeid wat God op ons geplaas het, moet koester nie?** Die kinders van Israel moes die sabbat onderhou in al hulle geslagte, "as 'n ewige verbond." Die sabbat het geen van sy betekenis verloor nie. Dit is steeds die teken tussen God en sy mense, en sal so wees vir ewig. *Testimonies*, *Volume 9*, p.17.

Hierdie geïnspireerde stellings maak dit glashelder dat God die seën van Abraham geplaas het op die Sewendedag Adventiste beweging. Maar hierdie seën wat uitgestort is op die Sewendedag Adventiste kerk het haar die spesiale teiken van Satan se gramskap gemaak. Soos die verse in Open 12:17 aandui:

> **Open 12:17 En die draak was vertoornd op die vrou, en hy het weggegaan om oorlog te voer teen haar ander nakomelinge** wat die gebooie van God bewaar en die getuienis van Jesus Christus hou.

Hierdie spesiale aanvalle het gelei daartoe dat Adventisme die geskiedenis herhaal het:

> Satan se strikke is vir ons gestel, net so sekerlik as wat dit gestel was vir die kinders van Israel net voor hulle intog in die land Kanaän. **Ons herhaal die geskiedenis van daardie mense**." *Testimonies*, *Volume 5*, p.160.

As ons die geskiedenis van Israel, reg voordat hulle in Kanaän ingebweeg het, noukourig volg, vind ons dat hulle in afvalligheid verval het en deelgeneem het aan valse aanbidding van die nasies om hulle. Sou jy noukeurig let op die inhoud van hoofstuk 41, Patriarge en Profete, sal jy hopelik die parallelle vind tussen wat met Israel gebeur het, en wat met ons vandag gebeur. Die feit dat 'n verval voorgekom het binne die Adventiste beweging, bevestig eintlik haar

spesiale verhouding met God, eerder as om die teendeel te bewys. Soos wat die teleurstelling van ons pioniers die parallel met die dissipels se teleurstelling tydens Jesus se kruisdood, uitgelig het, so wys die huidige verval op die rand van die Hemelse Kanaän die parallel uit met antieke Israel, wat oorspronklik die verbondsvolk van God was.

Die profetes dui omtrent Israel aan:[2]

> Hulle het op verbode grond gewaag, en is in die strikke van Satan gevang. Hulle is deur die musiek en dansery bekoor, en die skoonheid van die heidense maagde het hulle betower, sodat hulle getrouheid aan Jehova verwerp het. Namate hulle aan die vrolikheid en feesviering deelgeneem het [aanvaarding deur Protestantse kerke], het die wyn [valse leerstellings van die drie-eenheid, die natuur van Christus, versoening, ens.] hulle sinne benewel totdat hulle alle selfbeheersing verloor het. Die hartstogte het gebotvier; en nadat hulle hulle gewete deur ontugtigheid verkrag het, is hulle gereed om voor afgode neer te buig [die drie-eenheid]. Hulle het op die heidense altare geoffer en aan die gruwelikste rites deelgeneem [die opkomende kerk]. Eerlank het die vergifting soos 'n dodelike besmetting deur die kamp van Israel versprei. Manne wat hulle vyande sou verslaan het, is deur die liste van heidense vrouens oorwin. Dit was asof die volk verdwaas was. **Die owerstes en vooraanstaandes was onder die eerste oortreders,** en soveel van die volk het hulle skuldig gemaak, dat dit 'n algemene afval geword het. "So het Israel hom dan aan Baäl-Peor gekoppel." *Patriarge en Profete* p. 477; *Patriarchs and Prophets*, p. 454.
>
> … het Simri, een van die owerstes van Israel, openlik die kamp binnegestap, vergesel van 'n Midianitiese hoer, die dogter van 'n "stamhoof van 'n familie in Midian" en haar na sy tent gelei. Nooit het ondeug hom onbeskaamder of halsstarriger

[2] Opmerkings in vierkantige hakies is ingevoeg.

> voorgedoen. Verhit deur wyn [valse leerstellings] het Simri sy sonde “soos Sodom” bekend gemaak en hom in sy skande verheug. *Patriarge en Profete* p.477.; *Patriarchs and Prophets*, p.455.

Hoe is Israel bewus gemaak van haar sonde?

> Die oordeel wat onmiddellik gevolg het, het die volk se oë oopgemaak vir die snoodheid van hulle sonde. ‘n Verskriklike plaag het in die kamp uitgebreek, en tienduidende van die vergadering is aangetas. **God het gelas dat die voorbokke in hierdie geval deur die rigters om die lewe gebring moes word**. Die bevel is dadelik uitgevoer. Die oortreders is gedood en hulle lyke is opgehang waar die ganse Israel dit kon sien, sodat die vergadering, wanneer hulle sou sien hoe straf God teenoor leiers opgetree het, kon besef watter groot afkeer God in hulle sondes het en hoe groot sy toorn teenoor hulle was. *Patriarge en Profete*, p. 477; *Patriarchs and Prophets*, p. 455.

Is daar enige rede om te glo dat die geskiedenis homself nie vandag ook getrou herhaal nie? Is daar nie aan ons gesê dat ons die geskiedenis van Israel herhaal nie? God laat Hom nie bespot nie en hardnekkige verval sal God se oordeel in die gesig staar. Hierdie oordeel sal nie voltrek word deur die kerk soos in die tye van Israel nie, maar God sal sorg dat hierdie verval hanteer word.

Die wat in opstand kom teen ons kerkleiers, verstaan nie hulle posisie binne die kanaal van seën nie, en vetrou ook nie dat God Hom nie laat bespot nie. Vreeslik is dit om te val in die hande van die lewende God.

Ek doen ‘n beroep op my kerkfamilie om te ween en te pleit vir ons leiers, want huidiglik is hulle verseker gedoem tot verwoesting. Die werk van soeke na vergifnis en smeking voor die Here is nie die werk van die wêreldse hart nie. Daar is geen liefde in die vlees vir ons arme leiers nie, van wie baie huidiglik die dood verdien.

Laat ons onsself plaas binne die posisie van ‘n vrou met ‘n onbekeerde man, en op hierdie manier ons leiers probeer wen met ons gedrag. Dié van ons wat in woede opstaan en die boodskap van God se geliefde Seun in verband bring met aggressie, wat die kerk Babilon noem, doen die werk van Satan, deurdat hulle die leiers verhard in hulle verval. “ ‘n Sagte antwoord keer die grimmigheid af, maar ‘n krenkende woord laat die toorn opkom” en “goue appels op versierde silwerborde, so is ‘n woord op sy tyd gespreek.” Spr.15:1; 25:11.

## 7. Rus in die kanaal

Ek onthou duidelik my woedende gebed aan die Here omtrent dinge wat somminge kerkleiers daardie tyd aangevang het. Sommige het wêreldse musiek toegelaat binne die kerk, het stilswye gehandhaaf omtrent algemene twisvrae en het twyfelagtige sprekers toegelaat om die mense toe te spreek.

Ek kan nie die presiese indrukke onthou wat by my opgekom het nie, maar die hoofsaak daarvan was dat ek die leierskap meer mag gegee het as wat bybels gegee word aan leiers, en dat dit die dryfveer was van my frustrasie. Ek is herinner daaraan dat alle leierskap deur God daar gestel is, en dat Hy nie blind is vir die foute van leiers nie. Ek het ingesien dat meeste van my woede voortgespruit het uit 'n tekort aan geloof dat God in beheer was van die situasie.

'n Ander keer het ek vyandige gevoelens gekoester teenoor my pa as gevolg van iets wat hy gedoen het wat ek as onregverdig beskou het. Ek het sy seën nodig gehad omtrent iets, en het opgeëindig met 'n vervloeking. Ook hier, toe ek my frustrasies teenoor die Here uitgestort het, was ek diep onder die indruk gebring: "Jou vader is nie God nie, en jy verwag meer van hom as wat hy kan gee. Dit is die bron van jou teleurstelling."

Dit was 'n harde les vir my, maar 'n lewensbelangrike les vir ons, dat ons die teleurstellings van foute in leiers moet hanteer op so 'n manier dat ons teleurstellings nie oorspoel na rebellie nie.

Die Skrif verwys na 'n paar gevalle waar die "Deur Wie" persoon probeer het om die "Uit Wie" persoon te manipuleer om te kry wat hulle wil hê. Een geval is waar Rebekka aan Jakob instruksies gegee het om sy vader te bedrieg sodat hy die geboortereg kon verkry. Isak het die profetiese Woord, wat aangedui

het dat die ouer een die jonger een sal dien, geïgnoreer en het stappe geneem om die geboortereg op Esau te plaas. Rebekka het haar ongeloof in God geopenbaar, deur te vergeet dat Hy die Een was wat aangedui het dat Esau vir Jakob sal dien. Sy het stappe geneem, deur misleiding, om seker te maak dat die seën op Jakob geplaas word, en het 'n verskriklike vervloeking oor haarself gebring; sy het Jakob nooit weer gesien nadat hy gevlug het na die huis van sy oom nie.

Ons sien ook dat Ragel vyandig geword het teenoor Jakob toe sy nie kinders gebaar het nie.

> **Gen 30:1** En toe Ragel sien dat sy vir Jakob geen kinders baar nie, het Ragel jaloers geword op haar suster en aan Jakob gesê: Gee vir my kinders of anders sterf ek.

Ragel het in die strik getrap om meer mag aan Jakob toe te skryf as wat hy gehad het, wat veroorsaak het dat sy aggressief teenoor hom geword het. Ragel se aggressie het 'n vinnige reaksie van vervloeking van Jakob meegebring, toe hy haar herinner het dat hy nie God is nie:

> **Gen 30:2** Toe het Jakob kwaad geword vir Ragel en gevra: Is ek dan in die plek van God wat die vrug van die skoot aan jou onthou het?

Daar is 'n hele paar voorbeelde in die Skrif waar mense, in ondergeskikte posisies 'n tekort aan geloof gehad het, en dinge in eie hande probeer neem het, en op daardie manier 'n vloek oor hulself gebring het.

Een voorbeeld wat ek graag wil bespreek is die voorbeeld van Agitófel.

Agitófel was een van koning Dawid se raadgewers, en die oupa van Bátseba. Vergelyk 2 Sam 11:3 en 2 Sam 23:34. Agitófel het baie rede gehad om frusteerd te wees met Dawid wat saam met sy kleindogter geslaap het en op hierdie manier sonde oor Israel gebring het. Hy het ook rede gehad om met

Absalom te simpatiseer oor Dawid se gebrek aan dissipline-toepassing op Amnon, die halfbroer van Absalom, wat hul suster verkrag het. Sien 2Sam.13.

Dit het vir Agitófel gelyk of Dawid sou wegkom met sy sondebelaaide praktyke en daarom het Agitófel die rebellie van Absalom ondersteun om Dawid se troon omver te werp. Die Skrif openbaar dat die Here die raad van Agitófel omver gewerp het en dat Dawid se manne die geveg gewen het. Agitófel het sy noodlot besef, en voordat hy gevind is, het hy homself gehang. Sien 2 Sam 17:1-23.

Agitófel se planne was fyn beplan, en hy het amper daarin geslaag, maar omdat Dawid die gesalfde van die Here was, is sy planne rampspoedig beëindig. Die voorbeeld van Agitófel is ‘n waarskuwing aan elkeen wat korrupte leierskap wil omverwerp sonder duidelike leiding van die Here.

In kontras met Agitófel het Dawid gewag op die Here om Saul te hanteer. Dawid het baie meer rede gehad om die leierskap van Saul af te neem as wat Absalom gehad het met Dawid. Nogtans het Dawid nie sy hand gelig teen die gesalfde van die Here nie. Selfs toe hy deur Samuel tot koning gesalf is, het hy gewag op God om oordeel te bring op Saul. Ons sien die diepte van Dawid se respek vir outoriteit toe hy oor Saul gerou het na Saul se dood, en hierdie woorde neergepen het:

> **2 Sam 1:23** Saul en Jónatan, die bemindes en lieflikes, is in hulle lewe en in hulle dood nie geskeie nie. Vinniger as arende was hulle, sterker as leeus.

Die man wat sy geloof in God plaas, kan dit bekostig om genadig te wees teenoor die wat hom haat. Saul het Dawid gehaat en het lank probeer om hom om die lewe te bring. Hier is Dawid se reaksie: My gebed is dat hierdie voorbeeld in ons harte gegraveer sal word as ons die huidige verval in die kerk bespeur.

Die sleutel om te kan rus in die kanaal van seën is ‘n deurleefde kennis van God en sy Seun. Dié wat die Skrif bestudeer met onderskeiding weet dat ons

Vader die bron is van alle lewe en dat niks by Hom verbygaan nie. Hulle weet dat geen mens enige mag het behalwe as dit deur God aan hom gegee is nie. Dit was Christus se geheim toe hy van aangesig tot aangesig met Pilatus gekom het.

> **Joh 19:10,11** En Pilatus sê vir Hom: Praat U nie met my nie? Weet U nie dat ek mag het om U te kruisig en mag het om U los te laat nie? (11) Jesus antwoord: U sou geen mag teen My hê as dit u nie van bo gegee was nie. Daarom het hy wat My aan u oorlewer, groter sonde.

Jesus het voor Pilatus en die mag van Rome gestaan. Hy is geslaan, gegésel, en het die dood in die gesig gestaar. Wat Pilatus gedoen het, was swak, lafhartig en korrup. Jesus het op enige stadium die mag gehad om sy korrupsie bloot te lê en Homself vry te stel. Hy kon Pilatus ten minste omgepraat het om Hom te laat gaan. Voeg daarby die feit dat Jesus voor Pilatus gebring is deur ‘n korrupte kerk wat tot oorlopens toe vol afvalligheid was. Tog het Jesus kalm en berekend gebly met die wete:

> **Joh 19:11** “U sou geen mag teen My hê as dit u nie van bo gegee was nie. Daarom het hy wat My aan u oorlewer, groter sonde.”

Wat ‘n les is dit vir ons! Alle mag is van God en nie een mossie val op die aarde sonder die wete van die Vader nie. Ons kan rus vind in die kanaal van seën met die wete:

> **Spr 21:1** Die koning se hart is in die hand van die HERE soos waterstrome: Hy lei dit waarheen Hy wil.

Laat ons Christus aanskou, die onderdanige Seun van God, wat vertrou op sy Vader in alle situasies, en wat nooit stappe geneem het om Homself te verdedig of om sy eie lewe te red nie. Hier is die tweede geheim van dié wat verkies om te rus in die kanaal: Hulle sien in dat die Seun niks deur Homself doen nie. Hy doen slegs wat die Vader van Hom verwag, en niks meer nie.

Laat ons ook oorweeg wat in die kern van die Groot Stryd lê: om onderdanig te wees aan ‘n outoriteit wat God in ons lewens geplaas het. Lucifer het geweier om onderdanig te wees aan die outoriteit van Christus, wat aangestel is deur die Vader as die Sovereine Heerser in die Hemel. Die gees van weerstand teen outoriteit en die begeerte om bloot te stel, oneer aan te doen, en om vernedering te bring oor dié in outoriteit, is dieselfde gees as dié van Satan. Sulke mense ken Christus nie, en ook nie die krag van God nie.

Die laaste ding wat ek moet noem, wat my gehelp het om in die kanaal van seën te rus, is om die slang se leuen van inherente mag van leierskap te onderskei. Een van die dinge wat veroorsaak dat ons te veel mag toeskryf aan leierskap, is ons geloof dat leiers die mag het om te doen wat hulle wil. Die ander sy hiervan is dat ons ons verbeel dat leiers die mag het om ons te gee wat ons wil hê. Dit was hierdie tipe denkwyse wat Israel gebring het daartoe om ‘n koning te begeer oor hulle.

> **1 Sam 8:19,20** Maar die volk het geweier om na Samuel te luister en gesê: Nee, maar daar moet ‘n koning oor ons wees, (20) dat ons ook kan wees soos al die nasies—dat ons koning ons kan rig en voor ons uit trek en ons oorloë voer.

Hierdie denkwyse oor leierskap vorm nie deel van die kanaal van seën nie, maar is eerder die gees van die Anti-Chris. Dit is die vervanging van God met ‘n afgod. Let op wat die Here sê:

> **1 Sam 8:7** Toe sê die HERE vir Samuel: Luister na die volk in alles wat hulle aan jou sê, want nie jou het hulle verwerp nie, maar My het hulle verwerp om nie koning oor hulle te wees nie.

In hierdie geval het die begeerte tot ‘n leier veroorsaak dat die potensiële “Deur Wie” kanaal omgedraai is na ‘n hoogste “Uit Wie” outoriteit. Dit is presies wat die Kerk van Rome gedoen het met die pous. Die leier beheer met absolute outoriteit in sy eie reg. Die bevestiging van ‘n man in sulke outoriteit is die natuurlike gevolg van afgodsdiens. Die daarstel van ‘n leier

volg uit die hart van die vleeslike mens, en die begeerte van die vleeslike hart is om te regeer en onafhanklik te wees van alle outoriteit. Die mees subtiele vorm van hierdie afgodsdiens is die geloof van 'n Drie-eenheid, wat Jesus erken as 'n onafhanklike mede-regeerder met die Vader, waar Jesus eie inherente kwaliteite besit. Die aanbidding van die Adventiste Drie-eenheid erken Jesus as Een wat nie onder absolute outoriteit staan nie. Die totale verwerping van die erfenis wat Jesus as Seun ontvang het, is net so 'n verwerping van die Vader as die verwerping van die Vader deur Israel in Samuel se dae. Sulke aanbidding kan maklik lei tot die gees van tirannie soos deur Saul gemanifesteer.

Die rus in die kanaal is nie slegs die aanvaarding van al die "Deur Wie" agente deur God geplaas in ons lewens nie, maar ook 'n verwerping van enige poging om enige persoon te verhef tot die posisie van 'n absolute regeerder of "Uit Wie" status.

## 8. Die Mantel van Konfrontasie

Hoe meer ons onsself in ooreenstemming bring met die goddelike patroon, en hoe meer ons leer om die outoriteite, deur God geplaas in ons lewens, te eer, hoe meer sal ons gemotiveerd wees om die leierskap die regte dinge te sien doen en praat, gebore vanuit die erkenning dat die persoon deur God bestem is om ‘n deel van die seën vir ons aan te gee.

As ons agterkom dat ‘n leier stappe neem om verkeerde leringe of praktyke te ondersteun, sal ons harte ons dring om hulle reputasie as leier te beskerm. Ons gebed sal wees dat God hulle sal seën en wysheid skenk sodat hulle nie hul leierskapposisies sal skade aandoen met wanpraktyke nie.

Die gees van woede teenoor leiers wat by mense opkom weens wanpraktyke is amper nooit gemotiveerd deur liefde vir daardie leier nie. Dit mag dalk net ‘n uitroep van pyn deur hulle wat vervloek is, wees, as gevolg van die leier se verkeerde optrede; of dit mag meer kompleks wees as gevolg van een wat nastreef om sy eie posisie te verhoog na gelyke vlak of hoër as dié van die leier. ’n Gees wat vinnige reaksie toon op die foute van leierskap is ’n gees wat die goddelike patroon afkeur. In die meeste gevalle, as ons die foute van leierskap ophaal, verminder ons die vlakke van respek aan die leier, in die gedagtes van ons gehoor. Ons verlaag die gesag van die woorde van die leier en daarom verminder ons hulle vermoë om te seën.

As ‘n vrou kla teenoor ander omtrent die tekortkominge van haar man, verminder sy sy vermoë om haar te seën. As sy kla omtrent haar man teenoor haar kinders, dan verminder sy sy vermoë om hulle te seën met sy woorde. Sy moedig haar kinders aan om hul vader te verag en uiteindelik sal haar ondeurdagte woorde omtrent haar man se werklike of denkbeeldige foute

haar eie outoriteit by haar kinders ondermyn. Op dieselfde manier sal 'n man, wat negatief praat oor die leraars, of die regeringsbeamptes, of die polisie, sy kinders aanmoedig om dieselfde te doen: hy ontrafel dele van die driedubbele tou van beskerming.[1] Indien ons outoriteit veronagsaam, is ons in groot gevaar om ons kinders te vernietig.[2]

Let noukeurig op:

> "Kinders, julle moet julle ouers gehoorsaam wees in die Here, want dit is reg." Kinders wat hulle ouers oneer aandoen of ongehoorsaam en nie hulle raad en instruksies navolg nie, kan geen deel hê aan die nuwe aarde nie. *Adventist Home*, bl. 295.

Laat ons die bybelse aanduidings nagaan vir dié wat hulle ouers vervloek:

> **Eks 21:17** En hy wat sy vader of moeder vloek, moet sekerlik gedood word.

In die antieke tye van Israel was dit strafbaar met die dood as jy jou ouers vervloek. Wat probeer die Here ons leer met hierdie dinge? Kyk weereens na

---

[1] "...dit is nie deur God bepaal dat die man beheer neem van sy huis indien hy nie aan Christus onderdanig is nie. Hy moet onder die heerskappy van Christus kom sodat hy 'n voorbeeld kan wees omtrent die verhouding van Christus met die kerk." *Adventist Home*, p. 117.

[2] Respek vir outoriteit sluit in dié wat oor ons is en dié wat onder ons val, soos aangedui in die volgende geval. "Die vader en moeder moet in die christelike huis gerespekteer word. Die vader is die priester en die samebinder (house band) van die tuiste. Die moeder is die onderwyseres van die kleintjies vanaf hulle babadae en koningin van haar huishouding. Sy moet nooit geminag word nie. Nooit moet onverskillige en ongeërgde woorde teenoor haar gespreek word voor die kinders nie. Sy is hulle onderwyseres. In woord en daad en gedagtes moet die vader die godsdiens van Christus openbaar, sodat sy kinders duidelik kan sien dat hy 'n grondige kennis het van wat dit beteken om 'n christen te wees." *Review and Harold*, 22 Jun.1905.

wat Dawid doen met die man wat homself voorgedoen het as die een wat Saul doodgemaak het:

> **2 Sam 1:14-15** En Dawid sê vir hom: Hoe? Jy was nie bevrees om jou hand uit te steek om die gesalfde van die HERE om te bring nie? (15) Daarop roep Dawid een van die jongmanne en sê: Kom nader, val op hom aan! En dié het hom neergeslaan, dat hy gesterf het.

Begin ons darem om die erns van die situasie te besef? Begin ons om die lewe-en-dood vraagstukke te onderskei wat verband hou met die korrekte benadering tot outoriteit? Dit is met hierdie dinge in gedagte dat Paulus instruksies gee:

> **1 Tim 5:1** 'n Bejaarde man moet jy nie hard bestraf nie, maar vermaan hom soos 'n vader, jongeres soos broers.

As ons agterkom dat 'n leier nie optree volgens God se Woord nie, moet ons baie versigtig optree. Indien ons 'n negatiewe verslag van slegs een persoon kry, kan ons dit nie aanvaar nie.

> **Deut 19:15** Een getuie mag nie teen iemand optree insake enige misdaad of enige sonde, by enige misstap wat hy begaan nie; op die verklaring van twee getuies of op die verklaring van drie getuies sal 'n saak van krag wees.

As ons 'n berig omtrent 'n leier, wat nie geldig verklaar kan word nie, aangee, dan is ons skuldig daaraan dat ons die hand lig teen die gesalfde van die Here. Ons bring dan 'n verskriklike vloek oor onsself.

Indien ons 'n leraar, leier, of ouer 'n verkeerde woord hoor praat of sien doen, sal ons begeerte om hulle te beskerm maak dat ons vir hulle bid en seker maak dat ons korrek waargeneem het. Dan sal ons, omdat ons die leier liefhet, privaat met hom gaan praat en die situasie met hom uitmaak en seker maak dat ons die situasie korrek verstaan. Ons behoort nie met ander

daaroor te praat om seker te maak dat ons die situasie korrek verstaan nie. As ons met ander daaroor praat, fragmenteer ons die mantel van die Here se gesalfde en bring ons ’n vervloeking oor onsself.

Indien die leier die berig ontken, of aandui dat dit ’n misverstand is, moet ons die situasie aan die Here oorlaat. Indien die situasie weer opduik, kan ons hulle weer benader en ’n beroep doen op hulle. Indien dit gaan oor ’n lering uit die Bybel, behoort ons te vra dat hulle ons onderrig, eerder as om ’n verduideliking van hulle te eis. Ons moet hulle benader met die veronderstelling dat ons iets gemis het of dat ons iets misverstaan of dat ons dalk verkeerd kan wees. As ons aanvaar dat ons korrek is, dan is ons nie oop vir hulle inspraak nie en sal ons ‘n vervloeking oor onsself bring.

Indien ‘n twispunt voortduur en die leier reageer nie na baie gebed en smeking nie, dan moet ons die ouderlinge besoek en die twispunt aan hulle deurgee. Sodra ons die bewyse aan die kerkraad of ouderlinge deurgegee het, is die verantwoordelikheid verskuif na hulle skouers. Ons het alles gedoen om die reputasie van die leier te beskerm. Gedurende hierdie proses mag ons agterkom dat ons mislei is en dat ons verkeerde inligting ontvang het, of dat ons misverstaan wat die Bybel sê. Deur hierdie proses kan ons verseker dat ons nooit die kleinste bietjie wantroue in enigiemand se gedagtes plaas omtrent die leier nie.

Dit is met hierdie dinge in gedagte dat ons ’’n waardering ontwikkel vir die korrekte benadering tot ’n leier in ons gemeenskap. Ons moet verstaan dat slegs dié onder ons eie outoriteit gekonfronteer kan word en opdrag gegee word om hulle gedrag te verander. As ‘n SDA leraar verkeerd optree, is dit binne die raamwerk van die konferensie se president om hom te konfronteer en om, indien nodig, te korrigeer oor verkeerde gedrag. Indien ‘n Konferensie President skuldig is aan verkeerde gedrag, het die Unie-president of Divisie-leier die outoriteit om hom te konfronteer en te korrigeer. Natuurlik, indien ’n kerkleier betrokke raak by enige misdaad, het die polisie

en regering die reg om hom te aan te kla en te straf. Dit is hoe die driedubbele tou moet funksioneer.

Indien al hierdie beskermmaatreëls misluk, sodat die hele struktuur betrokke raak by afvalligheid en verkeerde gedrag, sal die mantel van konfrontasie direk geplaas word op die skouers van een deur God verkies. Kom ons ondersoek Bybelse voorbeelde.

| **Gebeurtenis** | **Mantel van outoriteit** | **Konfrontasie** |
|---|---|---|
| Slawerny van kinders van Israel | Moses word die mantel van konfrontasie gegee om Farao te konfronteer, deur die besoek van God aan die brandende braambos en die wonderwerke van die melaatse hand en die slang. Eks.4 | Farao word deur Moses en Aaron gekonfronteer en ontvang die oordele van die 10 plae as gevolg van sy weiering.<br>Eks 5-11 |
| Afvalligheid in die tyd van die rigters. Hulle het die Here verlaat en die Baäls gedien.<br>Rigters 2:9,10,11 | Die engel van die Here verskyn aan Gideon en gee hom opdrag om sy vader se afgode te vernietig. Dit is bevestig deur die brandofferkos wat deur vuur verbrand is. Daarna het hy bevestiging ontvang deur die nat en droë vlies. Rigters 6. | Gideon het sy vader se altare afgebreek en later 300 man bymekaar gemaak om die mag van die Midianiete te verbreek. |

| Gebeurtenis | Mantel van outoriteit | Konfrontasie |
|---|---|---|
| Eli het nie sy seuns bedwing toe hulle die brandoffers besmet het en met wanpraktyke betrokke geraak het nie. 1 Sam.2:25-27 | ’n Man van God het verskyn en die verwoesting van Eli se huishouding geprofeteer. Die mantel van outoriteit het gekom deur die spesifieke details van die profesie. (Indien iemand iets geprofeteer het en dit nie uitgekom het nie, moes hy gedood word. Dus het jy altyd seker gemaak jy is geroep. Deut.13:1-5) | God het Eli aangespreek deur die onbekende man van God, sowel as deur die boodskap van Samuel. Die gebeurtenisse daarna het duidelik gewys dat God betrokke was. Eli en sy huis is verwoes, presies soos voorspel is. 1 Sam.4 |
| Saul se afvalligheid | Samuel het steeds opgetree as ’n profeet. Die Here gee hom opdrag om Dawid se salf. 1 Sam.15, 16 | Samuel konfronteer Saul en profeteer sy afsterwe. Samuel salf Dawid in die plek van Saul. 1 Sam 15, 16 |
| Dawid se sonde met Bátseba. 2 Sam 11. | Natan was die profeet in Israel. 2 Sam 7:2. Sy gedetaileerde kennis van Dawid se oortreding en oordele bevestig sy profetiese stem. | Natan konfronteer Dawid oor sy sonde en kondig die oordele aan oor die huis van Dawid. 2 Sam.12. |
| Agab se afvalligheid met Isébel. | Elia bewys sy profetiese outoriteit deur sy aankondiging dat dit vir drie jaar nie sal reën sonder die woord van Elia nie. 1 Kon.17:1 | Elia konfronteer Israel op die berg Karmel en wys wie die ware God van Israel is. 1 Kon 18. |

| Gebeurtenis | Mantel van outoriteit | Konfrontasie |
|---|---|---|
| Israel se verval net voor die koms van Christus. Misbruik van die offerstelsel. Omkoopgeld, korrupsie en gebruik van siviele mag vir godsdienstige redes. | Johannes word erken as profeet deur die ondervinding van Sagaria wanneer Gabriël aan hom verskyn, Luk.1; sowel as die profesie van Jes.40, die stem van een wat roep in die woestyn. | Johannes konfronteer die leiers van Israel en bring ’n oproep tot bekering. Luk.3. Hy het ook die siviele regering van Herodus aangespreek. Matt.14 |
| Israel se verval gedurende die tyd van Christus. | Christus is erken as profeet deur 100de profesieë waaraan Hy voldoen en ook deur sy voorganger Johannes die Doper. | Christus het die priesters by baie geleenthede gekonfronteer en het oordeel op hulle uitgespreek. Sien bv. Matt. 23. |
| Priesters se onderdrukking van die Apostels omtrent verkondiging van die evangelie. | Christus het die mantel van outoriteit op hulle skouers geplaas. Mark.3:14. Hy gee hulle ook opdrag om die evangelie te verkondig en dissipels te maak. Matt.28:19, 20. Hulle ontvang die krag van die vroeë reën en het baie wonderwerke gedoen. Hand.2. | Die Apostels het die priesters gekonfronteer deur hulle aan te kla oor die dood van Jesus Christus. Hulle het geweier om op te hou om die evangelie te verkondig. |

Hier is verskeie aspekte wat ons kan sien vanuit bostaande voorbeelde. Ek wil graag die aspek van die storie van Gideon bespreek. Let op wat Ellen White sê oor hom:

> Gideon se vader, Joas, wat ook afvallig geword het, het by Ofra, waar hy gewoon het, ’n groot altaar vir Baäl opgerig en daar het die dorpsbewoners aanbid. Nou is Gideon gelas om daardie

> altaar te vernietig en op die klip waarop sy offer verteer was ’n altaar vir Jehova op te rig en daar aan die Here ’n offer te bring. **Dit was uitsluitlik aan die priester opgedra om te offer en dit is tot die altaar te Silo beperk; maar Hy wat die offerstelsel ingestel het en na wie die offers vooruitgewys het, het die gesag gehad om hierdie eise te verander**. Die verlossing van Israel moet voorafgegaan word deur ’n plegtige beswaar teen die aanbidding van Baäl. Gideon moes teen die afgodery oorlog verklaar voordat hy uitgaan om teen die vyand van sy volk te veg. *Patriarge en Profete*, p.578; *Patriarchs and Prophets*, p. 547.

Die besoek van die engel van die Here het Gideon toegelaat om buite Silo te offer aan die Here. Tweedens let ons op dat, voordat Gideon kon gaan oorlog voer teen sy vyande, moes daar ‘n protes-aksie wees teen afgodery binne die gemeenskap van Israel. Voordat ons die vyande aanval, behoort ons ’n protes-aksie te sien teen afgodery binne die Adventiste kerk. Gideon se protes is bemagtig deur die Engel van die Here. Die volgende ding wat ons oplet:

> Gideon wou dit nie waag om oor die lëer bevel te neem tensy hy ’n verdere bewys kon hê dat God hom geroep het om daardie werk te verrig en dat Hy met hom sou wees. *Patriarge en Profete*, p. 578; *Patriarchs and Prophets*, p. 548.

Gideon het getrou sy protes geloods en sy vader se altaar afgebreek, in opdrag van die engel. Weereens stel ek dit dat Gideon bemagtig is deur die engel om die afgodery te konfronteer, in direkte opdrag van die Engel van die Here. Nogtans het hy nie outomaties die leierskap aanvaar nie. Hy het die Here gevra om bewys te lewer daarvan.

Die punt wat ons hier probeer stel uit hierdie voorbeelde is dat, elke keer as daar alle moontlikhede uitgeskakel is, het God ’n persoon of persone aangestel om die bestaande seën-struktuur te konfronteer, omdat dit misluk het. Dit is ’n gevaarlike ding om Skrif aan te haal waar manne geroep was om

die stelsel wat in afvalligheid verkeer, te konfronteer en te ignoreer dat God hulle duidelik geroep en outoriteit gegee het deur:

1. Duidelike bewys dat die gesproke woord profeties is.
2. ’n Reeks wonderwerke of voorsienige gebeure.
3. Besoeke van engele met instruksies.
4. Afvaardiging van ’n ander bestaande profeet, lewend, of in die Skrif opgeteken.

Ons God doen alles ordentlik en met orde. Voordat iemand kan optree met eerbiedwekkende outoriteit, moet daar bewys gelewer kan word dat die persoon wat optree die nodige outoriteit het om iemand te konfronteer – iets wat andersins nie toelaatbaar sou wees nie. Hierdie dinge moet ook deur meer as een getuie bevestig word.

Hierdie is ’n uiters belangrike les vir ons vandag wat wydverspreide afvalligeheid moet hanteer. Om op te staan sonder outoriteit is om die goddelike patroon te verbreek en op hierdie manier ’n vervloeking oor onsself te bring.

Vir dié vir wie God genadiglik geskenk het om die waarheid omtrent die Seun van God te ontdek, is die vergunning gegee om:

1. Toe te tree tot ’n werk van bekering van die sondes van anti-tipiese Israel.
2. Ons is die voorreg gegun deur die reg van die Skrif om ons geloof in die enigste Seun van God te bely binne die ruimte van ons outoriteit.
3. Ons moet die reputasie van ons leiers beskerm deur vir hulle te bid dat God hulle sal bystaan.
4. Ons moet wag op ’n duidelike mandaat van God vanuit die Hemel voordat ons oproepe aan leiers kan verander na konfrontasie.

Die eerste tree van enige reformasie is altyd bekering. Dit is beslis nie genoeg om eenvoudig die waarheid omtrent die Vader en die Seun te aanvaar en dan

ander daaromtrent te vertel nie. Ons moet die sonde van die Drie-eenheid bely en die Here smeek om vergifnis.

> Daar is tans ’n behoefte aan die soort herlewing van ware hartsgodsdiens wat deur die oudtydse Israel ondervind is. Berou is die eerste stap vir elkeen wat hom tot God wil bekeer. Niemand kan hierdie werk vir ’n ander verrig nie. Ons moet ons siele persoonlik voor God verneder en ons afgode afskaf. Wanneer ons alles in ons vermoë gedoen het, sal die Here sy verlossing aan ons openbaar. *Patriarge en Profete*, p. 626; *Patriarchs and Prophets*, p. 590.

As ons die werk van bekering doen, sal die Here ons wys wat die volgende tree is. Dié wat voor die toegewysde tye uithardloop, verteenwoordig nie die God van Israel of sy goddelike patroon nie. Enige man of vrou wat enigsins waag om hul stem te verhef teen die Here se gesalfde en hulle outoriteit in die oë van die mense in te kort, sonder ’n duidelike bewys van hulle roeping, moet gevra word om dit te staak en om vergifnis te smeek. As hulle dit nie doen nie, moet hulle verwerp en geïgnoreer word.

So hoe sal ons weet dat God sulke outoriteit toegestaan het? In die tyd wat ons nou lewe, kan niemand bewys dat hy bemagtig is deur ’n bestaande of vorige profeet nie. As iemand beweer dat hy besoek is deur ’n engel, sal ander bewyse ook daarmee saam voorgelê moet word, want enigiemand kan beweer dat hy deur ’n engel besoek is. So ’n persoon kan bevestig word deur ’n reeks gebeure. Dit is ook moontlik dat ’n reeks wonderwerke of voorsienige gebeure plaasvind, maar sulke dinge moet gekombineer word met ’n boodskap van waarheid wat ooreenstem met die platform van waarheid wat aan die pioniers gegee is. Die gees agter die wonderwerke en voorsienige gebeure moet altyd getoets word en die beste manier om die geeste te toets, is deur die boodskap wat hulle bring.

> **1 Joh 4:1** Geliefdes, glo nie elke gees nie, maar stel die geeste op die proef of hulle uit God is, want baie valse profete het in die wêreld uitgegaan.
>
> **Jes 8:20** Tot die wet en tot die getuienis! As hulle nie spreek volgens hierdie woord nie, is hulle 'n volk wat geen dageraad het nie.
>
> **Deut 13:1-3** As 'n profeet of een wat as dromer optree, by jou opstaan en jou 'n teken of wonder aankondig, (2) en die teken of wonder kom uit wat hy jou beloof het met die woorde: Laat ons agter ander gode aan loop—wat jy nie geken het nie—en hulle dien, (3) dan moet jy nie luister na die woorde van dié profeet of na dié man wat as dromer optree nie; want die HERE julle God beproef julle om te weet of julle werklik die HERE julle God liefhet met julle hele hart en met julle hele siel.

Vanuit my eie persoonlike studie, glo ek, dat die outoriteit om ons huidige afvalligheid te konfronteer sal groei uit 'n geweldige uitroep van die liefde en vreugde wat gevind word in die eniggebore Seun, met 'n gees van berou namens ons kerk, ons leiers en onsself, as gevolg van ons deelname in hierdie afvalligheid. Soos ons nader beweeg aan die goddelike patroon en soos ons voorbidding doen vir ons leiers, dan sal 'n reeks voorsienige gebeure plaasvind wat aandui dat God dinge in eie hande geneem het.

Ek glo daar is goeie raad vir ons, wat verband hou met die vierde engel van Openbaring. Hierdie raad hou nie verband met die twispunte wat direk verwant is aan die Adventiste kerk nie, maar hou verband met die Drie Engele boodskap. Nogtans is daar vir ons beginsels uitgestip:

> In elke geslag het God Sy diensknegte uitgestuur om die sonde te bestraf, beide in die wêreld en in die kerk. Maar die mense wil strelende dinge hoor, en die reine, naakte waarheid is nie aanneemlik nie. Baie hervormers het, met die aanvang van hulle werk, besluit om groot omsigtigheid aan die dag te lê in hulle

> bestraffing van die sondes van die kerk en die volk. Hulle het gehoop om deur die voorbeeld van 'n reine Christelike lewe die volk terug te lei na die leerstellings van die Bybel. **Maar die Gees van God het op hulle gekom soos dit op Elia gekom het** toe dit hom beweeg het om die sondes van die bose koning en die afvallige volk te bestraf; hulle kon nie help om die duidelike waarhede van die Bybel te verkondig nie — naamlik die leerstellings wat hulle huiwerig was om voor te stel. Hulle is beweeg om die waarheid ywerig te verkondig en op die gevaar van siele te wys. **Die woorde wat die Here aan hulle gegee het,** het hulle gespreek, sonder vrees vir die gevolge, en die volk is gedwing om te luister na hulle waarskuwing. So ook sal die boodskap van die derde engel verkondig word. Wanneer die tyd aanbreek om dit met die grootste krag te verkondig, sal die Here deur eenvoudige werktuie werk, en diegene wat hulle harte aan Hom toegewy het, sal Hy in Sy diens lei. Die werkers sal vir hulle werk berei word deur die salwing van Sy Gees, liewer as deur opleiding by inrigtings. Manne van geloof en gebed sal gedwing word om met heilige ywer uit te gaan en die woorde te verkondig wat God aan hulle gee. *Groot Stryd* bl.685, *Great Controversy*, p. 606.

In hierdie geval sal manne wel die outoriteit van die Hemel ontvang soos wat hulle onder die oortuiging kom van die waarhede van die Woord van God. Hulle boodskap sal die getuigskrif van die Hemel dra. Die Gees sal op so 'n manier in hulle lewens werk dat die navolgers van die waarheid geoormerk is deur die voorsienigheid wat hulle begelei. Dit is nie 'n werk wat deur enige mens gedoen kan word nie, maar kom slegs voor as die Gees van God op hierdie mense kom wat reeds die voorbeelde van die Bybel waargeneem het.

Dit is nou die tyd van bekering, gebed, vas en smeking. Dit is nou die tyd om te wag op die Here en in te tree vir Israel. Die anti-tipe van die afvalligheid by die Jordaanrivier sal een van die dae met ons wees. Mag ons dan nie gekonfronteer word met die vraag van die Seun van Dawid:

**2 Sam 1:14** Hoe? Jy was nie bevrees om jou hand uit te steek om die gesalfde van die HERE om te bring nie?

# 9. Om ’n appél aan te teken

Dié van ons wat nog ons lidmaatskip van die Sewendedag Adventiste Kerk het, het die verantwoordelikheid aan ons leiers en families om ’n beroep te doen aan hulle omtrent wat ons gevind het in die Skrif en ’n appél aan te teken.

Uit wat ons gevind het in die vorige hoofstukke, is daar ’n paar redes:

1. Ons liefde vir dié in outoriteit oor ons.
2. Ons besorgheid oor hulle reputasie.
3. Ons behoefte aan hulle geseëninge en beskerming.
4. Ons behoefte om seker te maak dat ons nie in dwaling verval nie.

Ek stel hier die redes hoekom ons ’n appél moet aanteken, want daar is baie wat vatbaar is vir die praktyk om stil te bly en om dan stilweg die ander kerklidmate te besoek om hulle eers te probeer wen. As ’n persoon tot die oortuiging gekom het rakende die kennis van die Seun van God, word daardie persoon onmiddellike getoets of hy werklik hierdie waarheid glo, deur homself onder die gesag te stel van die goddelike patroon – om hulle leiers te benader in ’n gees van onderwerping en genade.

Indien jy nooit met jou kerkleiers praat oor hierdie dinge nadat jy ten volle oortuig is van die waarheid daarvan nie, bewys dit dat jy nie ’n liefde het vir die outoriteit oor jou nie. Om ’n appél aan te teken aan die leierskap is die bewys dat ons hierdie boodskap korrek verstaan en aanvaar vir die regte redes.

Daar is baie verkeerde redes waarom ons ’n geloof aanvaar wat in teenstelling staan met die geloof van die outotriteite oor ons. ‘n Gees van onafhanklikheid en eiewil kan aangetrokke wees tot teenstellende sienings.

Ek het al waargeneem dat mense aangetrokke is tot die waarheid omtrent die Seun van God sodat hulle hulself kan verhoog en ’n veldtog kan loods teen God se oorblyfselkerk.  Satan is verheug as mense die regte dinge aanvaar vir die verkeerde redes. Hy weet dat ‘n gees van onafhanklikheid, gekombineer met die waarheid omtrent die Seun van God, ’n groot teenvoeter is vir dié wat andersins hierdie lering sou bestudeer het.

Kom ons kom terug na die vraag om ’n appél aan te teken. Met my insig in die Skrifte, indien ons tot die kennis van hierdie waarheid gekom het en indien ons toelaat dat hierdie waarheid homself vestig binne ons, deur te word soos die goddelike patroon van die Vader en die Seun, sal ons verplig voel om dié in outoriteit oor ons te benader en ’n appél aanteken aan hulle. Stilte openbaar beide ’n liefdeloosheid teenoor ons outoriteite en ook lafhartigheid en onwilligheid om op te offer ter wille van die waarheid. Stilte veroorsaak ook dat ons deelneem aan die sonde van die kerk se afgodery. Byvoorbeeld, as die sabbatskoolles die Drie-eenheid voorstaan, moet ons met gebed die leraar en kerkraad benader en ’n beroep doen daarop dat hierdie dinge nie in die Skrifte is nie. Ons moet aan hulle ’n beroep doen om oorweging te skenk aan wat die Bybel hieromtrent leer.

Ek wil my haas om by te voeg: ’n vrou van ’n ongelowige man behoort eerder appél aan te teken aan haar man as aan haar leraar. Indien sy as vrou van ’n ongelowige man direk na die leraar gaan, bring sy haar man in die skande deur haar gedrag en maak sy dinge definitief moeilik vir haar man om dit te bestudeer.

Omtrent die appél wat aangeteken moet word, glo ek dat die Here ‘n hartstoets voor ons plaas. Is ons gewillig om die beskaming en vyandigheid van ons broers in die gesig te staar ter wille van die saak van ons Here Jesus? As ons nie nou gewillig is om spot en veragting te verduur nie, hoe sal ons bly staan as die Sondagwetgewing kom? Dié wat gewillig is om deur die deur van die appél te loop, sal versterk wees as die komende krisis omtrent die Sabbat op ons toeslaan.

Dit is op hierdie punt wat elke man moet bepaal of jy 'n anker het wat vas sal staan "selfs as die stormwinde oor ons gaan." Dit is deur die proses van appél dat ons agterkom of ons "stewig op die vaste rots gegrond is – ewig in sy liefde en vredesverbond."

Ek moet erken dat die proses van die appél my getoets het tot die uiterste toe, op beide emosionele en geestelike gebied. Ek het dinge omtrent myself agtergekom wat ek andersins nooit sou geweet het nie. As ek terugkyk na my eie appél, kan ek net sê: "Dank die Here vir Sy genade, dat hy baie dinge aan my bekend gemaak het waar veranderinge in my lewe nodig was." Dié wat die appél ontduik, mag dalk die volgende vlak van die toetse te moeilik vind en mag hulle geloof prysgee. O, my gebed is dat dit nie sal gebeur met enige van ons nie.

So weereens, as finale gevolgtrekking, stel ek dit duidelik dat die kennis wat ons besit omtrent die eniggebore Seun binne ons die goddelike patroon formeer, wat aan ons die proses van appél voorskryf, sodat ons ons leiers vra om die waarheid van Jesus as die Seun van die lewende God te ondersoek.

As jy die besluit geneem het om appél aan te teken by die leierskap, sal ek jou aanmoedig om te bid oor wie jy moet benader. Kies die outoriteitsfiguur aan wie jy die naaste is en by wie jy die beste geleentheid het om jou die tyd te gun sodat jy jou oortuigings kan stel. Dit mag dalk jou ouderling of mede-leraar wees. Dit mag jou leraar of jou konferensie-president wees. As jy bid, sal die Here vir jou wysheid gee omtrent die rigting wat jy moet inslaan.

Skryf uit wat jy gevind het in die Skrif omtrent die Seun van God. Jy mag dalk die stelling omtrent God insluit, soos gevind in die 1914 jaarboek. Sien Bylae A agterin die boek. Hierdie stelling is in daardie tyd vas geglo "met totale eenstemmigheid dwarsdeur die hele liggaam" van die Sewendedag Adventiste Kerk. Indien jy gedoop is voor 1990, mag jy ook jou doopgelofte bring, wat Jesus Christus duidelik stel as die Seun van God. Sien Bylae B om die verskil te sien tussen die doopgelofte voor en ná 1990. Indien jy getrou

wil bly aan jou doopgelofte, doen dan met omsigtigheid navraag hoe die kerk jou kan dissiplineer.

Stel die bewyse saam soos jy dit insien en wat jou die meeste gehelp het. Ek stel voor dat jy NIE iemand anders se materiaal net so voorlê aan jou outoriteit nie. Dit moet ’n persoonlike appél vanuit jou hart wees. As ‘n leier belangstelling toon om dit te studeer, kan jy oorweeg om jou ander materiaal beskikbaar te stel. Ek wil byvoeg dat die bron van enige materiaal wat jy gebruik, die goddelike patroon moet respekteer. As ’n leier materiaal vind of hoor van sprekers wat die Adventiste Kerk veroordeel, sal jou appél definitief nie aangehoor word nie.

Ek het vroeër die punt gestel omtrent motivering, want ‘n Bybelse appél gaan om trajektorie. Met trajektorie bedoel ek dat jy die leiers benader met die regte invalshoek, sodat jou appél maksimum impak het. Maak dit duidelik aan jouself dat jy jouself en jou navorsing onderwerp aan die persoon in outoriteit. As jy op enige wyse reflekteer dat jy gekom het om die waarheid te ontbloot en dat hulle hulself moet onderwerp aan wat jy gesê het, sal jy jou teiken mis. Die goddelike patroon dui aan dat jy moet smeek soos ‘n seun sy vader smeek. Ons moet met respek en uit liefde praat. Ons moet gou wees om te luister en stadig om te praat. Die doel van die appél is om hulp te vra, dat, vanuit die Skrif, aan ons getoon word waar ons die fout begaan het. Ons moet opreg wees in hierdie appél en nooit aanvaar dat ons reg is en dat geen bewyse ons sal oortuig nie. Ons moet enigiets neem wat aan ons gegee word en dit voor die Here neerlê, daaroor bid en terugkeer met ons reaksie.

As ‘n leier agterkom dat jy die onderwerp deeglik bestudeer het, sal jy vind dat hy die proses probeer stol. Dit beteken lang vertragings, gekanselleerde afsprake en ‘n hele lang lys redes wat vorendag sal kom. Ons moet onthou dat Satan nie gelukkig is oor enige appél wat sy merk laat nie. Hy sal hard probeer om die proses tot ‘n halt te bring en ons te frustreer.

Dit is gedurende hierdie proses wat ons beskuldig sal word dat ons hardkoppig, onafhanklik, of verdelend is. Dit is in hierdie omstandighede dat

ons moet onthou hoe Hanna gereageer het nadat sy deur Eli beskuldig is dat sy dronk is. Let op haar reaksie: "Nee, my heer." Ek is nie dronk nie, maar beswaard in my gemoed oor die Seun van God.

Gedurende hierdie tyd mag jy oplet dat ander kerkgangers hulle liefde aan jou onttrek. Jy mag vind dat hulle jou heeltemal vermy as gevolg van jou appél, maar dit is die pad wat dié moet loop wat die Seun van God liefhet.

Vra die Here om genadiglik geduld aan jou te skenk tydens jou appél. Indien jy geen Skriftuurlike bewyse kan vind om hulle voorstelle te volg nie, moet jy aan hulle stel dat hulle jou moet dissiplineer soos wat hulle goeddink. Op hierdie punt, indien 'n outoriteit dit nodig sou vind om jou stil te maak, het hy die verantwoordelikheid om jou te dissiplineer. Enige ouer weet dat die proses om 'n kind te dissiplineer meer spanning bring by die ouer as by die kind. Indien die leraar enige van die Gees van Christus openbaar, sal hulle terugdeins daarvan om jou lidmaatskap te verwyder, maar dit is die prys wat hulle moet betaal vir hulle oortuigings dat jy verkeerd is en stilgemaak moet word.

Gedurende hierdie proses moet ons die versoeking weerstaan om ander na ons kant toe te oortuig. Dit is 'n groot versoeking om polities op te tree en ander se ondersteuning te probeer verkry reg onder die neus van die leraar. Dit wys op 'n gebrek aan respek en trek ander mense in die stryd in op 'n stadium wat hulle nog nie kans gehad het om dit behoorlik te bestudeer nie.

Somminge mense hang die idee aan dat ons die gewone kerkgangers die waarheid moet gee. Ek kan jou verseker dat niks beter die waarheid so verkondig soos jou gewilliheid om van voorregte gestroop te word ter wille van jou geloof nie. Dit spreek boekdele ter wille van waarheid. Dit mag voorkom of die proses geen resultate oplewer nie, maar die Hemel let op na die getrouheid van dié wat stewig staan vir die waarheid en groot opposisie in die gesig staar, met moontlike veragting en bespotting.

As jy eers gedissiplineer is, is jy vry om jou oortuigings te deel met enigiemand in die gemeente wat navraag doen. As niemand by jou navraag doen nie, het jy niks om te sê nie. Gebruik enige publieke forum waar jy nie in konflik kom met die outoriteitsfigure van die forum nie.

Wat van dié wat reeds hul lidmaatskap verloor het? Soos jy die gebeure terugroep, het jy sonder respek opgetree? Is daar enige van jou optrede wat ‘n verskoning benodig vir verkeerde gedrag? Neem tyd om te skryf aan dié vir wie jy te na gekom het en vra om verskoning. Neem dan van harte deel aan die werk van gebed om die Here om vergifnis te smeek namens die kerk. Dit is my daaglikse gebed dat ons hemelse Vader sy mense sal vergewe en om ons leiers te help om ons mense te seën en om soveel moontlik te help om die lig te sien voor dit te laat is.

Hierdie pad is ‘n nou pad, maar dis die weg wat ons voorberei om gereed te wees vir die finale gebeure van die aarde se geskiedenis. Laat ons ook onthou dat, as ons die Seun van God aan ons leiers voorstel, is dit Hy wat op die proef gestel word. Elke keer as ons appél aanteken by die leiers van ons kerk, gee ons hulle ‘n kans om die Seun van God te verdedig, of om Hom te veroordeel deur jou uit te ban. Hoe meer die mense weerstaan word in hulle appél, hoe meer word die Seun van God verwerp deur die kerk. Hoe meer Hy verwerp word, hoe meer vasbeslote is die oordele van God in reaksie op mense wat uitroep om reg te laat geskied teenoor die Seun van God en om ware outoriteit te herstel in die kerk. Hoe meer Christus aanvaar word in hierdie appélle, hoe sekerder sal die skudding van die mense van God plaasvind. In elke geval sal die broodnodigde verandering kom.

Vriende, die huidige toetse is moeilik, maar kan ook as ‘n geskenk van die hemel dien om die ou self in ons uit te brand. Min mense waardeer dit om verag te word of om die lidmaatskap van hulle geloof te verloor, maar dié wat die beker nou drink, sal versterk word om ’n dieper teug te neem gedurende die tyd van Jakob se Benoudheid.

## 10. Om alleen te staan

Die proses van appél wat ons in die vorige hoofstuk beskryf het, bring die vooruitsig dat individue in eensaamheid sal staan met hulle oortuiging van die Woord. Dit is nie maklik vir die mens om alleen te staan sonder enige menslike ondersteuning of aanmoediging nie. Sulke druk kan veroorsaak dat ander individue uitgesoek word, om hulle oor te win na eie oortuiging, sodat hulle die getalle kan bekom voordat hulle direk na die bestaande leierskap gaan. Baie evangelistiese strewe is gemotiveerd deur mense wat onder ’n oortuiging kom, maar wat nie ’n fondasie het om alleen te staan nie. Sulke individue is baie keer gedryf deur die behoefte aan aanvaarding en nie deur ‘n liefde vir die waarheid nie. Om alleen te staan benodig nie die ondersteuning van enigiets of enigiemand buiten die Woord van God nie. Om alleen te staan veroorsaak nie dat ons nie gedwing voel om ander oor te win na ons oortuiging sodat ons nie meer alleen hoef te staan nie. Nogtans is eensaamheid nie deel van die natuurlike menslike karakter nie. Die meeste van ons is baie vatbaar vir die proses wat groepsdenkwyse genoem word. Wat is groepsdenkwyse?

> ’n Manier van dink deur mense aangehang, wat diep betrokke is in ’n samehangende binnegroep, wanneer die lede se strewe na eenstemmigheid meer is as hul motivering om alternatiewe opsies realisties te oorweeg. (Vry vertaal van Janis, 1972). Vanuit *Wikipedia* artikel - *Groupthink*.

Die menslike begeerte tot aanvaarding en om te behoort, dra die kapasiteit om mense te verhoed dat hulle ’n behoorlike proses van ondersoek na die Woord van God doen. As iets geglo word deur die meerderheid binne een sosiale groep, dan sal die motivering om verskillend te glo van die groep iets

moet inhou wat die persoon van groter waarde skat as die risiko van verwerping deur daardie groep.

Die druk om aan te pas by die wense van die meerderheid van die groep kan veroorsaak dat leiers, wat beter behoort te weet, sal ingee. Moses was op die berg, besig om die lering te ontvang:

> **Eks 23:2** Jy mag die meerderheid nie volg in verkeerde dinge nie. En jy mag in 'n regsaak geen getuienis aflê agter die meerderheid aan om die reg te verdraai nie.

Aäron was onder die berg besig om die teenoorgestelde te doen:

> **Eks 32:1-4** Toe die volk sien dat Moses vertoef om van die berg af te kom, het die volk rondom Aäron versamel en vir hom gesê: Kom, maak vir ons gode wat voor ons uit trek; want hierdie Moses, die man wat ons uit Egipteland laat optrek het, ons weet nie wat van hom geword het nie. (2) En Aäron sê vir hulle: Ruk die goue ringe af wat aan die ore van julle vroue, julle seuns en julle dogters is, en bring dit vir my. (3) Toe het die hele volk die goue ringe afgeruk wat aan hulle ore was, en dit na Aäron gebring. (4) En hy het dit uit hulle hand geneem en dit met die beitel bewerk en daar 'n gegote kalf van gemaak. Daarop sê hulle: Dit is jou gode, o Israel, wat jou uit Egipteland laat optrek het.

Aäron het die mense meer gevrees as God, en sy begeerte tot aanvaarding was groter as sy begeerte na waarheid, en daarom het hy Israel laat sondig.

> **Eks 32:21-22** En Moses het vir Aäron gesê: Wat het hierdie volk jou gedoen, dat jy so 'n groot sonde oor hulle gebring het? (22)Toe antwoord Aäron: Laat die toorn van my heer nie ontvlam nie. U self ken die volk, dat hulle deur en deur sleg is.

'n Ander persoon wat die mense gevrees het, was Saul:

> **1 Sam 15:24** Toe sê Saul vir Samuel: Ek het gesondig, omdat ek die bevel van die HERE en u woorde oortree het, want ek was bevrees vir die manskappe en het na hulle geluister.

In stede daarvan om waarlik om vergifnis te smeek, het hy Samuel gevra om saam met hom te kom sodat die mense hom steeds sou eer.

> **1 Sam 15:30** En hy sê: Ek het gesondig; eer my tog nou voor die oudstes van my volk en voor Israel, en kom saam met my terug, dat ek die HERE u God kan aanbid.

In kontras hiermee sien ons die gees van Jeshua en Kaleb wat hulle berig bring oor die beloofde land:

> **Num 14:6-10** En Josua, die seun van Nun, en Kaleb, die seun van Jefúnne, twee van die wat die land verken het, het hulle klere geskeur (7) en die hele vergadering van die kinders van Israel toegespreek en gesê: Die land wat ons deurgetrek het om dit te verken, is 'n buitengewoon goeie land. (8) As die HERE 'n welbehae in ons het, sal Hy ons in hierdie land inbring en dit aan ons gee, 'n land wat oorloop van melk en heuning. (9) Wees net nie teen die HERE opstandig nie, en wees julle nie bevrees vir die volk van die land nie, want hulle is ons spys. Hulle beskutting het van hulle gewyk, en die HERE is met ons. Wees nie bevrees vir hulle nie! (10) Toe sê die hele vergadering dat hulle gestenig moet word. Maar die heerlikheid van die HERE het in die tent van samekoms verskyn voor al die kinders van Israel.

Hierdie manne was gewillig om, in teenstelling met die meerderheid, die feite op die tafel te lê. Hulle was gewillig om hul lewens te waag ter wille van die waarheid.

Baie van ons kan dalk letsels uit die kinderjare ronddra omtrent vrese om deur 'n groep kinders verwerp te word. Ek het self 'n paar ondervindings omdat ek geterg en getart is omdat ek anders was. As 'n jongmens, kan sulke ondervindings onaangenaam wees, en dit kan tekortkominge in denkpatrone

meebring, ter wille van aanvaarding. Ouers staan dikwels hulpeloos en toekyk hoe hulle kinders betrokke raak by ‘n vriendekring wat wegstuur van die leringe van die Woord van God. Die behoefte aan aanvaarding verwyder die waarde wat geheg word aan die waarheid, indien jy alleen moet staan.

Satan ken wel die krag van groepsdruk en hy gebruik dit, wanneer hy ookal kan, om te verhoed dat mense vanuit die Skrifte redeneer met ‘n determinasie om waarheid te vind ten alle koste. Omdat ons almal in hierdie wêreld leef, sal jy dit sekerlik beleef dat jy op een of ander stadium die verwerping van ‘n groep sal ervaar. Die Bybel leer ons dat dit onmootlik is om die waarheid te glo as ons ‘n vrees koester om die eer van mense te verloor:

> **Joh 5:44** Hoe kan julle glo wat van mekaar eer aanneem, en die eer wat van die enige God kom, soek julle nie?

Baie mense sal uitgesluit wees buite die koninkryk van die Hemele slegs as gevolg van hierdie punt. Let op wat die Skrif sê:

> **Open 21:7-8** Hy wat oorwin, sal alles beërwe; en Ek sal vir hom ‘n God wees, en hy sal vir My ‘n seun wees. (8) Maar wat die vreesagtiges aangaan en die ongelowiges en gruwelikes en moordenaars en hoereerders en towenaars en afgodedienaars en al die leuenaars, hulle deel is in die poel wat brand met vuur en swawel: dit is die tweede dood.

Die eerstes genoem onder dié wat nie alle dinge van die Vader ontvang nie, is die vreesagtiges; dié wat te bevrees was om die meerderheid se opinie in die gesig te staar, en die risiko te loop om alles te verloor.

Dit is hierdie neiging wat baie leiers, wat in Jesus geglo het, verhoed het om Hom openlik te bely:

> **Joh 12:42-43** Maar tog het selfs baie van die owerstes in Hom geglo; maar ter wille van die Fariseërs het hulle dit nie bely nie, om nie uit die sinagoge geban te word nie. (43) Want hulle het die eer van die mense meer liefgehad as die eer van God.

Sien ons vandag 'n parallel hiervan? Is daar diegene wat glo, maar nogtans bang is om uit die kerk geban te word as gevolg van hulle geloof in die Seun van God?

Die saad van die eniggebore Seun, wat wortel skiet in die ontvanklike hart, word gemanifesteer deur 'n gewilligheid om ter wille van die waarheid veragting, vyandigheid en spot te verduur. Hierdie saad ontvang ons van Christus, wat Hy van sy Vader ontvang het. Ons ken die dimensies van die Saad in hierdie woorde:

> **Matt 3:17** En daar kom 'n stem uit die hemele wat sê: Dit is my geliefde Seun in wie Ek 'n welbehae het.

Jesus het rus gevind in die gerusstelling van sy Vader. Hy kon die woedende massa, die moordadige priesters, boefagtige Romeinse soldate en die hele leër van die hel in die gesig staar. Dit kon Hy alles hanteer met die wete dat sy Vader verheug is oor Hom. Die beloning om die waarheid te volg is om die Gees van waarheid te ontvang, wat die Gees van Christus is.

As ons die besluit neem om die eniggebore Seun lief te hê, maak nie saak wat die gevolge is nie, ontvang ons die inwoning van die Gees van Christus, en kan ons gemeenskap hê met die Vader en die Seun. Ek kan met absolute sekerheid sê dat die vreugde en vrede van hulle gemeenskap baie meer opweeg teen die verlies aan gemeenskap van vorige metgeselle met hulle vyandigheid en spot. Die liefde van Jesus is baie meer lonend as die verlies aan my loopbaan, my reputasie en my posisie in die kerk. Ja waarlik, ek ag ook alles skade ter wille van die uitnemendheid van die kennis van Christus Jesus, my Here.

Dié wat waarlik glo dat Jesus die Seun van God is, sal beide die krag ontvang om alleen te staan, en die liefde om aan hul kerkleiers appél aan te teken, met 'n onderdanige gees.

Baie keer het ek myself gevra, toe ek die druk gevoel het dat die meerderheid teen my gekant was. Ek het gevra: "Wat maak jou so seker dat jy reg is,

Adrian?" "Daar is amper niemand in leierskap wat met jou saamstem nie." Toe het ek teruggekeer na die Bybel en die duidelike getuienis omtrent die Seun van God gelees. Ek het weer die baie gedeeltes met bewyse in die Bybel en in die Gees van Profesie gelees. Ek het ondersoek ingestel na die fondasies gelê deur ons pioniers; ek het die getuienisse van die 1888 boodskappers vergelyk; ek het die *Review and Harold* artikels weer omsigtig deurgewerk en myself afgevra: "Is jy seker, Adrian?" En die oortuiging het sterker en sterker teruggekom, maar meer dringend as tevore. JA! JA! JA! Ek is seker Jesus is die Seun van die Vader in liefde en in waarheid, en elke wapen wat teen hierdie getuienis gesmee word, sal niks uitrig nie.

En saam met hierdie oortuiging het die soete ervaring van vrede gekom – vrede wat ek nie kan beskryf nie. Ek kon die liefde van die Vader vir die Seun IN my voel. Terwyl ek die waarheid omtrent die Seun van God omarm het, het ek die gewaarwording ervaar dat die Vader se liefde vir my bo enige begrip is. Baie kere, as ek 'n harde epos ontvang het, of 'n woord van die bose een, sal my Verlosser my 'n woord van aanmoediging stuur om my te seën. Baie kere, as ek gaan stap, sal ek die mossies sien, en glimlag, want ek weet dat ek meer werd is as baie mossies.

Ek kan ook getuig dat, nadat ek die besluit geneem het om die eniggebore Seun te bely, en om my nie te skaam ter wille van Sy Naam deur stil te bly nie, het ek groter oorwinning gevind in my persoonlike lewe. My hart en gedagtes het vinniger begin verander. Die dinge van die wêreld wat my sou aantrek en wat my sou wegneem van die nuwe weg, het op 'n buitegewone wyse doodeenvoudig verminder. Prys die Here vir Sy heiligmakende Gees!

My vriende, as jy werklik die Seun van die Vader liefhet, sal jy die oorblyfselkerk liefhê. Hierdie liefde sal jou dring om die Here te bely voor jou kerkfamilie, en die vrede van Christus sal jou die moed gee om alleen te staan, sonder enige politieke strategie of begeerte om enigiemand te probeer oortuig om jou eie meerderheid te verkry. Gewillig om enige gevolge te dra, kan jy in jouself die vryheid vind om aan jou outoriteite appél aan te teken

om binne die Sewendedag Adventiste Kerk aanbidding te bring aan die Seun van God. Kies die reg om dit te doen, want dit is reg; en vertrou die gevolge aan God toe.

Die Bybel leer ons:

> **Joh 8:32** En julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vrymaak.

Die waarheid maak ons vry van die vrees vir wat ander van ons dink. Dit stel ons vry van die behoefte aan aanvaarding van ons eweknieë. As ons die aanvaarding van die Almagtige Vader deur Sy Seun ken, het ons niks anders nodig om ons te dra nie.

As jy graag meer wil leer omtrent hierdie onderwerp, stel ek voor dat jy die boek *Identity Wars*[1] lees, wat ons werklik waarde in Christus in groter detail beskryf. Dit is deur die beginsels van hierdie boek dat ek die vrede gevind het om alleen te staan voor die mens, en nogtans te staan saam met Christus en sy engele.

---

[1] Gaan na www.identitywars.org.

# Deel 3
# Gevolge van Verwerping van die Goddelike Patroon

## 11. Beskerming van ons Losser en Verlosser

In hoofstuk 1 het ons die volgende opgelet:

> Behalwe die direkte seëninge van vreugde, geluk en gemeenskapsliefde wat na ons vloei deur hierdie goddelike patroon, is daar ook die beskermende seëinge wat ons kan geniet deur hierdie kanaal. In elke geval is die een "Deur Wie" alles kom, onder die beheer en beskerming van die een "Uit Wie" alles kom.

Ons sien die beskermingsbeginsel funksioneer binne die goddelike patroon deur bybelverse soos hierdie:

> **Deut 32:11** Soos 'n arend sy nes opwek, oor sy kleintjies sweef, sy vlerke uitsprei, hulle opneem, hulle dra op sy vleuels—
>
> **Rut 2:12** Mag die HERE jou daad vergelde, en mag jou loon volkome wees van die HERE, die God van Israel, onder wie se vleuels jy kom skuil het.

Die beskerming van die "Deur Wie" agent word geniet as hulle die "Uit Wie" agent eer, respekteer en gehoorsaam. Ons sien hoe Naomi aan Rut opdrag gee om haarself te plaas by die voete van Boas, en om hom dan te vra om sy vleuel oor haar uit te brei as teken dat hy haar sal beskerm en vir haar sal voorsien.

> **Rut 3:9** En hy vra: Wie is jy? Toe antwoord sy: Ek is Rut, u dienares; brei dan u vleuel oor u dienares uit, want u is die losser.

Deur aan die voete van Boas te gaan lê, het Rut haar gees van onderdanigheid getoon. Sy het 'n uitnodiging gegee vir sy beskerming en voorsiening, deur haar kanaal van seën.

Dit is hierdie beginsel van beskerming wat God se mense sal beskut gedurende die Tyd van Benoudheid. Ons het gesien dat Ps.91 van toepassing is op daardie tyd.[1] Kom ons oorweeg dele van hierdie Psalm en die beskerming wat aan God se mense gegee word.

> **Ps 91:1-2** Hy wat in die skuilplek van die Allerhoogste sit, sal vernag in die skaduwee van die Almagtige. (2) Ek sal tot die HERE sê: My toevlug en my bergvesting, my God op wie ek vertrou.

As God se mense hulself in ooreenstemming bring met die goddelike patroon van onderdanigheid deur sy gemagtidge outoriteite, sal hulle vind dat hulle onder die skadu van Sy beskerming kom. Dít is die skuilplek van dié wat hulle vertroue in die Here stel.

> **Ps 91:3-4** Want Hy is dit wat jou sal red uit die net van die voëlvanger, van die verderflike pes. (4) Hy sal jou dek met sy

---

[1] So sal God die goddeloses van die aarde af verdelg. Maar die regverdiges sal te midde van hierdie omwentelinge bewaar word net soos Noag in die ark van God bewaar word. God sal hulle toevlug wees en onder sy vleuels sal hulle skuil. Die psalmdigter sê: "Die Allerhoogste het jy jou beskutting gemaak. Geen onheil sal jou tref en geen plaag naby jou tent kom nie." Ps.91:9, 10. "Want Hy steek my weg in sy hut in die dag van onheil; Hy verberg my in die skuilplek van sy tent." Ps.27:5. "Omdat hy My liefhet, spreek God, daarom sal Ek hom red. Ek sal hom beskerm, omdat hy my Naam ken." Ps. 91:14. *Patriarge en Profete*, p. 107; *Patriarchs and Prophets*, p.110.

> vlerke, en onder sy vleuels sal jy skuil; sy trou is 'n skild en pantser.

Die aarde sal een van die dae deur pessiektes, natuurlike rampe en geweld deurtrek word. Baie mense se harte sal ingee onder die druk van die vrees vir hierdie dinge. Slegs dié wat die God van Israel en Sy Seun ken, sal die beskerming van die Almagtige geniet.

> Ek het gesien dat die Satan op hierdie wyse werk om Gods volk te verwar, te bedrieg en te verlei nou in hierdie tyd van verseëling. Ek het somminge gesien wat nie pal gestaan het vir die teenwoordige waarheid nie. Hulle knieë het gebewe en hulle voete het gegly omdat hulle nie heg gewortel was in die waarheid nie; en beskutting van God kon nie oor hulle getrek word terwyl hulle so bewe nie. Die Satan het alles in sy vermoë gedoen om hulle te hou waar hulle was, totdat die tyd van verseëling verby sou wees, totdat God die beskutting oor sy volk getrek het, en hulle sonder beskutting gestaan het teen die brandende wraak van God gedurende die sewe laaste plae. God het al begin om hierdie beskutting oor sy volk te trek, en eerlank sal dit oor almal getrek wees wat beskutting nodig het in die dag van slagting." *Eerste Geskrifte* bp. 34-35; *Early Writings*, p. 44.

Ons onthou hoe die Joodse leiers geweier het om te glo in die Seun van God gedurende Christus se tyd. As gevolg van hulle weiering om Hom te aanvaar, het hulle sy beskerming en voorsiening verwerp en is oorgelaat aan die genade van Rome.

> **Matt 23:37** Jerusalem, Jerusalem, jy wat die profete doodmaak en stenig dié wat na jou gestuur is, hoe dikwels wou Ek jou kinders bymekaarmaak net soos 'n hen haar kuikens onder die vlerke bymekaarmaak, en julle wou nie!

Laat ek dit onomwonde stel sodat niemand mag misverstaan nie:

**Die beskerming en voorsiening van God beide nou en in die komende krisis sal slegs gegee word aan dié wat die Seun aanbid. Hy wat die Seun het, het die lewe.**

Die vraagpunt of ons glo of Jesus werklik die Seun van God is, behels ook die vraag omtrent beskerming en voorsiening. Jesus as die Seun van God is nie net ‘n akademiese vraag of ‘n teologiese geskil nie. As ons onsself plaas onder die banier van ‘n wese wat God nie duidelik geopenbaar het in die Skrifte nie, dan stel ons onsself buite God se beskerming en voorsiening. ‘n Verwerping van die Seun van God is ‘n outomatiese uitnodiging vir die bose een om ons denkpatrone te verwar, ons gedagtes deurmekaar te draai, ons tuistes binne te dring, om ons bloot te stel aan ‘n lang lys versoekings en om uiteindelik ons lewens te beëindig. ‘n Verwerping van die Seun van God het Rome uitgenooi om ons binne te dring en baie van ons kerkaktiwiteite te beheer.

Ons Here Jesus, die sterk man van die tuiste van Adventisme, is gebind deur Satan deur die leringe van die Drie-eenheid binne ons kerk. Hy het nou die huis binnegekom en is besig om die lidmate te beroof.

> **Matt 12:29** Of hoe kan iemand in die huis van ‘n sterk man ingaan en sy goed roof, as hy nie eers die sterk man geboei het nie? En dan sal hy sy huis beroof.

In hierdie vers praat Jesus van die beginsel van beskerming en voorsiening. In hierdie geval is die situasie omgedraai waar Satan die sterk man of beskermer is en hy is die een wat gebind moet word om dié onder sy beheer te verlos.

Met die aankondiging van die 1980 Fundamentele geloofstelling omtrent God, het die Adventiste Kerk uitbeweeg onder die direkte beskerming en voorsiening van die God van Israel. Sedert daardie tyd het baie dinge die kerk geskud. Een gebeurtenis wat ek duidelik onthou as Australiër is die aand toe ek gehoor het dat Lindy Chamberlain skuldig bevind is van moord op haar babadogtertjie, en dat hulle appél dat ‘n dingo die kind geneem het, verwerp is. As ‘n 14-jarige seun het ek in die hemel opgekyk en gewonder, “Waar is U,

Here? Waarom het U toegelaat dat dit gebeur?" Is daar enige verband tussen die verwerping van die Seun van God en sy vermoë om sy mense te beskerm?

Dit was gedurende hierdie tyd dat 'n menigte leraars die lering van Jesus se bediening in die heiligdom verwerp het. Hierdie ramp het opgebou in die dekade voor 1980's, parallel met die stappe wat geneem is om die Drie-eenheid god te plaas op die troon van Adventisme. Nogtans het hierdie dinge nie gebeur voordat die kerk die valse god begin bely het nie. Wat van die eienaardige finansiële transaksies wat gedurende hierdie tyd gebeur het, asook die openlike aanvalle op Ellen White? Is daar enige koppeling tussen die gebeure? Sien julle dat 'n laag van beskerming gestroop is van ons kerk toe ons die Drie-eenheid aanvaar het in 1980?

Nie lank na 1980 het die deure oopgegaan vir evangelistiese uitreike deur verskillende media van kommunikasies. Is u oortuig dat die wonderwerke wat in hierdie tyd gebeur het vanuit die Hemel gestuur is? Is Satan dalk toegelaat om wonderwerke te verrig vir die Adventiste om hulle te oortuig dat God hulle steed lei, terwyl dit Satan self was wat nou die leier was? Is selfs die uitverkorenes verlei deur die wonderwerke, wat "Adventiste programme" in miljoene huise geplaas het? Waarom is dit so dat, as groot bedrae geld geskenk word vir projekte, dat baie min mense ooit eers dink om te vra of dit Satan is wat bestee aan Adventiste programme nadat hulle die beskerming van God verloor het? Ons is gewaarsku:

> Somminge bely hulle ongeloof in die werk wat ek doen, want, soos hulle sê, "Mev. White doen nooit enige wonderwerke nie." **Maar die wat na wonderwerke soek as die teken dat God die leiding neem, is in groot gevaar om mislei te word**. Dit word in die Woord omskryf dat **die vyand sal werk deur sy agente wat die geloof versaak het**, en hulle sal wonderwerke doen, wat selfs vuur van die hemel sal bring sodat die mense dit kan sien. Deur "wonders van die leuen" sal Satan, as dit moontlik was,

> ook die uitverkorenes mislei. *Selected Messages, Volume 2*, p.53.

Kon sommige van hierdie wonders ook geld betrek, en "voorsienige gebeure"? Kon Satan toegelaat word om hierdie dinge te doen as ons van die geloof verval het deur die invoering van die 27 Beginsels?

As ons die geskiedenis van Israel bestudeer, is daar vir ons baie lesse opgesluit, aangesien ons die geskiedenis herhaal.

> **Num 21:5,6** En die volk het teen God en teen Moses gespreek: Waarom het U ons uit Egipte laat optrek om in die woestyn te sterwe? Want daar is geen brood en geen water nie, en ons siel walg van die ellendige kos. (6) Toe stuur die HERE giftige slange onder die volk wat die volk gebyt het; en baie mense uit Israel het gesterwe.
>
> As die volk nog na al daardie bewyse van Sy liefde gekla het, sou die Here Sy beskerming terugtrek totdat hulle geleer het om sy genadig sorg te waardeer en met berou en nederigheid na Hom terug te keer. **Omdat hulle deur die krag van God beskut was, het hulle nie besef dat hulle gedurig deur tallose gevare omring was nie**. In hulle ondankbaarheid en ongeloof het hulle die dood verwag en nou het die Here toegelaat dat die dood hulle oorval. Die giftige slange van die woestyn is vurige slange genoem, omdat hulle byt ontsteking veroorsaak en mense spoedig daarvan gesterf het. Toe God sy beskermende hand van Israel terugtrek, is groot getalle mense deur hierdie giftige diere aangeval. *Patriarge en Profete*, p. 449; *Patriarchs and Prophets*, p. 429.

Ons God het Adventisme baie tekens van sy liefde en genade gegee. Hy het ons beskerm van baie aanvalle van Satan. Maar ons mense het begin wens ons is soos die ander Protestantse kerke; ons wou opleiding ontvang soos mense in die wêreld; ons het die akkrediteringstandaarde gesoek; ons het

moeg geword van die 1888 boodskap dat Jesus werklik die Seun van die God is en die Seun van die mens wat ons vlees aangeneem het. Baie van ons mense sien neer op die gesondheidsboodskap en die standaarde wat aan ons gegee is as ‘n groep. Dus, toe ons kerk begin buig het voor die Drie-eenheid god in 1980, het Adventisme uitbeweeg onder die beskerming van die God van Israel.

Vriende, dit is slegs die smekinge van Jesus voor sy Vader wat verhoed het dat baie van ons mense platgevee is deur Satan. Ons Verlosser weet dat baie van ons onwetend en deur verwarring gebuig het voor Baäl. Hoeveel van ons sou ons lewens verloor het in die laaste 30-40 jaar? Hoeveel dankbaarheid en erkentlikheid is ons verskuldig aan die Vader vir sy lankmoedigheid en geduld met ons dwaasheid?

> **Num 21:7** En die volk het na Moses gekom en gesê: Ons het gesondig dat ons teen die HERE en teen u gespreek het. Bid tot die HERE, dat Hy die slange van ons wegneem. En Moses het vir die volk gebid.

*Dierbare Vader, ek neem die geleentheid om U te dank vir u genade, u groot genade deur ons nie te laat vernietig deur die slange wat in die kamp onder ons gekom het nie. Ek weet baie is gebyt en is gewond; baie het aanskou hoe hulle kinders, familie en vriende omkom deur die gif van die bose een, en deur hulle rug te draai op die gekruisigde Seun van God. O Vader, vergeef ons asseblief en genees ons. Rig ons harte terug na U en help ons om die weg wat ons moet neem, duidelik te onderskei. Ons smeek hierdie dinge in Jesus se Naam.*

Vriende, ek wonder reeds vir jare waarom somminge leiers soveel boosheid toelaat in ons kerk en dit lyk of niemand iets doen daaromtrent nie. Kan ons sien dat, deur die Drie-eenheid te aanvaar, God sy vermoë om ons leiers se gedages te rig, teruggehou het? Ons leiers word blootgestel aan die lering van duiwels, en hulle verloor hulle sensitiwiteit om te onderskei wanneer Satan insluip. Kan ons sien dat Satan meer mag het om te mislei as gevolg van

die Drie-eenheid, en soos wat hy hulle mislei, beweeg hy onder sommige van die lidmate in, en wys hulle wat aangaan, sodat hulle sal opstaan in woede teenoor die leiers? Ons moet bid vir ons leiers dat hulle sal omdraai, en opkyk na die Seun van die mens wat verhoog is, sodat hulle genees kan word van hulle blindheid. Ek bely ek was vir so lank blind. Ek staan beskaamd om te erken dat ek geruime tyd geglo het in die Drie-eenheid; ek het soveel Bybel en Gees van Profesie gelees en ek kon nogtans nie insien dat ek besig was met Baäl-aanbidding nie.

Ek het so hard probeer om my jeudige begeertes vir sport en eetlus te oowin. Ek het my gedagtes probeer rein hou, maar sonder die beskerming van die Seun van God binne die konteks van die goddelike patroon, het Satan maar net aangehou om my aan te val, en sy mag oor my was te veel. Ek het in golwe van wanhoop beland en gevoel ek sou nooit gered word nie.

Dit is as gevolg van hierdie stryde dat baie leraars gedryf is uit die Allerheiligste en het opgegee dat God se mense sonder 'n intersessor sal kan staan aan die einde van tye. Hulle prediking lui, "Ons sal sondig totdat Jesus kom." En al die mense wat kreun en steun onder Sewendedag Adventisme standaarde voel dat hulle vrygestel word van wetsverering, terwyl hulle eintlik net terugbeweeg het na die Heilige Plek waar hulle onder die invloed van Satan kom wat homself daar voordoen as Christus.

Ek bely dat, vandat ek teruggekeer het tot die geloof in Jesus as die Seun van God, ons gesin 'n paar stampe en stote gekry het. Omdat ek die knie voor Baäl gebuig het as Sewendedag Adventiste leraar, was Satan toegelaat om my en my familie pak slae te gee vir 'n gegewe tyd. Dit mag ook met ander gesinne gebeur, maar ons Vader laat hierdie dinge toe ter wille van karakterbou; om Hom te leer vertrou en om te weet dat elke dag wat ons vrede ervaar, is dit slegs deur die genade van God. Elke dag wat ek kan skryf, weet ek dat ek die beskerming van ons Vader geniet. Ek wil graag die lesers wat vir my bid, bedank vir julle gebede. Ek neem nie hierdie dinge vanselfsprekend aan nie, en ek hef my hart op in lofprysing en dankbaarheid

vir ons Vader se genade en beskerming deur Jesus Christus – die Seun van die lewende God.

Ek moet net weer myself onderbreek en dink aan ons magtige Verlosser, Migael, die Kaptein van die leërskare van die Here*. O Here Jesus, ek werp myself voor u voete neer en ek vra U om U vleuel oor my uit te brei om my naaktheid te bedek; neem my in U beskerming en sorg. Ek weet dat ek gesondig het teen die hemel en aarde en dat ek nie meer waardig is om u kind genoem te word nie, maar ek rus in die versekering van U Woord.*

> **1 Joh 1:9** As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig.
>
> **Joh 6:37** Al wat die Vader My gee, sal na My toe kom; en Ek sal hom wat na My toe kom, nooit uitwerp nie.

*Liewe Vader, stuur asseblief die Gees van U Seun om ons en ons gesinne te beskerm. Beskerm asseblief ons leiers wat verward en blind is vir die waarheid van u Seun. Stuur asseblief u engele om hulle te help en hulle te seën en wys U aan hulle die dinge wat U ons wys. Ons is glad nie beter as hulle nie. Ons het gesondig deur Baäl te aanbid en verdien die dood, net soos hulle. Ek bepleit hulle saak – dat U met die leraars sal praat. Here Jesus, ek voel U liefde vir hulle in my hart en ek dank U dat U hierdie liefde met my deel. Asseblief Vader, open die harte van ons leiers; ons smeek U om hulle aan te moedig dat ons U Seun sal mag aanbid binne die kerk wat U tot stand gebring het. Stel asseblief weereens die koperpaal op sodat ons kan opkyk na die Seun van God wat gekruisig is vir ons en wat regtig gesterf het op Golgota, en nie net geslaap het nie. O Vader, vergeef ons oor die afskaling van u versoenende offer van U Seun; vergeef ons dat ons wegdraai van U. Soos Daniël gebid het:*

**Dan 9:8-18**[2] Here, aan ons kom toe beskaming van die aangesig, aan ons konings, aan ons owerstes en aan ons vaders, omdat ons teen U gesondig het. (9) By die Here onse God is barmhartigheid en vergewing, want ons het teen Hom opgestaan (10) en na die stem van die HERE onse God nie geluister om te wandel in sy wette wat Hy ons deur die diens van sy knegte, die profete, voorgehou het nie. (11) Maar die hele Israel het u wet oortree en afgewyk deurdat hulle nie na u stem geluister het nie; daarom is die vloek en die eed oor ons uitgestort wat geskrywe is in die wet van Moses, die kneg van God, want ons het teen Hom gesondig. (12) En Hy het sy woorde in vervulling laat gaan wat Hy oor ons gespreek het en oor ons rigters wat ons bestuur het, deur groot onheil oor ons te bring wat onder die ganse hemel nie gebeur het soos in Jerusalem nie; (13) soos in die wet van Moses geskrywe is—al hierdie onheil het oor ons gekom, en ons het die aangesig van die HERE onse God nie om genade gesmeek deur ons te bekeer van ons ongeregtighede en ag te gee op u waarheid nie. (14) Daarom was die HERE wakker oor die onheil, om dit oor ons te bring; want die HERE onse God is regverdig by al sy werke wat Hy doen, maar ons het nie na sy stem geluister nie. (15) Nou dan, o Here onse God wat u volk uit Egipteland met 'n sterke hand uitgelei en vir U 'n Naam gemaak het soos dit vandag is, ons het gesondig, ons was goddeloos. (16) o Here, laat tog volgens al u geregtigheid u toorn en u grimmigheid van u stad Jerusalem [*kerk Adventisme*], u heilige berg [*die kanaal van seën*], afgewend word, want om ons sondes en die ongeregtighede van ons vaders ontwil is Jerusalem en u volk 'n voorwerp van versmading vir almal rondom ons. (17) Hoor dan nou, onse God, na die gebed van u kneg en na sy smekinge, en laat ter wille van die Here u aangesig skyn oor u heiligdom wat woes lê [deur die verwerping van die ware Seun van God, ons

[2] Opmerkings in vierkantige hakies is ingevoeg.

> Priester]. (18) Neig u oor, my God, en hoor, open u oë en aanskou ons verwoeste plekke en die stad waar u Naam oor uitgeroep is; want nie op grond van ons geregtigheid werp ons ons smekinge voor u aangesig neer nie, maar op grond van u grote barmhartigheid.

Vriende, dit is my gebed dat julle saam met Daniël sal kniel met die wete dat ons leiers verblind is as gevolg van ‘n verlies aan Hemelse beskerming. God het toegelaat dat ‘n vervloeking oor ons leiers kom, sodat “die held en die krygsman… die oudste” soos ons pioniers was, weggeneem is.[3] Laat ons bid dat die leiers wat nog nie hul besluit geneem het om die waarheid omtrent die Seun van God te beveg nie, sal omdraai na God om weer die beskerming van God te geniet.

Kom ons bid dat die gees van Rut sal terugkeer na ons leiers en dat hulle sal val aan die voete van hulle Losser en Verlosser, en dat hulle sal pleit vir Sy beskermende vleuel oor die naaktheid van Sewendedag Adventisme.

---

[3] Sien Jes.3:1,2 en die preek “The Downward Path.” Vimeo.com/15830874.

# 12. Simson se blindheid

Die Bybel leer ons dat hare nie net ‘n praktiese beskerming verleen nie, maar dat dit ook ‘n simbool is dat jy onder outoriteit staan.

> **1 Kor 11:15** maar as ‘n vrou lang hare dra, dit vir haar ‘n eer is, omdat die lang hare vir haar gegee is as ‘n bedekking.

> **1 Kor 11:10** Daarom moet die vrou ‘n aanduiding van gesag op die hoof hê ter wille van die engele.

As ons mooi oplet na simbole verwant aan hare, sien ons iets interessant. Ons sien dat die manne in die Bybelse tyd lang hare gehad het wat van hulle gesigte gehang het, en dat vroue lang hare op hulle koppe gedra het. Deur hierdie simbole sien ons dat seën vloei van die man na die vrou.

> **Ps 133:2** Dit is soos die kosbare olie op die hoof, wat afloop op die baard, die baard van Aäron, wat afloop op die soom van sy klere.

Ons sien in die teksvers die simbool van olie wat afloop langs die baard, as ‘n simbool van die Gees. Let ook op dat dit afloop na die soom van sy klere – die simbool van beskerming. ‘n Vrou se lang hare is ‘n simbool van haar onderdanigheid aan die kanaal van seën en die ontvangs van die Gees van God. ‘n Vrou se lang hare is ‘n teken van haar krag wat sy ontvang deur die Gees deur haar onderdanigheid aan haar man.

In die meeste gevalle, as mans lang hare gehad het, was dit ‘n skande vir hulle, omdat hulle die “Uit Wie” komponent in die kanaal van seën voorstel.

> **1 Kor 11:14** Of leer ook die natuur self julle nie dat as 'n man lang hare dra, dit vir hom 'n oneer is nie;

Notans is daar manne met lang hare, soos dié wat die nasireër gelofte gemaak het, wanneer 'n man nie sy hare gesny het nie. In hierdie gevalle was hierdie manne onder spesiale opdrag van die Heilige Gees en het 'n spesiale werk gehad om te doen.

Dit is belangrik dat Jesus lang hare gehad het, en ook 'n baard. Ons sien in Christus beide aspekte van die seënstelsel, beide op sy kop, afkomstig van sy Vader en afkomstig vanaf die mond soos verwys na die baard.

> Hy het wit krulhare wat op sy skouers hang. *Eerste Geskrifte*, bl. 6; *Early writings*, p. 16.

> Toe het hulle die riet uit sy hande geneem en Hom daarmee oor die hoof geslaan, sodat die dorings diep in Sy slape gesteek en die bloed teen Sy baard afgeloop het. *Eerste Geskrifte*, bl. 167-168; *Early Writings* p. 170.

Die lang hare wat Jesus gehad het, was 'n teken van die spesiale onderdanige verhouding wat Hy met sy Vader gehandhaaf het en die seën van die Heilige Gees wat Hy van sy Vader ontvang het.

> **Matt 3:16** En nadat Jesus gedoop was, het Hy dadelik uit die water opgeklim, en meteens gaan die hemele vir Hom oop, en Hy sien die Gees van God soos 'n duif neerdaal en op Hom kom.

Bemagtig en beskerm deur die Gees van sy Vader, kon Jesus met outoriteit spreek:[1]

---

[1] "Nog nooit het engele geluister na so 'n gebed soos die een wat Jesus gerig het by sy doop, en hulle was begerig om die draers te wees van die boodskap van die Vader na die Seun. Maar Nee! Die lig van die Vader skyn direk met die lig van sy heerlikheid. Die hemele is geopen, en ligstrale van heerlikheid het gerus op die Seun van God en

> **Joh 3:34-35** Want Hy wat God gestuur het, spreek die woorde van God; want God gee Hom die Gees nie met mate nie. (35) Die Vader het die Seun lief en het alles in sy hand gegee.

> **Joh 6:63** Dit is die Gees wat lewend maak, die vlees is van geen nut nie; die woorde wat Ek tot julle spreek, is gees en is lewe.

Dit is met hierdie in gedagte dat ons gaan na die storie van Simson.[2] Hierdie man was 'n nasireër en is opdrag gegee om nie sy hare te sny nie.

> **Rigt 13:5** Want kyk, jy sal swanger word en 'n seun baar, en geen skeermes mag op sy hoof kom nie; want die seun sal van die moederskoot af 'n nasireër van God wees, en hy sal Israel begin verlos uit die hand van die Filistyne.

Die lang hare was die simbool van die Gees van God wat aan hom gegee is om bonatuurlike krag te hê.

Om die weg te vind tot in die Allerheiligste plek, moes Adventisme toegerus wees met die Gees wat hulle geskik gemaak het om al die gebooie van God te

---

het die vorm van 'n duif aangeneem, wat gelyk het soos gepoleerde goud. Die duif-tipe vorm was simbolies van die sagmoedigheid en goedheid van Christus. Terwyl die mense in verrukking en verbasing gestaan het, die oë vasgenael op Christus, het die woorde gekom vanuit die oop hemel: "Dit is my geliefde Seun, in wie Ek 'n welbehae het." Die bevestigende woorde dat Christus die Seun van God is, is gegee om geloof op te wek in die omstanders wat dit beleef het, en om die Seun van God aan te moedig in sy veeleisende werk. Nieteenstaande die feit dat die Seun van God beklee was met vleeslike mens, het Jehovah, met sy eie stem, bevestiging gegee dat Hy die Seun van God is, met die Ewige. In hierdie manifestasie aan sy Seun, aanvaar God die mens in 'n verhoogde status, deur die uitnemendheid van Sy geliefde Seun." *Review and Harold*, 21 Jan, 1873.

[2] "Die Bybel is byeengebring en die skat daarin is saamgebind vir hierdie laaste geslag. Al die groot gebeure en heilige transaksies van die Ou Testamentiese geskiedenis, het en sal hulself herhaal in die kerk van hierdie laaste dae." *7 Manuscript Release*, p.417.

gehoorsaam. Hulle moes bonatuurlike krag ontvang om die drie-engele boodskap te kon bring en moes dan die tyd van Jakob se benoudheid sonder ‘n intersessor deurmaak.

> Daar het ek Jesus, die groot hoërpriester, sien staan voor die Vader. Op die soom van sy kleed was ‘n klokkie en ‘n granaat. Diegene wat saam met Jesus opgestaan het, het hulle geloof tot Hom laat ingaan in die allerheiligste plek en gebid, “My Vader, gee ons U Gees.” En dan het Jesus die Heilige Gees op hulle geblaas. In daardie asem was lig, krag, en baie liefde, vreugde en vrede.” *Eerste Geskrifte*, bl. 48, *Early Writings* p. 55.

Die probleem met Simson was dat hy Filistynse vroue liefgehad het.

> **Rigt 14:1-2** Toe Simson afgegaan het na Timna, sien hy in Timna ‘n vrou uit die dogters van die Filistyne; (2) en hy het opgegaan en dit aan sy vader en sy moeder vertel en gesê: Ek het ‘n vrou uit die dogters van die Filistyne in Timna gesien; neem haar dan nou as vrou vir my.

Adventisme het begin meng met ander Protestante ná 1888, en manne het in ons geledere opgestaan wat begeer het om nader aan hulle te beweeg. Soos Leroy Froom[3], wat geskryf is aan die President van daardietyd omtrent die

---

[3] Leroy Froom (1890 – 1974) was ‘n groot invloedryke Adventiste leraar en teoloog. Hy het ‘n sentrale rol gespeel in die onderhandelinge met verteenwoordigers van ander Protestantse denominasies. Sy historiese werk getiteld *Conditionalist Faith of our Fathers* openbaar sy toewyding aan Athanasius en die Drie-eenheid. “Athanasius (c.297-373), biskop van Alexandrië en mees prominente teoloog van die vierde eeu, word in die algemeen die “verdediger van die ortodoksie” genoem, as gevolg van sy opvallende inisiëring van die ewige goddelikheid van Christus in die stryd oor die Godheid, teenoor die langdurige aanvalle van Arianisme.” *Conditionalist Faith of our Fathers Volume 1*, p.1061.

vergadering met Martin en Barnhouse[4]:

> Ek weet nie waarna al hierdie dinge sal lei nie, maar ek weet ons het vriende gemaak in hoë kringe – vriende wat, ek vermoed, onregverdig behandel is deur ons. Leroy Froom aan R.R. Figuhr, 26 Apr 1955.

Net soos wat Leroy Froom nie geweet het waartoe die vergaderings met Barnhouse en Martin sal lei nie, net so het Simson ook geen idee gehad waartoe sy verbintenis met Delila sal lei nie.

Die geheim van Simson se krag was in sy hare, en geheim van Adventisme se krag was in Dan.8:14 wat die deur geopen het na die Allerheiligste, en ons toegelaat het om die werklike krag van die Heilige Gees te ontvang.

Net soos Simson deur dwaasheid sy geheim aan Delila, wat gehuur is deur die Filistyne, oorgegee het, net so het Adventisme haar krag oorgegee deur baie dinge te verander wat ons die weg wys tot binne-in die Allerheiligste. Die belangrikste was die uitruil van die God wat ons aanbid. Let noukeurig op die stellings gemaak in *Questions on Doctrines*, bladsy 21:

> In gemeenskap met die Konservatiewe Christene en die geskiedkundige Protestante geloofsbelydenisse, glo ons:

---

[4] Die publikasie *Questions on Doctrine* was die produk van 'n reeks konferensies tussen 'n paar Adventiste en Protestantse verteenwoordigers in 1955 en 1956. Die wortel van hierdie konferensies vind sy oorprong in 'n reeks dialoë tussen die Pennsylvania konferensie president, T.E. Unruh, en evangeliese Bybelkenner en tydskrif redakteur Donald Grey Barnhouse. Unruh was in besonder besorg oor 'n vlymskerp resensie geskryf deur Barnhouse oor Ellen White se boek, *Steps to Christ*. Unruh het hom 'n kopie van die boek gestuur in 1949. In 1955 het Barnhouse vir Walter Martin opdrag gegee om 'n boek te skryf oor Sewendedag Adventiste. Martin het 'n vergadering met Adventiste leiers belê om hulle uit te vra oor hulle geloof.– Wikipedia, http://en.wikipedia.org/wiki/Questions_on_Doctrine.

1. Dat God die sovereine Skepper is, onderhouer en heerser oor die heelal, en dat Hy ewig, alomteenwoordig, en almagtig is.
2. Dat die Godheid, die Drie-eenheid, die Vader, Christus die Seun en die Heilige Gees behels.

Leroy Froom het ‘n sleutelrol gespeel in die voorbereiding van die boek *Questions on Docrine*. Hy het sekerlik saamgestem met geskiedkundige Protestantse geloofsbelydenisse. Let op hierdie stellings van hom:

> Mag ek hier ‘**n openhartige persoonlike belydenis** doen? Toe ek destyds, in 1926 – 1928, gevra is om ‘n reeks studies te doen oor die Heilige Gees, onder die Noord-Amerikaanse unie van ministeriële institute van 1928, het ek gevind dat, behalwe die pragtige leidings wat gegee word in die Gees van Profesie, **was daar basies niks in ons literatuur** wat ‘n duidelike bybelse uitleg gee oor hierdie wye onderwerpsveld nie. Daar is geen vorige wegwysende boeke oor hierdie vraag in ons literatuur nie. Leroy Edwin Froom, *Movement of Destiny*, p. 322 (1971).
>
> **Ek was gedwing om ‘n hele klomp waardevolle boeke, geskryf deur manne van buite ons geloof te ondersoek** - … manne soos Murray, Simpson, Gordon, Holden, Meyer, McNeill, Moody, Waugh, McConkey, Scroggie, Howden, Smith, McKenzie, McIntosh, Brooks, Dixon, Kyle, Morgan, Needham, Pierson, Seiss, Thomas, West en ‘n hele klomp ander – vir aanvanklike leidrade en voorstelle, vir uitnodigende vergesigte om intensiewe persoonlike bybelstudie te doen. Nadat ek dit bekom het, het ek voortbeweeg. Maar dit was slegs aanvanklike hulpmiddele. En **baie meer, selfs honderde meer, kan dieselfde ontnugterende oortuiging bevestig, dat**

> **sommige van hierdie ander manne baie keer 'n dieper insig in die geestelike dinge van God getoon het as wat baie van ons eie manne toe gehad het, oor die Heilige Gees en die oorwinnende lewe**. Dit was toe nog grotendeels 'n eienaardige tema. Leroy Edwin Froom, *Movement of Destiny*, p.324.

Hoe werk dit dat mense vanuit ander kerke, wat geweier het om in die Allerheiligste in te gaan deur geloof saam met Jesus in 1844, dieper geestelike insig in die dinge van God kan bekom, as dié wat wel in die Allerheiligste ingegaan het? Het die profeet nie vir ons aangedui watter gees sal kom oor dié wat die werk van Jesus in die Allerheiligste verwerp nie?

> Ek het my omgedraai om te kyk na die groep wat nog voor die troon gekniel het; hulle het nie geweet dat Jesus dit verlaat het nie. Dit het geskyn of die Satan daar by die troon was en geprobeer het om Gods werk voort te sit. Ek het gesien dat hulle na die troon kyk en bid, "Vader, gee ons U Gees!" Dan het die Satan op hulle 'n onheilige invloed geblaas; daarin was veel lig en krag, maar nie soete liefde en vreugde en vrede nie. Die Satan se doel was om hulle steeds te bedrieg, en om die kinders van God terug te trek en te verlei." *Eerste Geskrifte*, bl. 48; *Early Writings*, p. 56.

Deur 'n geloof te bely wat ooreenkom met die konserwatiewe Protestantse geloofsbelydenisse, het Adventisme haar hele begrip van die bemiddelende werk van Christus verander. Dit is aanvanklik nie so verstaan nie, want hierdie veranderinge was fundamentele veranderinge, nie op die oppervlakte nie, maar diep binne-in versteek. Die een ding wat wel opgetel is, is die klemverskuiwing op die versoening in die Allerheiligste. M.L. Andreasen[5] het

---

[5] Milian Lauritz Andreasen (1876 – 1962) was 'n Sewendedag Adventiste teoloog, leraar en skrywer. Hy was een van die kerk se mees prominente en invloedryke teoloë gedurende die 1940s en 1950s. Andreasen het die lering bekend as Laaste

luid uitgeroep in sy *Letters to the Churches*. Sy waarskuwing was gegrond, maar hy het ook op sand gebou, soos sy broeders, ten opsigte van die Drie-eenheid. Beide Froom en Andreasen het ‘n groot rol gespeel om baie Adventiste uit die Allerheiligste te laat terugbeweeg. Die “Finale geslag” teologie van Andreasen, ontdaan van die 1888 begrip van die bemiddelende werk van Christus, het gelei tot ‘n konserwatiewe beweging binne die Adventiste, wat hoë standaarde voorgestaan het, maar sonder die kennis van ‘n bemiddelaar wat alles van die Vader beërwe het.[6] Die gees van hierdie beweging was baiemaal aggressief, skerp, en amper aggresief. Die tekort aan hierdie kennis het die begrip van geregtigheid deur geloof verwring, en het baie Adventiste sonder hoop gelaat. Na hierdie druk vanuit die konserwatiewe geledere, het ‘n teenvoeter beweging, voorgegaan deur ‘n klompie Adventiste kenners, gewapen met Froom se “totale versoening by die kruis” klem, die agterdeur oopgemaak terug na die Heilige Plek. Hulle het veral die ore gesus van arme Adventiste heiliges wat moeg geword het van Andreasen se “finale geslag.” Hierdie kenners het gepraat deur die mondstuk van die vurige slange wat hulle gebyt het.

Die boek *Questions on Doctrine* is die simboliese skêr in die hande van Delila wat Adventisme sy krag ontneem het[7] en het die weg gebaan vir Adventisme se oë om uitgehaal te kon word met die 1980 Fundamentele belydenis. Dit

---

Geslag Teologie voorgestaan, wat kontroversiële sieninge omtrent die Versoendag en redding ondersteun het. Andreasen was ook bekend vir sy teenstand teen die Adventiste kerkleiers gedurende sy later jare. –Wikipedia.

[6]Sien my voorlegging – “The Heart of the 1888 Message.”
http://vimeo.com/20699949.

[7] Jer 7:28-29 - Sê dan vir hulle: Dit is die nasie wat na die stem van die HERE hulle God nie geluister het nie en die tugtiging nie aangeneem het nie; die opregtheid het verdwyn en is uitgeroei uit hulle mond. (29) Skeer jou mooi hare af, o Jerusalem, en gooi dit weg, en hef op die kaal heuwels ‘n klaaglied aan; want die HERE het die geslag van sy grimmigheid verwerp en verstoot.

was gedurende hierdie tyd dat die Filistyne met vreugde uitgeroep het dat hulle nou Adventisme bemeester het.

Al Simson se opleiding, standaarde en goeie leefstyl is vernietig deur sy begeerte tot eenheid met vreemde vroue. Net so is Adventisme se opleiding en hoë roeping weggevee deur sy begeerte tot die dogters van Babilon.

Die geloofsbelydenis wat voorgestel het dat ons op gemene voet staan met konserwatiewe Protestantse gelowe, was ‘n onomwonde verklaring, “Ons wil nie hê hierdie man moet koning oor ons wees nie.” (Luk.19:14).[8] Die dierbare Seun van God is die deur gewys met die druk en sirkulering van *Questions on Doctrine*. Met die verwerping van Christus is ons opvoedkundige institute deurtrek met vurige slange, met die gif van hoër kritiek, moderne metodes vir die opteken van die geskiedenis, en wetenskaplike metodes van evolusieleer. ‘n *Newsweek* tydskrifartikel van 1971 gee ‘n akkurate verslag hoe die demoniese magte Adventisme deurkruis het. ‘n Aanhaling van dr. Pipim se analise van die artikel:

> **Strategie om Adventisme te verander**. Maar die artikel het ook voortgegaan om ‘n skrikwekkende ontwikkeling in die kerk te noem. Die artikel noem die pogings van “liberale binne die SDA kerk wat die vroeë Adventiste tradisie van meningsverskil wil handhaaf.” Volgens die liberale “**is daar min seminaar-professors wat die 6000**

[8] “Die geskiedenis word herhaal. Vandag kom ons te staan teen dieselfde verkeerde redenasies van kerkleiers as wat gemaak is toe Christus op aarde was. Ons moet die woorde van Christus ag: “Pas op dat niemand julle mislei nie.” Die Jode het hulself mislei. Dit was nie as gevolg van ‘n terkort aan lig en bewyse dat Christus nie aanvaar is nie, en nie geglo en geëer is as die Messias nie. Dit was die boosaardigheid en jaloesie en vooroordeel wat so ‘n groot aantal met sy wrede mag gebind het. Gemoedere deurtrek met vooroordeel, verwring deur jaloesie en onheilige passies, sal nie die Woord van God raadpleeg oor ‘n besluit nie. Dié wat in Moses se plek gestaan het, het die valse interpretasies van die Skrif in die mense se gedagtes geplant.” *Signs of the Times*, 23 Julie 1896.

> **jaar teorie bevestig, en baie Adventiste glo nie meer dat die Skeppingsweek se dae wel 24 uur was nie.**" Die liberale voer ook aan "Adventiste het tradisioneel te veel klem gelê op die letterlike wederkoms van die tweede koms – hulle het gedink dit was om die hoek – en het die krag om christene te motiveer om die wêreld om hulle te verander, misken." Gedurende 'n tyd toe Adventiste veronderstel was om groot belangstelling te toon in eindtyd-gebeure, (in tegniese terme apokaliptiese eskatologie), was die kerk "totaal geïnfekteer deur eskatologiese vrese" volgens die opinie van die liberale Adventiste kenners.
>
> Die Newsweek artikel het ook **die strategie van die liberale Adventiste, wat die kerk se historiese leerstellings omtrent die skepping, die wederkoms en die eindtydgebeure wil heroorweeg, genoem: "Die eerste tree op die weg na die herstel van die andersdenkende gees van vroeër, voer liberale Adventiste aan dat die kerk moet ontslae raak van oordrewe Bybelse literalisme**." Samuel Pipim, *Receiving the Word*, p.75.[9]

Die grootste slang van alles wat die Adventisme kon byt was die begeerte dat "die kerk ontslae (moet) raak van oordrewe Bybelse literalisme." Na die verwerping van 'n letterlike Vader en 'n letterlike Seun, het ons kerk eerstens 'n metaforiese Vader en Seun aanvaar, wat daarna die besope kerk oopgestel het vir 'n hele stelsel van intelektuele filosofie. Die letterlike heiligdom is afgeskaal; asook die letterlike Seun van God wat ons natuur aangeneem het; vir baie, die letterlike 7-dae skepping; letterlike oorwinning oor sonde; hierdie en baie ander leerstellings is ter syde gewerp in

[9] Kursief gedrukte letters in oorspronklike druk.

dronkmansblindheid.[10] Die woorde van Leroy Froom was so waar toe hy gesê het dat hy nie weet waarna al hierdie dinge sal lei nie!

Een van die bewyse van die blindheid wat oor ons gekom het, is die belydenis van die toenmalige Algemene Konferensie President omtrent die nuwe Fundamentele leerstellings:

> Dit is belangrik dat ons noukeurig moet kyk na hierdie stellings, en as ons dit klaar ondersoek het, dat ons sal weet dat ons geen geweld gepleeg het nie, dat ons nie toegelaat het dat enigiets weggeërodeer het nie, of verswak het nie, maar dat ons eerder versterk is en gehelp is, en dat ons miskien meer duidelik en helder is.
>
> **Ons stel nie 'n verandering voor aan enige geloof of leerstelling wat hierdie kerk voorhou nie. Ons het geen begeerte om die fondasies van die kerk op te skeur nie. Hierdie dokument is nie ontwerp om dit te doen nie, en is nie daar om die weg oop te stel om dit te doen nie. Dit moet duidelik wees dat ons niks bysit of wegneem in terme van ons geskiedkundige Adventiste teologie nie.** Ons probeer om ons geloof uit te druk op 'n manier wat vandag verstaanbaar is. N.C. Wilson, *Review and Herald*, 23 April 1980.

Ek is oortuig dat die president ten volle oortuig was van wat hy gesê het. Hy het nie geglo dat die kerk enigiets verander het nie. Nogtans, met die verwerping van die beskerming van die Seun van God met die verspreiding van *Questions on Doctrine,* is belydenis gedoen wat ooreenkom met konserwatiewe Protestantse geloofsbelydenisse. Ons kan net jammer voel vir enige man wat verblind is deur die metaforiese mis wat vorendag kom met

---

[10] Sien my preek "The inroads of Spiritualism." http://vimeo.com/15862381. Sien ook hoofstuk 25 van my boek *The Return of Elijah.* Beskikbaar vanaf Amazon.com.

so ‘n belydenis van die Drie-eenheid. Ek is nie besig om ons president te veroordeel nie. Ek was net so blind soos hy was. Ek sal nie waag om ‘n klip na hom te gooi nie. Nogtans is dit die feite van die geskiedenis, en behoorlike herstel kom net na behoorlike diagnose.

As ‘n bevestiging van hierdie blindheid, wat aan ons vertel dat niks verander het nie, hoor ons 13 jaar later die beroemde stelling in die woorde:

> Die meeste stigters van Sewendedag Adventisme sal nie vandag by die kerk kan aansluit nie, indien hulle die denominasie se fundamentele leerstellings moet onderskryf. Meer spesifiek, die meeste sal nie kan saamstem met geloof no.2 nie, wat die leer van die Drie-eenheid beskryf. George Night, *Ministry*, Okt. 1993, bl. 10.

As ons niks verander het nie, en as ons nie die fondasies opgeskeur het nie, waarom sal ons pioniers nie langer by die kerk kan aansluit nie? Baie mense stel voor dat dit slegs ‘n leuen is wat ‘n dieper agenda wegsteek. Kan jy ‘n dronk mens aankla van leuens? Dit sal moeilik wees om so ‘n getuienis in die hof te laat geld.

So nou is Adventisme besig om meel te maal vir die Filistyne, en om hulle koninkryk te voed, eerder as die koninkryk van die Hemele. Sommige van ons het tot ons sinne gekom nadat ons vir jare gelewe het sonder krag, sonder oë en sonder hare!

Wie is die kind (die dienaar) wat Adventisme sal lei na die geheim van Babilon se krag; hierdie kind van die Filistyne wat Adventisme sal lei na die pilare van Babilon om hulle af te breek? Hierdie is dinge om te oorweeg as ons bid vir die blindheid van Adventisme. Wie was die Eli van Adventisme wat blind geword het vir die werk wat gedoen is in die 1940s en 1950s en toegelaat het dat hulle seuns Hofni (die bokser) en Pinehas (die mondstuk van die slang) toegelaat het dat die ark uit die Allerheiligste verwyder word? Hierdie is dinge wat ons kan oordink en waaroor ons kan bid.

Behalwe dat ons hier punte van oorweging gee binne die konteks van die huidige voorstelling, vra ek ook van jou om vriendelik te wees teenoor die leiers van die Adventiste Kerk. Baie van hulle is dronk van wyn, gebyt deur vurige slange en vol gif; hulle ly aan blindheid en is kaalkop.

Laat ons onthou dat baie groepe wat al opgestaan het binne Adventisme, met 'n geloof in die eniggebore Seun van God, gekom het vanuit dieselfde geskiedenis, en blind geword het vir die goddelike patroon. Die pyn van die slange het veroorsaak dat hulle hul trou aan God se oorblyfselkerk weggegooi het. Laat ons geduldig wees met mekaar terwyl ons detoksifiseer van die slange se gif wat ons almal geërf het.

Dit is slegs met die genade van ons God dat somminge van ons toegelaat is om op 'n manier darem bymekaar te kan bly. Somminge van ons is toegelaat om mense soos bome te sien rondloop. Laat ons uitroep na die Seun van Dawid om genadig te wees teenoor ons almal sodat ons kan sien, want inderdaad, gesigte is daar nie baie nie (1 Sam.3:1).

Laat ons die storie van Jesus in Matt.20 onthou. Daar was twee blinde manne:

> **Mat 20:30** En daar het twee blindes langs die pad gesit; en toe hulle hoor dat Jesus verbygaan, roep hulle uit en sê: Wees ons barmhartig, Here, Seun van Dawid!

Een van die blinde manne is die kerk wat die Seun van God verwerp het en ons goddelike "Uit Wie" man (*husband*) verlaat het. Die ander blinde man stel dié voor wat God se uitverkore kerk verwerp het; die "Deur Wie" kanaal tot wie Christus Homself verloof het. Ons moet beide die Verlosser vra:

> **Matt 20:32-34** Toe gaan Jesus staan en roep hulle en sê: Wat wil julle hê moet Ek vir julle doen? (33) Hulle antwoord Hom: Here, dat ons oë geopen mag word. (34) En Jesus het innig jammer vir hulle gevoel en hulle oë aangeraak, en dadelik het hulle oë gesien, en hulle het Hom gevolg.

Mag Jesus weer innig jammer voel vir ons vir al ons blindheid, ons blindheid wat gekom het deurdat ons die beskerming en voorsiening van ons Losser en Verlosser verwerp het. Ons het geweier om sy vleuel oor ons te hê.

Laat ons gebed wees: "Here, dat ons oë geopen mag word."

# Deel 4
# Ontvang seëninge deur 'n korrupte kanaal

## 13. Hanna se uitmuntende voorbeeld

Noudat ons die geskiedenis van die metaforiese mis, wat ons kerk in afvalligheid gebring het, in die vorige hoofstuk ondersoek het, is dit vir baie natuurlik om te aanvaar dat daar geen kanaal van seën deur die Sewendedag Adventiste Kerk oorbly nie. Nogtans is daar vir ons lesse in die storie van Hanna wat ons vandag kan toepas.

In die eerste hoofstuk van Samuel is die storie opgeteken van Hanna en haar stryd met die feit dat sy kinderloos was, en bo dit alles het sy gesukkel met die vyandige woorde van 'n tweede vrou wie kinders gehad het, terwyl sy self oënskynlik geen kinders kon kry nie.

> **1 Sam 1:1-2** Daar was 'n sekere man uit Ramatáim, 'n Sufiet, uit die gebergte van Efraim, en sy naam was Élkana, die seun van Jeróham, die seun van Elíhu, die seun van Tohu, die seun van Suf, 'n Efratiet. (2) En hy het twee vroue gehad; die naam van die een was Hanna, en die naam van die tweede was Peninna; en Peninna het kinders gehad, maar Hanna het geen kinders gehad nie.

> **1 Sam 1:4-7** En op 'n dag het Élkana geoffer en aan sy vrou Peninna en al haar seuns en haar dogters dele van die offervleis gegee; (5) maar aan Hanna het hy 'n dubbele deel gegee; want hy het Hanna liefgehad; maar die HERE het haar moederskoot toegesluit. (6) En haar mededingster het haar ook bitterlik geterg om haar te vertoorn, omdat die HERE haar moederskoot

> toegesluit het. (7) So het hy gedoen van jaar tot jaar, telkens as sy opgaan in die huis van die HERE. Só het sy haar geterg, dat sy geween het en nie wou eet nie.

Hanna se man Elkana het nie verstaan dat hy 'n priesterlike rol het om te vervul teenoor Hanna, deur vir haar te bid nie. Isak het wel so ingetree vir Rebekka:

> **Gen 25:21** En Isak het die HERE gesmeek met die oog op sy vrou, want sy was onvrugbaar; en die HERE het hom verhoor, sodat sy vrou Rebekka swanger geword het.

In stede daarvan het Elkana haar onwetend verder seergemaak deur aan haar trooswoorde te bring: "Is ek nie vir jou beter as tien seuns nie?"

Hanna het nie gereageer soos Ragel gereageer het in dieselfde situasie nie.

> **Gen 30:1** En toe Ragel sien dat sy vir Jakob geen kinders baar nie, het Ragel jaloers geword op haar suster en aan Jakob gesê: Gee vir my kinders of anders sterf ek.

Die beproewing wat Hanna deurmaak het deur te kompeteer met 'n ander vrou deur kinderloos te wees, het die lewe vir haar ondraaglik gemaak. Maar in plaas daarvan om uitlating te gee aan haar frustrasie, het sy dit na die Here geneem.[1]

---

[1] Haar man het haar tevergeefs probeer troos. "Waarom ween jy en waarom eet jy nie? En waarom is jou hart bedroef?" het hy gevra. "Is ek nie beter as tien seuns nie?" Hanna het hom nie verwyt nie. Die las waarin geen aardse vriend kon deel nie, het sy op God gewerp. Sy het ernstig gebid dat Hy haar skande moes wegneem en aan haar ook die kosbare geskenk moes gee van 'n seun wat sy vir hom sou grootmaak en oplei. En sy het 'n plegtige eed afgelê dat indien daar aan haar versoek voldoen is, sy haar kind van sy geboorte af aan die Here sou wy. *Patriarge en Profete*, p. 601; *Patriarchs and Prophets*, p. 569.

> **1 Sam 1:10** En bitter bedroef het sy tot die HERE gebid en bitterlik geween.

Selfs asof dit nie genoeg was nie, is sy, terwyl sy gebid het in die tempel, deur die priester daarvan beskuldig dat sy dronk was.

> **1 Sam 1:12-13** En toe sy lank gebid het voor die aangesig van die HERE en Eli op haar mond ag gee— (13) want Hanna het in haar hart gespreek: net haar lippe het geroer, maar haar stem kon nie gehoor word nie—het Eli gedink dat sy dronk was.

Kom ons kyk baie mooi na hierdie deel van die storie. Hanna se lot was vir haar baie moeilik as gevolg van haar omstandighede. Sy is verag deur ‘n mededingende vrou en is misverstaan deur haar man. En daarby was Eli nie ‘n getroue priester nie.

> Eli was ’n priester en rigter oor Israel. Hy het die hoogste en verantwoordelikste betrekking onder Gods volk beklee. Omdat God hom gekies het om die heilige priesteramp waar te neem en hom met die hoogste regterlike gesag in die land beklee het, het die volk na hom opgesien om ’n voorbeeld te stel en het hy ’n groot invloed op die stamme van Israel gehad. Maar hoewel hy aangestel is om oor die volk te heers, het hy sy eie gesin nie geregeer nie. Eli was ’n toegeeflike vader. Omdat hy vredeliewend en gemaksugtig was, het hy sy gesag nie laat geld om die bose gewoontes en hartstogte van sy kinders te bestraf nie. Pleks dat hy met hulle gestry en hulle bestraf het, het hy hom aan hulle wil onderwerp en hulle hul eie sin gegee. *Patriarge en Profete*, p. 607; *Patriarchs en Prophets*, p.575.

Ons weet ook dat, net voordat Eli gesterf het, dat hy oorgewig was. Dit dui aan dat Eli nie sy aptyt kon beheer nie. Omdat hy nie sy eie drifte kon beheer nie, kon hy ook nie die passies van sy seuns in toom hou nie.

Ons weet ook dat, vandat Samuel in die tempel begin diens doen het, hierdie seuns afvallig was teenoor die Here:

> **1 Sam 2:12** Maar die seuns van Eli was deugniete; hulle het die HERE nie erken nie.

Ons weet ook:

> **1 Sam 2:22** Maar Eli was baie oud, en as hy hoor alles wat sy seuns aan die hele Israel doen, en dat hulle gemeenskap hou met die vroue wat dien by die ingang van die tent van samekoms…

Kom ons hou dit in gedagte as Eli vir Hanna aankla dat sy dronk is in die tempel.

Wat sou ons reaksie gewees het in sulke omstandighede?

1. Met die wete dat Eli laks was en nie sy seuns gedissiplineer het nie.
2. Met die wete dat Eli self nie sy eetlus kon beheer nie.
3. Dalk met die wete dat Eli se seuns besig was met bose dinge in die tempel. Dit het ingesluit om die offerandes te skend, en met vroue wat diens doen in die tempel te slaap.

As ons hierdie dinge geweet het, en gevul was met pyn van jarelange geterg van ‘n mededingende vrou, sal dit nie natuurlik wees om die priester kaalkop die waarheid te vertel nie? Sal dit nie redelik wees om die priester te herinner dat hy eers die balk uit sy eie oog moet haal voordat hy die splinter uit iemand anders se oog kan haal nie?

> **1 Sam 1:15** Maar Hanna antwoord en sê: Nee, my heer, ek is ‘n vrou beswaard in my gemoed: wyn of sterk drank het ek nie gedrink nie, maar ek het my siel voor die aangesig van die HERE uitgestort.

Sy het hartseer geantwoord, “Nee, my heer.”

Op die kritieke oomblik het Hanna die goddelike patroon gehandhaaf en in die Gees van Christus gereageer deur God se bemagtige agent te erken.

Hoe dink julle het die hemel gereageer in daardie oomblik? Dink julle ons Vader in die Hemel het geglimlag? Dink jy Hy het dalk ‘n traan van vreugde gestort? Hierdie vrou het al die rede in die wêreld gehad om al haar pyn en frustrasie uit te haal op hierdie laks, vet en halfblinde priester!

Let op na die woorde van seën wat kom deur hierdie onbekwame priester vanuit die troon van die Hemel:

> **1 Sam 1:17** En Eli antwoord en sê: Gaan in vrede, en mag die God van Israel jou bede gee wat jy van Hom gebid het.

Dit is deur hierdie seën van Eli dat God aan Hanna vrede gegee het[2], en dit is deur ‘n daad van onderdanigheid aan ‘n korrupte priesterdom dat die profeer Samuel voortgebring is.

Meer as dit, Hanna was gewillig om haar seun oor te gee aan hierdie priester wat haar tydens ‘n vorige ontmoeting beskuldig het daarvan dat sy dronk was.

Sal jy jou eersgeborene oorhandig aan so iemand wat so met jou gepraat het?

Watter geloof! Watter moed! Wat ‘n wonderlike vrou!

Is daar vandag lesse vir ons hierin? Is ons besig om korrupte leierskap in die gesig te staar, sommige van wie besig is om die offerandes te skend en dit te investeer in twyfelagtige plekke? Het ons manne wat laks is om die jongere leraars in toom te hou as hulle allerhande afvallighede die kerk inbring? Hoe hanteer ons sulke leraars as hulle ons beskuldig dat ons dronk is, terwyl ons eintlik uitroep in beswaardheid van gemoed as gevolg van ons liefde vir die eniggebore Seun, ‘n uitroep van smeking dat die Seun erken word in Sy kerk?

---

[2] “ Die hoëpriester was diep bewoë, want hy was ‘n Godsman, en pleks dat hy haar bestraf, het hy haar geseën. “Gaan in vrede, en mag die God van Israel jou bede gee wat jy van Hom gebid het.” *Patriarge en Profete* p.602; *Patriarchs and Prophets*, p.570.

Is daar ‘n les vir ons? Kan seën na ons kom deur ‘n korrupte kanaal? Is daar ‘n sleutel vir ons situasie?

Is dit moontlik dat deur hierdie leiers wat hierdie dinge doen, sal daar ‘n seën kom om die profetiese stem te herstel? Hierdie stem wat tans bestem is om die komende oordeel uit te spreek oor die struktuur wat eens die stem gedra het?

“… Wie ‘n oor het, laat hom hoor.”

# 14. Abígail se soete geur van onderdanigheid

Een van die beste illustrasies van die Gees van Christus in reaksie op ‘n korrupte leierskap in afvalligheid, is dié van Abígail.

> In die karakter van Abígail, die vrou van Nabal, het ons ‘n illustrasie van vroulikheid na die orde van Christus. *21 Manuscript Releases*, p.213.

Nabal het al die geestelike voordele gehad as ‘n afstammeling van Kaleb, maar was alles wat ‘n leier nie behoort te wees nie. Die Bybel beskryf Nabal en Abígail as totale teenoorgesteldes:

> **1 Sam 25:3** En die naam van die man was Nabal, en die naam van sy vrou Abígail; en **die vrou het ‘n goeie verstand gehad en was mooi van aansien; maar die man was grof en boosaardig**, en hy was ‘n Kalebiet.

Die woord *grof* beteken streng, hard van hart, hardnekkig, ru, koppig, droewig en halsstarrig. Die woord *boosaardig* sluit in vyandigheid, beproewing, kwaadheid, onnutsigheid en ellendigheid. Hierdie man is ‘n man uit die hel. Die enigste goeie ding omtrent hom is sy familie-verbintenis met Kaleb, wat eintlik toevoeg tot die boosaardigheid van die man. Kan jy jou voorstel hoe dit vir Abígail moes wees het om getroud te wees met hierdie man? Wat kon erger gewees het as om getroud te wees met ‘n hardnekkige, ruwe, koppige man? Nogtans lees ons met verbasing en vreugde dat Abígail, te midde van hierdie geweldige vervloeking as ‘n pragtige vrou staan, vol wysheid en met ‘n goeie verstand. Die Hebreeuse woord “goeie verstand” beteken:

> Intellegensie; by implikasie – sukses: diskressie, kennis, beleid, omsigtigheid, verstandigheid, begrip, wysheid.

Hoe kry ‘n welriekende plant dit reg om te groei in die kanaal van so ‘n droë fontein? Is dit nie die Gees van Hom wat “soos ‘n loot voor sy aangesig opspruit en soos ‘n wortel uit droë grond?” (Jes.53:2). Ons lees:

> Die Gees van die Seun van God was in haar siel. *Patriarchs and Prohets,* p.667.

Die Bybel vertel dat Dawid en sy manne beskerming verleen het aan Nabal. Dawid het ‘n afvaardiging van tien manne na Nabal gestuur met ‘n seën en ‘n versoek. Let op na die boodskap van Dawid deur die tien manne aan Nabal:

> **1 Sam 25:6-8** en so moet julle aan die welvarende sê: Mag dit goed gaan met u sowel as met u huis, en goed gaan met alles wat u besit. (7) En nou, ek het gehoor dat u skeerders het; nou ja, u wagters was met ons saam; ons het hulle nie beledig nie, en hulle het ook niks vermis al die dae wat hulle in Karmel was nie. (8) Vra u dienaars, en hulle sal u dit te kenne gee; laat dus die jongmanne guns vind in u oë, want ons het op ‘n vrolike dag gekom; gee tog wat u byderhand het aan u dienaars en aan u seun Dawid.

Dawid was die gesalfde van die hemel om Israel te seën. Die seën wat hy gestuur het, was nie net leë woorde nie. Hierdie woorde het ‘n werklike seën gedra aan Nabal en sy huishouding. Die ontvangs van hierdie seën het maar slegs van Nabal gevra om die Abrahamiese verbondsbeginsel van seën te volg deur die een te seën wat deur God geseën is.

> **Gen 12:2-3** En Ek sal jou ‘n groot nasie maak en jou seën en jou naam so groot maak, dat jy ‘n seën sal wees. (3) En Ek sal seën diegene wat jou seën, en hom vervloek wat jou vervloek; en in jou sal al die geslagte van die aarde geseën word.

Daar was ook ‘n seën vir Abígail in die woorde van Dawid, nogtans het haar man homself in die posisie geplaas om ‘n vervloeking oor sy huishouding te plaas, en daarom ook ‘n vervloeking op Abígail.

> **1 Sam 25:10-11** Maar Nabal het die dienaars van Dawid geantwoord en gesê: Wie is Dawid? En wie is die seun van Isai? Daar is vandag baie dienaars wat hulle losskeur, elkeen van sy heer af. (11) Sou ek dan my brood en my water en my slaggoed wat ek vir my skeerders geslag het, neem en aan manne gee van wie ek nie weet waar hulle vandaan kom nie?

Let op na die uitdaging wat Nabal maak; dit klink soos Farao se uitdaging teenoor Moses in Eksodus 5:2. Nabal gaan verder as Farao se algemene uitdaging, deur die seunskap van Dawid te bevraagteken. Nabal erken nie Dawid as die seun van sy vader nie. Dit was deur hierdie familie wat Jakob aangedui het dat die septer nie sou wyk nie (Gen 49:10). Die ontkenning van sy identiteit was ‘n direkte verwerping van sy reg om te regeer in Israel.

Genadiglik het een van die jongmanne die hele storie aan Abígail vertel, hoedat die seun van Isai[1] ‘n beskerming verleen het aan haar man se kudde en hulle glad nie beledig het nie. Die ondersoekende vraag word aan hierdie wyse vrou gestel:

> **1 Sam 25:17** En nou moet u self ondersoek en kyk wat u moet doen; want die onheil is vas besluit oor ons heer en oor sy hele huis; maar hy self is so ‘n deugniet dat jy nie met hom kan praat nie.

In hierdie stelling is die dienaar besig om te smeek om sy eie lewe. Hy weet dat Nabal nie na hom of na enige dienskneg sou luister nie. Nogtans, as iets

---

[1] Isai beteken “Ek berei” – en Spr 8:22 sê “Die Here het my berei as eersteling van Sy weg.”

nie gedoen word nie, was daar ‘n groot risiko dat Dawid die hele huishouding sou uitgeroei het.

Abígail neem ‘n besluit sonder haar man se medewete. Sy weet dat, sou sy by hom pleit, sy weer dieselfde reaksie as voorheen sou kry.

> Abígail het geweet dat sy iets moes doen om die resultate van Nabal se foute omver te werp. **Sy het ook geweet sy moes die verantwoordelikheid neem om onmiddellik te reageer sonder die medewete van haar man.** Sy het geweet dat dit sinneloos sou wees om met hom te praat, want hy sou haar voorstelle net misbruik en met veragting ontvang.Hy sou haar herinner dat hy die heer van die huishouding is, dat sy sy vrou is, en dat sy, in onderdanigheid, aan hom gehoorsaam moes wees. Sy het geweet dat die wrede boodskap onmiddellik teëgewerk moes word. Sonder sy toestemming het sy die nodige goedere, wat sy gehoop het die gramskap van Dawid sou afweer, bymekaar gemaak, want sy het geweet dat Dawid hom sou wreek op die belediging wat hy ontvang het. Sy het ook geweet dat Nabal so vas is in sy weë dat hy nooit na haar raad sou luister of doen wat sy voorstel nie. Sy het self aan Dawid die dinge wat Nabal geweier het om te gee, gebring, en het haarself aan Dawid se kant geskaar, ter wille van Dawid self. Abígail se optrede in hierdie omstadighede was ‘n optrede wat God goedgekeur het. Die omstandighede ontbloot haar edel gees en karakter. *21 Manuscript Releases*, p.213.

Kom ons staan vir ‘n oomblik stil en oorweeg die lewe van Abígail onder die tirannie van Nabal. Hoeveel keer het hy haar gespot? Hoeveel keer het hy haar misbruik en laat voel soos ‘n stuk handelsware? Hoeveel keer het hy haar die dinge ontneem wat ‘n vrou van haar man moet ontvang? Hy is ‘n man wat totaal gestroop is van sagtheid, bedagsaamheid en sorg oor haar welsyn. Deur haar toenadering tot Dawid kon sy haar eie ontsnapping verseker het. Sy kon Dawid ingelig het watter bose mens haar man was en

verder vertel het omtrent die mishandeling van hom ontvang.Maar wat vertel inspirasie ons?

> Abígail het Dawid met respek benader, deur hom eerbied en respek te betoon, en het haar saak welsprekend en suksesvol gestel. Ten spyte daarvan dat sy nie haar man se onbeskoftheid goedgekeur het nie, **het sy steeds vir sy lewe gepleit**. *21 Manuscript Releases*, p.214.

Ek is nie seker watter emosies tans deur jou hart gaan nie, maar ek moes stop en hard hieroor nadink. Sou jy gepleit het vir die lewe van die man wat jou niks anders as ellende gebring het nie? Abígail was 'n pragtige mens, binne en buite. Sy het die kanaal van seën verstaan. As sy haar man vervloek het, sou sy 'n vervloeking oor haarself gebring het. Meer as dit, sy bepleit die volgende saak by Dawid:

> **1 Sam 25:28** Vergeef tog die oortreding van u dienares, want die HERE sal sekerlik vir my heer 'n bestendige huis stig, omdat my heer die oorloë van die HERE voer en in u hele lewe in u geen kwaad gevind is nie.

Abígail vra Dawid om haar te vergewe. WAT! Maar Abígail het niks verkeerd gedoen nie! Hoekom sou sy dit doen? Omdat Abígail die kanaal van seën verstaan, en omdat sy Nabal se vrou was, het sy die sonde van Nabal as haar eie toegereken. Sonder om werklik hierdie sonde te omarm, kon sy dit nie werklik bely nie.

Abígail het 'n geloof gewys wat diep in die karakter van God en sy koninkryk ingedring het. In geloof het sy gesmeek om die lewe van haar man, en het sy sy sonde bely. Sy het God vertrou dat Hy die diep uitroep van haar hart om vryheid van tirannie sou hoor, en dat sy vryheid sal ontvang om die seun van Isai openlik te eer.

So lees ons:

> **1 Sam 25:36-37** Toe Abígail by Nabal kom, het hy juis 'n maaltyd in sy huis aangerig soos die maaltyd van 'n koning; en Nabal se hart was vrolik in hom, en hy was baie dronk; daarom het sy hom niks, klein of groot, meegedeel totdat dit die môre lig word nie. (37) Maar die môre vroeg toe die wyn Nabal verlaat het, deel sy vrou hom dié dinge mee. Daarop het sy hart in sy binneste gesterwe en was hy soos 'n klip.

**Deur te smeek om die lewe van haar man, het God haar vrygemaak van die sy tirannie deur sy lewe te beëindig.**

So sien ons dat, deur 'n proses van smeking om die lewe van haar onmiddellike outoriteit, en deur sy sonde op haarself te neem deur dit te bely, het God daardie outoriteit van haar weggeneem en haar direk toegang tot Dawid verleen deur die huwelik.

> **1 Kor 10:11** Maar al hierdie dinge het hulle oorgekom as voorbeelde en is opgeskrywe as 'n waarskuwing aan ons op wie die eindes van die eeue gekom het.

Die Seun van God en sy engele was 'n muur van beskerming om die Sewendedag Adventiste kerk. Hy het 'n afvaardiging gestuur na die kerk met 'n seën van vrede en 'n versoek vir 'n dankoffer. Ongelukkig het ons kerk hulle stem verhef met 'n sterk en onversetlike toon[2] en gesê: "Wie is die Seun van Dawid? Ons wil nie hê dat hierdie man koning oor ons moet wees nie!"

Die gevolg is dat boosheid die seker toekoms is van die huishouding van Adventisme. Boodskappe is na ons gestuur as waarskuwing omtrent die ramp wat ons sal oorval. Baie van ons is swaar beproef deur die kerk en is glad nie toegelaat om dank te offer aan die Seun van Dawid in die Adventiste huishouding nie. Wat moet ons doen, broeders en susters? Sal ons aan die

---

[2] "Sommige vroeë Adventiste het met hierdie begrip geworstel, maar ons kerk het 'n sterk en onwrikbare stelling ingeneem op hierdie punt." *Om God vlugtig te sien*, *Bybelstudiegids*, Les 1, Sabbatmiddag, Eerste kwartaal, 2012.

Seun van Dawid vertel watter bose man die leierskap van Adventisme is? Sal ons van hierdie geleentheid gebruik maak om onsself te bevry van sy tirannie en sy verwoesting beplan deur "voorsienige" omstandighede? Sal ons nie liewer die welriekende geur van Abígail vrystel deur ons smekinge aan die Seun van Dawid nie?

> Hierdie woorde kon van geen ander kom as van die lippe van een wat die wysheid van Bo gesmaak het nie. Abígail se godsvrug het hom soos die geur van 'n blom onbewus op haar gelaat en in woord en in daad uitgeadem. Die Gees van die Seun van God het by haar gewoon. Haar woorde was met genade gekruie en vol van vriendelikheid en vrede, en het 'n hemelse invloed versprei. *Patriarge en Profete*, p.708; *Patriarchs and Prophets*, p.667.

Sal ons nie smeek om die lewe van ons kerk en vir die sonde van ons kerk nie? Sal ons nie werklik die sonde eien sodat ons dit werklik kan bely aan die Seun van Dawid nie? Ons het nie die toestemming van die kerk nodig om in te tree voor die Seun van God nie. Ons kan ons lofprysing bring en ons saak bepleit. Ons het sekerlik nie die toestemming nodig van dié wat alreeds die ontroue leierskap verlaat het nie. Laat ons vinnig optree om die Seun van God tot inkeer te bring met ons smeekbede en ons pleidooie.

Nabal moes nie gesterf het nie. Toe hy die nuus van sy vrou verneem het, kon hy haar wysheid om hom te red, erken het; sy sonde teenoor haar bely het, en haar gevra het om hom te vergewe vir sy buffelagtigheid. Hy kon reggemaak het waar hy verbrou het, maar deur sy uittarting, en deur te weier dat 'n seën van Dawid na hom kom en deurbeweeg na Abígail, het God die verstopping in die kanaal verwyder en verseker dat Abígail die seën van vrede ontvang wat aanvanklik aan haar gebied is.

Een van die versperrings wat Nabal verhoed het om sy weë te verander, was sy dronkenskap en sy begeerte om soos 'n koning op te tree. As hy nie so dronk was nie, het hy dalk sy weë verander. Net so is die wyn van Babilon

besig om baie in ons kerk te verlei, en loop hulle gevaar om ‘n hartaanval te kry. Dan sien ons dat die mees kragtige manier om ‘n obstruksie in die kanaal te verwyder, is om die sonde van daardie obstruksie op onsself te neem en te smeek om die lewe van daardie obstruksie in die kanaal.

Sal ons nie smeek om hulle lewens nie? Sal ons nie ernstig bid vir hulle lewens nie? Dan sal die woorde oor ons uitgespreek word:

> **1 Sam 25:32-33** Toe sê Dawid vir Abígail: Geseënd is die HERE, die God van Israel, wat jou vandag my tegemoet gestuur het! (33) En geseënd jou verstandigheid en geseënd jy self wat my vandag teëgehou het om in bloedskuld te geraak en my met eie hand te help.

Ek nooi jou uit om die storie van Abígail self noukeurig te lees, want daar is baie meer leersame lesse wat ons kan lees tot ons eie voordeel. Ek noem hier ‘n paar punte vir jou eie nadenke:

- Die storie neem plaas na die afsterwe van Samuel, dus is die storie van toepassing na die afsterwe van ‘n profee t. 1Sam.25:1.
- Nabal was ‘n ryk man. Hy was ryk, en het verryk geword, en het aan niks gebrek gehad nie. 1Sam.25:2.
- Selfs al was Saul die koning en dit gelyk het of Dawid sou ondergaan onder Saul, het Abígail haar geloof behou in die seun van Isai, dat hy op die troon van Israel sou regeer. 1Sam.25:30.
- Abígail was verhoed om haar man te waarsku as gevolg van sy dronkenskap. 1Sam.25:36
- Toe Dawid haar as haar vrou geneem het, het sy vyf diensmeisies met haar saamgeneem na die troue. Gee die gees van Abígail ons die geur van die olie wat deur die vyf wyse maagde besit is? 1 Sam.25:42.

## 15. Die man na God se hart

Die lewens van Hanna en Abígail staan soos ligbakens vir dié wat onder korrupte leierskap staan. Die Gees van Christus in Hanna het die weg voorberei vir 'n magtige profeet om 'n herforming in Israel te bring. Die welriekende prag van Abígail het die troon van die toekomstige monarg gestabiliseer deur haar wyse raad wat gegee is op 'n nederige, onderdanige wyse. Beide hierdie vroue het 'n seën afgebring deur 'n korrupte kanaal om nie net hulself te seën nie, maar die hele gemeenskap.

In die lewe van Dawid vind ons verdere lewensbelangrike lesse; hoe die mense van God behoort te reageer teenoor mislukte of korrupte leierskap. Dawid se storie roep uit na ons as 'n waarskuwing vir almal wat voel hulle is geroep om 'n werk vir God te verrig.

> **1 Sam 16:13** Samuel neem toe die horing met olie en salf hom te midde van sy broers, en die Gees van die HERE het van dié dag af en verder oor Dawid vaardig geword. En Samuel het klaargemaak en na Rama gegaan.

Dawid is gesalf deur die hoogste geestelike gesag om as koning te heers oor Israel. God het Saul verwerp, en Dawid moes hom vervang. Ons vind dit interessant dat Dawid geen stappe neem om aan homself te gee wat God belowe het nie.

> Die groot eer wat Dawid te beurt geval het, het hom nie hovaardig gemaak nie. Ten spyte van die hoë betrekkinge wat hy sou vul, hy het stil na sy werk teruggekeer en tevrede gewag dat die Here Sy planne op Sy eie tyd en manier moes vervul. *Patriarge en Profete*, p.677; *Patriarchs and Prophets*, p. 641.

Ons sien dat die Here vir Dawid die weg oopmaak om die werksaamhede van die koninklike hof te leer ken deurdat hy geroep word om vir die koning te speel sodat die koning verlig kon word. (1 Sam.16:20-23). Nadat Dawid vorendag getree het as 'n prominente figuur in die koningkryk, sien die buierige koning Saul hom as 'n bedreiging.

Dit is op hierdie punt dat ons ligstrale sien in Dawid se lewe. Teen hierdie tyd was Dawid getroud met een van die koning se dogters; hy het ook geweet dat Jonatan hom liefhet en dat baie mense in die gemeenskap met lof oor hom gepraat het. Sal dit nie 'n goeie tyd wees om te beweer dat hy leierskap van die nasie behoort te aanvaar nie? Is hy nie gesalf tot die toekomstige koning nie? Kan hy nie Samuel se hulp inroep, opstaan in die hoofstad van die land, en homself tot koning verklaar nie? Waarom weghardloop van die koning terwyl dit binne sy mag was om die mense in sy guns te draai? Kom ons som Dawid se situasie op:

1. Hy is verorden deur die hoogste geestelike gesag en vorige rigter van Israel as koning.
2. Hy was 'n nasionale held nadat hy Goliat gedood het.
3. Hy was getroud met die koning se dogter.
4. Die troonopvolger het hom liefgehad.
5. Dawid was 'n gedugte generaal wat 'n groep dodelike vegters gelei het, en het pas groot oorwinnings oor die Filistyne behaal.

Waarom weghardloop van Saul af? Hy het Goliat self oorwin, sonder enige hulp. Sal God nie vir Saul in sy hand gee sodat hy die troon kan oorneem nie? Wat gebeur volgende, volgens die Skrif?

> **1 Sam 24:3-5** Daarop het Saul drie duisend uitgesoekte manne uit die hele Israel geneem en heengegaan om Dawid en sy manne te soek teenoor die Steenbokrotse. (4) Toe hy kom by die skaapkrale langs die pad waar 'n spelonk was, het Saul daar ingegaan om sy voete te bedek, terwyl Dawid en sy manne agter in die spelonk sit. (5) En die manne van Dawid sê aan hom: Kyk,

> dit is die dag dat die HERE aan u sê: Nou gee Ek jou vyand in jou hand, en maak met hom soos goed is in jou oë. Toe staan Dawid op en sny stilletjies die slip van Saul se mantel af.

As jy in daardie grot was, en jy sien deur die donker hier kom dieselfde man, wat jou wou doodgemaak het, aangeloop, net mooi waar jy wegkruip. Sekerlik sou jy dit as goddelike ingryping gesien het. Sekerlik sou jy geredeneer het dat jy God se gesalfde en toekomstige monarg is, en dat jy die lyding van Israel behoort te staak en dat jy moet deurstap deur hierdie geopende deur wat God hier voorsien het, sal jy nie?

> **1 Sam 24:7-8** en hy het aan sy manne gesê: Mag die HERE my bewaar dat ek so iets aan my heer, die gesalfde van die HERE, sou doen om my hand teen hom uit te steek; want hy is die gesalfde van die HERE. (8) En Dawid het sy manne streng bestraf en hulle nie toegelaat om teen Saul op te staan nie. En Saul het uit die spelonk uit opgestaan en sy koers gegaan.

WAT! Hierdie demoniese mal man wat besig is om kosbare bronne te spandeer op die moord van die man wat God geroep het om koning te word! Wat noem Dawid hierdie man? "Die gesalfde van die Here."

As jy een van Dawid se manne was, sou jy met hom probeer redeneer het? Miskien was Dawid jonk en onervare? Miskien kan hy nie die stem van die Here onderskei nie en het hy so 'n bietjie Judas-agtige hulp nodig gehad om op die troon geplaas te word wat voorsienigheid so duidelik voor hom neergesit het!

Hierdie storie is nie net verstommend omdat Dawid gesê het wat hy gesê het nie, maar ook omdat die manne wat by hom was die woorde wat hy gesê het, net so aanvaar het.

*O Vader in die hemel, hoe broodnodig het ons manne nodig wat gevul is met hierdie Gees. Stuur asseblief hierdie Gees om ons te help om mislukte*

*leierskap op die regte manier te hanteer. Ek vra dit in die Naam van U Seun, Jesus.*

Net om seker te maak dat ons nie die punt mis nie, neem Dawid ons weer deur dieselfde roetine in 1 Samuel 26. Ek nooi jou om die hele hoofstuk deur te lees, maar hier is die beginsel weer uitgespel:

> **1 Sam 26:9-11** Maar Dawid sê vir Abísai: Bring hom nie om nie, want wie slaan sy hand aan die gesalfde van die HERE en bly ongestraf? (10) Verder sê Dawid: So waar as die HERE leef, sekerlik sal die HERE hom slaan, òf sy dag sal kom dat hy sterwe, òf hy sal aftrek in die geveg en omkom! (11) Mag die HERE my bewaar dat ek my hand aan die gesalfde van die HERE sou slaan! Maar neem nou tog die spies wat aan sy koppenent is, en die waterkruik, en laat ons weggaan.

Hierdie woorde klink in my ore soos die donderslae van Sinai.

> … wie slaan sy hande aan die gesalfde van die Here en bly ongestraf?

Vriende, is hierdie stories nie opgeskryf as 'n waarskuwing aan ons nie? Kan ons nie hierin die les onderskei oor hoe ons behoort te reageer as leierskap misluk nie? As 'n man soos Dawid so gereageer het teenoor 'n misleide, swak, buierige, besete man soos Saul, wat is ons verskoning?

Voor ons die diepere betekenis van 1 Samuel 24 en 26 miskyk, let op na die seëninge wat voortspruit vanaf Saul na Dawid.

> **1 Sam 24:18-21** En aan Dawid gesê: Jy is regverdiger as ek, want jy het aan my goed gedoen terwyl ek aan jou kwaad gedoen het. (19) En jy het vandag bewys dat jy goed aan my gedoen het; dat naamlik die HERE my in jou hand oorgelewer het, maar jy het my nie gedood nie. (20) Want as iemand sy vyand aantref, sal hy hom op 'n goeie pad laat gaan? Maar die HERE sal jou die goeie vergelde vir wat jy vandag aan my gedoen

> het. (21) En nou, kyk, ek weet jy sal sekerlik koning word, en die koningskap oor Israel sal in jou hand standhou.

Vanaf die woorde van die afvallige koning kom die verklaring tot koningskap vir Dawid; vanuit die mond van die eiewyse kom ‘n seëning aan Dawid en Israel. Soos Bíleam wou Saul ‘n vervloeking uitspreek oor Israel deur Dawid te vernietig, maar in die hande van die Allerhoogste kon hy niks anders doen behalwe om hom te seën! Halleluja! Lofprysing aan ons Vader!

> **Luk 18:27** Maar Hy antwoord: Die dinge wat by mense onmoontlik is, is by God moontlik.

Maar ons Vader buig weer neer na ons om ons te wys dat Hy Hom nie laat bespot nie; en dat Sy sowereine wil nie deur enige mens omvergewerp kan word nie.

> **1 Sam 26:25** Hierop sê Saul vir Dawid: Geseënd is jy, my seun Dawid! Jy sal groot dinge doen en sekerlik die oorhand kry. Daarop het Dawid verder gegaan, en Saul het na sy woonplek teruggekeer.

Al hierdie dinge wat Saul oor Dawid uitgespreek het, het net so gebeur. Dawid het groot dinge gedoen en sekerlik die oorhand gekry, en het koning geword volgens die woord van koning Saul.

Hoe dankbaar is ek oor die Bybelse voorbeelde vir die hantering van mislukte leierskap. Deugniete (“sons of Belial”) sal uitroep met allerhande redes hoekom dit nie op ons van toepassing is nie, maar ek is oortuig dat hierdie stories spesifiek opgeskrywe is vir ons, in hierdie tye. Laat ons nie ons hande lê op die gesalfde van die Here, of ons monde oopmaak teenoor die gesalfde van die Here nie, maar laat ons eerder op God wag om die weg van die regverdige te vestig.

# Deel 5
# Geheilig deur die Goddelike Patroon

## 16. Ontmasker die gruwelike verwoester

Die doel van hierdie boek is om verklarings te gee van praktiese implikasies van wat ons siening omtrent die Vader en die Seun se verhouding het op ons gesinne, ons kerke en ons gemeenskappe, in terme van seëninge en vervloekinge. Ek probeer uitwys dat daar ‘n reuseverskil is tussen die “Seun” van die Drie-eenheid en die Seun van die lewende God soos geopenbaar in die Skrif. Teen hierdie tyd sal jy dalk insien dat elke aspek van ons lewe geraak word op een of ander manier.

In hierdie hoofstuk wil ek die verrigtinge wat beskryf is in Daniël 7 en 8 bespreek. Hierdie verrigting van die koms van die Seun van die mens na die Oue van dae is die sentrale pilaar en fondasie van Adventisme. Hierdie is die bron van ons krag om te kan weet hoe om die Allerheiligste te kan betree. Ons siening van die sentrale karakters in hierdie verrigtinge sal daarom ‘n rippelende effek hê op elke ander leerstelling waaraan ons vashou. Dit is natuurlik, indien dit ons sentrale pilaar is.

> Die skriftuur wat meer as enige ander die fondament en hoofpilaar van die Adventgeloof is, is die verklaring, “Twee duisend drie honderd aande en mores, dan sal die heiligdom in sy regte staat herstel word.” Dan. 8: 14. *Groot Stryd*, bl. 467; *Great Controversy*, p. 409.

Hoe beter ons hierdie verhaal as ‘n werklikheid verstaan, hoe beter ons insig om die hele Ondersoekende Oordeel as ‘n werklikheid te verstaan. Ek stel

voor dat slegs die goddelike patroon, soos uiteengesit in 1 Kor.8:6 die werklike betekenis kan gee aan die transaksie tussen die Oue van dae en die Seun van die mens.

Laat ons die dele van die verhaal noukeurig ondersoek:

> **Dan 7:9, 10, 13, 14** Ek het bly kyk totdat trone reggesit is en 'n Oue van dae gaan sit het; sy kleed was wit soos sneeu en die hare van sy hoof soos skoon wol; sy troon was vuurvlamme, die wiele daarvan 'n brandende vuur; (10) 'n stroom van vuur het gevloei en voor Hom uit gegaan; duisend maal duisende het Hom gedien, en tien duisend maal tien duisende het voor **Hom gestaan; die gereg het gaan sit, en die boeke is geopen. (13) Ek het gesien in die naggesigte, en kyk, met die wolke van die hemel het Een gekom soos die Seun van 'n mens, en Hy het gekom tot by die Oue van dae, en hulle het Hom nader gebring voor Hom.** (14**) En aan Hom is gegee heerskappy en eer en koningskap**; en al die volke en nasies en tale het Hom vereer; sy heerskappy is 'n ewige heerskappy wat nie sal vergaan nie, en sy koninkryk een wat nie vernietig sal word nie.

Wat is ons persepsie van die realiteit van hierdie verhaal? Is daar 'n werklike persoon wie die Oue van Dae is? Sit Hy? Is sy kleed so wit soos sneeu? Is sy hare soos skoon wol? Is daar werklike boeke geopen? Is die Seun van die mens werklik voor Hom gebring?

Ek het nog 'n vraag om aan jou te stel. Maar voordat ek dit vra, wil ek aan jou die verskil toon tussen die siening van die pioniers en ons huidige kenners s'n.

Ek wil jou wys hoe Uriah Smith dit verstaan het. Hierdie (vertaalde) aanhaling kom vanuit *Bible Student Assistant*, p.45-46 – Uriah Smith 1858.[1]

GOD IS 'N PERSOONLIKE WESE

---

[1] Hoofletters in oorspronklike.

BEWYS: En die Vader wat My gestuur het, Hy het van My getuig. Julle het nog nooit sy stem gehoor of SY GEDAANTE gesien nie. Joh.5:37

“Nadat God … in die ou tyd gespreek het tot die vaders deur die profete, het Hy in hierdie laaste dae tot ons gespreek deur die Seun …Hy, wat die afskynsel is van sy heerlikheid en die AFDRUKSEL van sy WESE,” ens. Hebr 1:1-4.

Ek het bly kyk totdat trone reggesit is en ‘n Oue van dae gaan sit het; sy kleed was wit soos sneeu en die HARE van sy HOOF soos skoon wol; sy troon was vuurvlamme, die wiele daarvan ‘n brandende vuur.” Dan7:9.

Daarop vra hy (Moses): Laat my tog u heerlikheid sien… Verder het Hy gesê: Jy kan my AANGESIG nie sien nie, want geen mens kan My sien en bly lewe nie. Ook het die HERE gesê: Kyk, hier is ‘n plek by My waar jy op die rots kan gaan staan. En as my heerlikheid verbygaan, sal Ek jou in die skeur van die rots stel en jou met my HAND oordek totdat Ek verbygegaan het. En as Ek my hand wegneem, sal jy My VAN AGTER sien; maar my AANGESIG kan nie gesien word nie.” Eks. 33:18-23. [46] “En hulle het die stem van die HERE God gehoor terwyl Hy wandel in die tuin in die aandwindjie” Gen 3:8. “En hulle het die God van Israel gesien, en onder sy voete net soos ‘n vloerwerk van saffierstene en so helder soos die hemel self. ” Eks. 24:10.

“Nadat die Here dan met hulle gespreek het, is Hy opgeneem in die hemel en het gaan SIT aan die REGTERHAND van God.” Mark.16:19 “Het jy dan ‘n ARM soos God? En kan jy donder met die STEM soos HY?” Job

> 40:4 (AOV) en Job 40:9 (KJV). "Gaan uit die MOND van die Allerhoogste nie kwaad sowel as goed nie?" Klaagl.3:38

Luister nou na wat James White sê:

James White – *Review and Herald*, 19 Aug.1858.

> Wat is God? Hy is 'n werklike georganiseerde intelligensie, wat beide liggaam en liggaamsdele besit. Hy is in die vorm van 'n man. Wat is Jesus Christus? Hy is die Seun van God, soos sy Vader, want hy is "afskynsel van sy heerlikheid en die afdruksel van sy wese." Hy is 'n werklike intellegensie, met liggaam, liggaamsdele en hartsgevoelens; hy besit onsterflike vlees en onsterflike bene.

Stel hierdie in kontras met die volgende stellings:

> Bybelvrae beantwoord, deur DON. F. NEUFELD – *Review and Herald*, 6 Okt. 1977.
>
> Dit is belangrik om te sien dat hierdie stelling geen opmerking maak daaroor of die dele van die Godheid fisiese en werklike liggame het, of nie. Adventisme was swygsaam om te spekuleer omtrent hierdie aspek van God se natuur. As hulle na God verwys, plaas hulle klem op sy eienskappe, soos sy persoonlikheid, sy selfbestaan, sy voortreflikheid, sy onveranderlikheid, alwetendheid, alomteenwoordigheid, almag, heiligheid en liefde**. Dit is waar dat die Bybel God voorstel met ore (Ps. 17:6), neus (2 Sam.22:9), 'n mond (Deut 8:3) en 'n hand (Sag.2:9) en voete (Ps.18:9). Maar hierdie word gewoonlik beskou as antropomorfisme, dit is, uitdrukkings wat aan God menslike eienskappe toedig. Dit is pogings, word beweer, om mense te help om God te verstaan – God, wat ver bokant hulle is.**

Sien u die verskil? Laat ons teruggaan na ons pioniers, sodat hulle hulself beter kan verduidelik. Laat James White vir ons die prentjie skilder.

> Ons standpunt is dat ‘n verandering plaasgevind het in die werk en posisie van ons letterlike Hoërpriester in die letterlike Heiligdom in die hemel, wat vergelyk word met die koms van die bruidegom in die huwelik. **Hierdie beskouing is ‘n perfekte beskerming teen spiritualisme.**[2] **Ons glo nie slegs in ‘n letterlike Jesus, wie die “bedienaar van die …ware tabernakel” is nie, maar ons glo ook dat die ware tabernakel (die hemelse heiligdom) letterlik is.** - En meer, toe Johannes “iemand soos die Seun van die mens” sien staan het “tussen die sewe kandelaars” - dit is in die Heilige Plek - dan weet ons nie hoe om die kandelaars te vergeestelik nie, en die Seun van die mens is dan letterlik. Ons glo dus dat beide letterlik is, en dat Johannes Jesus gesien het as “bedienaar” in die Heilige Plek. Johannes het ook ‘n visioen gehad van Jesus in ‘n ander deel van die Heiligdom, wat sy toepassing vind gedurende die geklank van die sewende engel.
>
> ... Die Allerheiligste, waar die ark van die tien gebooie gevind word, is geopen sodat ons groot Hoërpriester kan ingaan om vir ons versoening te doen, vir die reiniging van die heiligdom. **As ons die vrymoedigheid neem om te sê dat daar NIE ‘n werklike ark is nie, met die tien gebooie, in die hemel, dan moet ons die verdere stap neem om te sê dat daar nie ‘n werklike stad is nie, en geen werklike Seun van God nie. Sekerlik sal Adventiste nie die geestelike siening verkies nie, maar eerder die een wat**

---

[2] Spiritualisme word hier beskou as ‘n Bybelstudie-metode.

> **hier voorgestel is. Ons sien geen middeweg nie**. *The Parable*, p.16.

James White het verstaan waaroor dit gaan. Hy het geweet dat, indien die tonele van die oordeel in Daniël 7 en 8 nie letterlik vertolk word nie, sal die hele leerstelling omtuimel. Let op hoe Joseph Bates die volgende vraag vra, wat ek ook graag wil stel:

Gee die Oue van dae werklik 'n koningskap en heerskappy aan die Seun van die mens?

> En Daniël, die profeet, wys op dieselfde leerstelling. "Ek het gesien in die naggesigte, en kyk, met die wolke van die hemel het Een gekom soos die Seun van 'n mens, en Hy het gekom tot by die Oue van dae, en hulle het Hom nader gebring voor Hom. En aan Hom is gegee heerskappy en eer en koningskap; en al die volke en nasies en tale het Hom vereer; sy heerskappy is 'n ewige heerskappy wat nie sal vergaan nie, en sy koninkryk een wat nie vernietig sal word nie." Dan.7:13, 14. Ons erken almal dat hierdie persoon Jesus Christus was, want geen ander in die hemel of op die aarde het ooit die belofte ontvang om 'n ewige koninkryk te ontvang nie, behalwe Hy. **En gee die Oue van dae dit aan Hom? Sal dit nie absurd wees om te sê dat Hy dit aan Homself gee nie? Hoe kan dit dan wees dat party beweer (en bewys) dat die Seun van die mens ook die Oue van Dae is; - hierdie teks, en die een in Open.5, bewys duidelik dat God en sy Seun twee persone in die hemel is. Jesus het gesê: "… Ek het uit God uitgegaan en gekom; want Ek het ook nie uit Myself gekom nie, maar Hy het My gestuur." Joh.8:42. "Ek het van die Vader uitgegaan en in die wêreld gekom. Weer verlaat Ek die**

> **wêreld en gaan na my Vader.”** Joseph Bates, 1846, *Opening of the Heavens*, p.18.

Kan julle sien hoe die pioniers hierdie vraag beantwoord het? Kan jy sien dat hulle verwerping van die Drie-eenheid hul gebring het om die Oue van dae te aanskou soos HY is – die Oue van dae. Hy het daarom die absolute reg om die koninkryk te gee aan sy Seun.

Moet dit asseblief nie miskyk nie, want dit onthul die geheim van Adventisme se lang hare en die geheim van haar krag. Die werklikheid van die hemelse heiligdom, die werklikheid van Jesus se intreding en bemiddelaarswerk in die hemelse heiligdom, die werklikheid dat Hy ‘n koninkryk ontvang, dit alles is afhanklik van ons siening omtrent die onderskeie persoonlikhede van die Vader en die Seun. Enige verskuiwing na ‘n metaforiese begrip as gevolg van ‘n Drie-eenheid ingesteldheid, sal die hele stelsel laat inval. Dit verskyn dan as ‘n lugspieëling teen die stowwerige mure van die kenners se geheue, en dien slegs as ‘n illustrasie, en nie as ‘n werklikheid nie.

Dit is onmoontlik vir iemand met ‘n Drie-eenheid opvatting om werklik te glo dat die Vader ‘n werklike koninkryk aan sy Seun gegee het. Dit kan slegs as ‘n simboliese gebaar gesien word met die doel op die plan van verlossing, en dit is die verwoestende vernuf van die Drie-eenheid. Dit forseer die gedagtes in ‘n metaforiese rat, en dan word die gedagtes gestroop van die werklikheid van die Heiligdom, die Seun van die mens, en die Oue van dae. Hierdie werklikhede word vervang met metaforiese etiket, wat slegs vir ons opgehang word om te bewonder, asof ons in ‘n kunsgallery is.

As ons glo dat Jesus die “Deur Wie” agent van die Vader is, dan kom die hele heiligdom verhaal tot sy reg en vind trekkrag vir die siel as ‘n werklike gebeurtenis. Dit is die rede waarom die pioniers so baie verwys het na die twee duidelik-onderskeie persoonlikhede van die Vader en die Seun. Let op:

> Die wat die ou grenslyne wil verskuif, behou nie vastigheid nie; hulle onthou nie hoe dit ontvang en aangehoor is nie. Die wat teorië probeer inbring wat die pilare van ons geloof sal

> verwyder, **die pilare van ons geloof omtrent die heiligdom, omtrent die persoonlikheid van God of van Christus**, werk soos blinde mense. Hulle probeer om onsekerhede in te bring sodat die mense van God sonder anker sal ronddryf. *Manuscript Releases 760*, p.9
>
> Ons moet nou wakker wees, en nie wegbeweeg van die allerbelangrikste boodskap wat aan ons gegee is vir hierdie tyd nie. **Satan is nie onkundig omtrent die resultate wat verkry word om God en Jesus Christus te probeer definieer op 'n spiritualistiese wyse[3] wat God en Jesus as 'n nie-entiteit opstel.** Die oomblikke wat op hierdie wetenskap spandeer word, sal, in plaas daarvan dat die weg van die Here berei word, 'n weg open vir Satan om die mense se gedagtes te verwar met sy eie mistieke versinning. Ten spyte daarvan dat hulle lyk soos engele, maak hulle ons God en Christus 'n nie-entiteit. Hoekom? Want Satan sien dat hulle gedagtes voorberei is vir sy werking. Mense het vergeet van Christus en die Here God, en het die ondervinding opgedoen omtrent die Omega, wat lei na een van die mees subtiele drogbeelde wat ooit die gedagtes van die mens vasgevang het. Ons word verbied …. om die gedagtes te rig op 'n reeks veronderstellings. *11 Manuscript Releases*, p.211.

Kan u sien hoekom Ellen White die leerstelling van die heiligdom en die persoonlikhede van die Vader en die Seun verbind? As jy die Fundamentele leerstellings van die Adventiste oor die Drie-eenheid lees, sien u 'n duidelike verskil?

---

[3] [HIER GEBRUIK MET VERWYSING NA 'N STELSEL VAN INTERPRETASIE, EN NIE SPIRITISME WAT OOR DIE ALGEMEEN SPIRITUALISME GENOEM WORD NIE.] – Hierdie opmerking in hoofletters is hier ingevoeg deur White Estate.

2. Drie-eenheid/Godheid:

> **Daar is een God: die Vader, Seun en Heilige Gees, 'n eenheid van drie mede-ewige Wesens.** God is onsterflik, almagtig, alwetend, en bo alles, alomteenwoordig. **Hy** is perkeloos en bo menslike begrip, en tog bekend deur sy selfopenbaring. **Hy** is ewig waardig om aanbid en gedien te word deur Sy ganse skepping. (Deut. 6:4; Matt.28:19; 2 Kor.13:14; Ef.4:4-6; 1Pet.1:2; 1Tim1:17; Open.14:7.)

In hierdie stelling is die een God drie persone, wat dan verwys word na "Hy" en "Sy ganse skepping." As jy die "Hy" lees, aan wie dink jy? Ek vind hierdie stelling verwarrend. "Hy" verwys na een persoon.

Kyk hoe sommige van ons kenners hierdie god beskryf:

> Ons stel voor dat God, in **Sy Drie-eenheid-selfopenbaring**, aan ons bekend maak dat **Hy** ons gemaak het na die beeld van Sy liefde wat bonatuurlik **in Sy wese** is, as 'n ewige liefdevolle **God wat drie in een** is. Verder is **drie-enige liefde, in God gevind,** nie selfsugtig nie, sodat ons die grootste vreudge en vervulling vind daarin om te lewe vir ander en ander te dien. Whidden, Moon, Reeve, *The Trinity*, p.247.

Let op hoedat die taalgebruik verwys na "Hy" wat gekombineer word met die term "Drie-eenheid selfopenbaring." Let op hoe die woorde "Hy" ook "Hulle" kan beteken in die volgende stelling:

> In die leerstelling oor die Drie-eenheid vind ons nie drie verskillende goddelike rolle wat deur een Persoon vertolk word nie (dit staan bekend as *modalism*). Daar is ook nie drie gode saamgekluister nie (*triteïsme* of ook *politeïsme* genoem). **Die een God ("Hy") is ook gelyktydig "Hulle" en "Hulle" is altyd saam**, altyd samewerkend. Die Heilige Gees voer die wil van beide die Vader en die Seun uit,

> maar dis ook Sy (die Gees se) wil. Hierdie waarheid word deur God self in die Bybel geopenbaar. *Om God vlugtig te sien, Volwasse Sabbatskool Lesstudie*, Les 1, bl.12, 1ste Kwartaal 2012; *Glimpses of our God, Adult Sabbath School Bibly Study Guide*, Lesson 1, p.12, 1st Quarter 2012; Samesteller: Jo Ann Davidson.

Maak dit die persoonlikhede van die Vader en die Seun nie onduidelik nie? Let op die volgende openhartige erkenning van ‘n Adventiste teoloog omtrent die penarie om ‘n duidelike verskil van persone binne die Drie-eenheid te handhaaf:

> Die penarie is duidelik genoeg. **‘n Leerstelling wat aandui dat God een is, en dat daar steeds drie persone in God is, sal baiemaal ‘n persoon se gedagtegang verwar in sy poging om ‘n relevante en verstaanbare raamwerk te vind waarin hierdie oënskynlike teenstrydigheid uitdrukking kan vind, en terselfdertyd aan die persoon se godsdiensbehoeftes voorsien**. Geen wonder dat verwysings na die onverstaanbare Vader, die onverstaanbare Seun en die onverstaanbare Heilige Gees sardoniese opmerkings vorendag bring, sodat die hele Drie-eenheid onverstaanbaar gereken word. Raoul Dederen, ‘*Reflections on the Doctrine of the Trinity*,’ 1970, Andrews University.

Hier is die geheim van Satan se verwoesting van die hemelse heiligdom. Dit kom deur die vermenging van die Vader en die Seun, veroorsaak deur die Drie-eenheid formule van drie persone in een god. Sodra daardie formule in plek geplaas is, sal die verhaal van Daniël 7 en 8 verwoes wees.

Slegs die “Uit Wie” en “Deur Wie” insig van die Vader en die Seun laat ons toe om duidelike onderskeid te tref tussen hulle en om beduidende betekenis te heg aan die storie van Daniël 7.

# 17. Die hoeksteen

In hierdie boek het ons die goddelike patroon van die Vader en die Seun, soos uiteengesit in baie aspekte van ons families, gemeenskappe en ons kerke ondersoek. Deur bloot eenvoudig hierdie patroon te aanskou in geloof, word ons deur Christus verander na hulle beeld, soos die Bybel aandui:

> **2 Kor 3:18** En terwyl ons almal met onbedekte gesig soos in 'n spieël die heerlikheid van die Here aanskou, word ons van gedaante verander na dieselfde beeld, van heerlikheid tot heerlikheid, as deur die Here wat die Gees is.

Dit is waar dat sommige lede van die gemeenskap posisies gegee word waarin hulle die aspekte van die "Uit Wie" rol moet vervul. Maar almal van ons moet die Seun van God beskou as die groot "Deur Wie" patroon vir wie ons moet navolg om die seën en lewe van die Vader te ontvang. Die Seun van God is daarom die groot hoeksteen, die eersgeborene van die hele skepping, sodat ons Hom kan navolg. Die heerskappy is juis daarom op sy skouers geplaas; sodat Christus die ewige Vader word van almal wat onderdanig is aan die een ware God – die Oue van Dae:

> **Fil 2:9-11** Daarom het God Hom ook uitermate verhoog en Hom 'n naam gegee wat bo elke naam is, (10) sodat in die Naam van Jesus sou buig elke knie van die wat in die hemel en die wat op die aarde en die wat onder die aarde is, (11) en elke tong sou bely dat Jesus Christus die Here is tot heerlikheid van God die Vader.

Omdat Jesus die hoeksteen van die hele skepping is, is dit Satan se weldeurdagte plan om ons voorstelling van hierdie Hoeksteen te verander,

sodat ons ‘n goedkoop waardelose namaaksel sal aanvaar, wat in baie aspekte net soos die oorspronklike Hoeksteen lyk, maar in werklikheid heeltemal anders is.

In die eerste hoofstuk het ons gesien:

> Die rebellie van Satan het konsepte gebring wat hierdie patroon bederf het. Die orde in die Hemel het bepaal dat die Satan oorspronklik onder Christus geval het, wat weer onder die outoriteit van die Vader gestaan het… Die Skrif leer ons hoe Satan hierdie goddelike patroon wou verander:
>
> **Jes 14:12-14** Hoe het jy uit die hemel geval, o môrester, seun van die dageraad! Hoe lê jy teen die aarde neergeslaan, oorweldiger van die nasies! (13) En jy het in jou hart gesê: Ek wil opklim in die hemel, my troon verhef bo die sterre van God en sit op die berg van samekoms in die uithoeke van die Noorde. (14) Ek wil klim bo die hoogtes van die wolke, my gelykstel met die Allerhoogste!
>
> In hierdie teksverse sien ons ‘n wese wat nie die beskerming en sorg van die goddelike patroon soek nie, maar eerder om te wees soos, of te lyk soos, die Almagtige… Deur ‘n baie slinkse proses het hy dit reggekry om die Christelike wêreld te mislei deur aan Christus dieselfde posisie as die Vader te gee. Soos wat die Christelike wêreld God aanbid deur die onderskeie geloofsbelydenisse, word die entiteit wat waargeneem word as die tweede persoon in die Godheid, eintlik ‘n formulering van die satan self. Deur Christus voor te stel as presies dieselfde as God in elke opsig, verwar die Satan ons gedagtes deur die wet van “nie-onderskeibaarheid.” Dit beteken dat twee dinge presies dieselfde kwaliteite

> dra, en dus nie meer duidelik onderskei kan word nie, sodat hulle misterieus een word deur hulle verlies aan individualiteit.

Satan het die Hoeksteen van Christenskap verander van ‘n Seun wat alles geërf het van sy Vader, as ‘n losstaande wese, na ‘n wese wat alles besit uit eie deugde vanuit die feit dat hy deel vorm van ‘n drie-persone-in-een wese wat God is. Die verskil tussen hierdie konsepte kan opgesom word as ‘n wese wat kom in sy eie naam, in plaas van een wat kom in die Naam van sy Vader.

> **Joh 5:43** Ek het gekom in die Naam van my Vader, en julle neem My nie aan nie. As ‘n ander een in sy eie naam kom, hóm sal julle aanneem.

Die Bybelse Hoeksteen kyk op na sy Vader se absolute outoriteit vir raad, leiding en seën. Hy maak nie staat op sy eie insig vir leiding nie, maar eerder op die Een wat alles aan Hom gegee het.  Hy span sy kragte in soos aan Hom aangedui deur sy Vader. Die nagemaakte hoeksteen staan skouer aan skouer met die ander goddelike weses wat op sy eie goddelike kwaliteite staatmaak, wat raad, leiding en advies gee soveel as wat hy ontvang. Hy funksioneer op ‘n demokratiese manier van gelyke samewerking.

Die Bybelse Hoeksteen vind gelykheid deur die Woord van sy Vader, en slegs daardeur. Hy het dit geen roof geag om aan God gelyk te wees nie, omdat God opdrag gegee het om aan Hom gelyk te wees.  Die nagemaakte hoeksteen vind gelykheid in sy ouderdom, sy almag, sy krag, sy kennis en sy mag. Hy het geen woord nodig van die ander goddelike wesens nie, want hy vind sy gelykheid uit eie bronne.

Na gelang van watter hoeksteen het jy jou lewe tot dusver ingerig? Vind getroude vroue hul gelykheid met hul mans deur die Woord van die Vader, deur Christus se voorbeeld te volg om gewilliglik te dien in hulle aangeduide posisies? Manne, dien julle getrou in julle gemeenskappe en in die kerk met die wete dat julle gelyk is aan die ander manne soos aan broers, sodat julle

steeds volg in die voetstappe van die "Uit Wie" patroon van Christus se voorbeeld?

Op watter hoeksteen bou jy? Waarop rus jou huis?

> **1 Pet 2:6-7** Daarom staan dit ook in die Skrif: Kyk, Ek lê in Sion 'n uitverkore en kosbare hoeksteen, en die wat in Hom glo, sal nooit beskaam word nie. (7) Vir julle dan wat glo, is Hy kosbaar; maar vir die ongelowiges geld die woord: Die steen wat die bouers verwerp het, dit het 'n hoeksteen geword; en: 'n Steen des aanstoots en 'n rots van struikeling—

Ons Vader het die uitverkore hoeksteen gelê, en ons behoort hierdie hoeksteen se voorbeeld na te volg. Soos die Skrif sê:

> **1 Kor 3:11** Want niemand kan 'n ander fondament lê as wat daar gelê is nie, dit is Jesus Christus.

Die Bybel verklaar uitdruklik dat Jesus niemand anders as die Seun van God is deur erfenis.

> **Matt 16:15-18** Hy sê vir hulle: Maar julle, wie sê julle is Ek? (16) En Simon Petrus antwoord en sê: U is die Christus, die Seun van die lewende God. (17) Toe antwoord Jesus en sê vir hom: Salig is jy, Simon Bar-Jona, want vlees en bloed het dit nie aan jou geopenbaar nie, maar my Vader wat in die hemele is. (18)En Ek sê ook vir jou: Jy is Petrus, en op hierdie rots sal Ek my gemeente bou, en die poorte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie.

> **Hebr 1:3-4** Hy, wat die afskynsel is van sy heerlikheid en die afdruksel van sy wese en alle dinge dra deur die woord van sy krag, nadat Hy deur Homself die reiniging van ons sondes bewerk het, het gaan sit aan die regterhand van die Majesteit in die hoogte, (4) terwyl Hy soveel uitnemender geword het as die engele namate Hy 'n voortrefliker naam geërf het as hulle.

> **Joh 8:42** En Jesus sê vir hulle: As God julle Vader was, sou julle My liefhê, want Ek het uit God uitgegaan en gekom; want Ek het ook nie uit Myself gekom[1] nie, maar Hy het My gestuur.

Let op hoedat Jesus verwys na sy dissipels; kyk watter hoeksteen hulle gekies het:

> **Joh 17:8** Want die woorde wat U My gegee het, het Ek aan hulle gegee; en hulle het dit ontvang en waarlik erken dat Ek van U uitgegaan[2] het, en hulle het geglo dat U My gestuur het.

Nogtans is hierdie hoeksteen vir baie 'n steen des aanstoots. Hulle wil nie hulle huise bou op 'n hoeksteen wat na 'n ander wese kyk vir absolute outoriteit nie. Hulle sal eerder bou op 'n wese wat gelyk is in krag, talente, gawes en vermoëns. Let op na die woorde van een Adventiste kenner wat hieroor skryf:

> Ons sal binnekort sien dat die monargie van die Drie-eenheid veral gereflekteer word in die hierargie van die Katolieke Kerk, waar die pous optree as God se verteenwoordiger op aarde, en met spesiale magte toegerus word om op aarde te regeer. Die uitkoms van hierdie monargiese stelsel is die pasiewe onderdanigheid van gelowiges wat nie hul geestelike gawes uitoefen binne die liggaam van Christus nie. In kontras hiermee: die bybelse siening van die Drie-eenheid as 'n perfekte gemeenskap van die Drie gee uiting tot 'n gemeenskap van

---

[1] Strongs: exerchomai van G1537 en G2064; om uit te gee (letterlik of figuurlik): kom uit, vertrek (vanuit), ontsnap, uitkom, gaan (buiteland toe, weg, uit, daarvandaan), voortkom, versprei.

[2] exerchomai Dieselfde woord as wat gebruik word in Joh 8:42 – "voortgekom uit." Die gebruik van die woord kan nie slegs beteken "om die teenwoordigheid te verlaat" nie want dié word aangespreek in die res van die teks – "en hulle het geglo dat U my gestuur het." Exerchomai beteken "om uit te gaan." Dit verwys na Christus wat gebore of voortgebring is vanuit die Vader.

> gelowiges met ‘n verskeidenheid van gawes wat geag en beoefen word en daardeur die gemeenskap van die Drie-eenheid demonstreer. Samuel Bacchiocchi – *Endtime Issues Newsletter No. 147* – “The Importance of the Doctrine of the Trinity.”

Het u opgelet hoedat die skrywer die idee vorendag bring dat ‘n hierargiese stelsel Katoliek is, en dat die idee dat ‘n wese wat met mag toegerus is, pouslik is? Dit word in teenstelling geplaas met die skrywer se idee van God, wat ‘n perfekte eenheid vorm in drie wesens wat mekaar ag op grond van verskeidenheid van gawes. Die korrekte Hoeksteen se konsep van geërfde magte word vermeng met die pouslike stelsel, met die doel om die Hoeksteen eenkant te gooi, sodat dit vervang kan word met ‘n namaaksel. Die namaaksel vind waarde in die verskeidenheid van gawes wat deur individuele lidmate besit word.

Dit is die nuwe hoeksteen van Adventisme. Soos wat die kerk poog om die voorbeeld van die nuwe perfekte gemeenskap van drie, met ‘n afgeplatte verhoudingstelsel, na te volg, sien ons hoedat lidmate die beginsel van onderdanigheid laat vaar en om hulle gawes te deel in die kerk, in ‘n poging om geag en waardeer te word.

As jy ‘n eenvoudige hardwerkende man is en slegs ‘n diakenspos beklee, word jy baie minder geag as die man wat as ouderling preek en bybelstudies uitlei. En hierdie man word minder geag as die man wat ‘n internasionale bediening het en die evangelie wêreldwyd verkondig. Natuurlik erken ons nie hierdie dinge openlik nie! “Ons aanvaar slegs hierdie rolle uit liefde vir die waarheid.” En daarom is al ons raadsvergaderings vol liefde, soete samewerking en die gees van onderdandigheid en genade teenoor mekaar waar geenkragte gemeet word nie – is dit so??

Die nuwe hoeksteen van Adventisme veroorsaak dat mense gevorm word met ‘n dringenge behoefte om een of ander bediening te hê. Die wêreld sal geseën word deur hulle gawes omdat dit die manier is waarop die

nagemaakte Jesus geag word deur die "Vader" en die "Gees" – deur hulle verskeidenheid gawes.

Die Bybelse hoeksteen is 'n steen des aanstoots vir die gees van die wêreld. Die Bybelse hoeksteen vind nie waarde in sy onderskeie gawes nie, maar vind dit eerder in die Woord van die Vader. Daarom is Jesus:

> **1 Pet 2:7-8** … 'n Steen des aanstoots en 'n rots van struikeling— (8) vir dié wat hulle daarteen stamp, omdat hulle aan die woord ongehoorsaam is, waarvoor hulle ook bestem is.

Ons as mense is in die posisie geplaas om te glo in Jesus as die Seun van God, maar ons kerk het homself gestamp teen die Woord en het ongehoorsaam geraak. Jesus verklaar:

> **Luk 20:17-18** Maar Hy het hulle aangekyk en gesê: Wat beteken dan hierdie Skrifwoord: die steen wat die bouers verwerp het, dit het 'n hoeksteen geword? (18) Elkeen wat op dié steen val, sal verpletter word; maar elkeen op wie hy val, dié sal hy vermorsel.

Die wat opkyk na die eniggebore Seun en wat val op hierdie Rots, plaas hulself in die posisie dat hul harte gebreek en versag, verander en gevorm word na die beeld van die goddelike Seun. Dié wat hierdie Hoeksteen verwerp sal vind dat die Hoeksteen op hulle val en hulle vergruis.

Dus het ons voor ons die ware hoeksteen wat deur die Naam van die Vader kom en ten volle onder sy Vader se outoriteit staan, en ons het 'n ander ene wat homself die "Seun van die Vader" (Barabbas)[3] noem en wat ook in sy eienaam kom as 'n dief en 'n rower.[4] Wie kies jy? Christus of Barabbas?

---

[3] Barrabas = "seun van 'n vader of 'n meester" – Thayer

[4] "Barabbas het voorgegee dat hy Christus is en het groot boosheid gedoen… 'n Treffende teenstelling is tussen die twee gedoen. Barabbas was 'n berugte karakter wat wonderdade gedoen het deur sataniese invloede. Hy het aan homself

Laat ons bou op die hoeksteen wie alles geërf het van sy Vader en kom ons leer om te rus in die Vader se geseënde outoriteit, beskerming en sorg.

---

godsdienstige magte en die reg om 'n ander heerskappy te vestig, toegeëien. Hierdie valse Christus het aanspraak gemaak waarop Satan aangespraak gemaak het – die reg op alle dinge. Christus, in sy onderdanigheid, was eienaar van alle dinge. In Hom was hoegenaamd geen duisternis nie…" *Manuscript 112*, 1897.

## 18. Sabbatsverseëling

As kinders van God weet ons dat die getroue onderhouding van die Sabbat openbaar wie die Eienaar van die mens is. Ons weet ook dat God se mense deur die reinigende krag van die Sabbat verseël sal word.

> **Eseg 20:12** Daarby het Ek ook my sabbatte aan hulle gegee om 'n teken te wees tussen My en hulle, dat hulle kan weet dat dit Ek, die HERE, is wat hulle heilig.

In hoofstuk 2 het ons die fontein-struktuur van die wet ondersoek, wat die goddelike patroon weerspieël in die middel. Dit is deur hierdie goddelike patroon wat die Gees van God na ons vloei, wat ons reinig en aan ons oorwinnende krag verleen. Daar is niks meer wonderlik as 'n gemeenskap, gebasseer op familiewaardes, wat saam aanbid op die Sabbat nie. Dit open die fontein binne die wet aan ons. Let op wat Ellen White sê:

> Ware heiligmaking is harmonie met God, eenheid met Hom in karakter. Dit word ontvang deur gehoorsaamheid aan die beginsels wat die weerspieëling van God se karakter is. Die **Sabbat is die teken van gehoorsaamheid. Hy wat die vierde gebod vanuit sy hart gehoorsaam, sal die hele wet gehoorsaam. Hy word gereinig deur gehorsaamheid**… Aan ons word die sabbat gegee as 'n "ewigdurende verbond." Aan hulle wat eerbied het vir God se heilige dag, is die Sabbat die teken dat God hulle erken het as sy uitverkore mense. *Testimonies Volume 6*, p. 350.

Die Sabbat bring aan die mense van God die soete uitstorting van die Gees van God. Hoe meer ons hierdie Sabbat seëninge begeer, en hoe meer ons

voorbereiding tref daarvoor, hoe meer van die Lewende Brood sal ons kan eet.[1]

Omdat daar ‘n spesiale seën is in die sabbat, weet ons dat Satan met geweld op die toneel sal kom om te verhoed dat ons die seën ontvang.

Dit is waar die goddelike patroon belangrik is. Die Sabbatsbeginsel is ‘n beginsel van rus van ons werk. Slegs dié wat in die kanaal van seën kan rus, sal werklik kan rus van hul werk.

In die vorige hoofstuk het ons die ware Hoeksteen en sy namaaksel ondersoek. Ek wou hierdie gedagtes tuisbring as die basis om die Sabbatsverseëling duidelik te kan verstaan.

Iemand wat hulself vorm na die voorbeeld van ‘n nagemaakte hoeksteen, waar waarde gevind word wanneer hulle hul gawes deel in die familie, die gemeenskap en in die kerk, sal dit uiters moeilik vind om voor te berei en te rus op die Sabbat. Die nagemaakte hoeksteen sal druk plaas op Vrydagmiddag. Die begeerte om te werk en daardeur ons gawes en talente ten toon te stel, is in stryd met die beginsel om te rus. Dit is nie net ‘n staking van alle fisiese werk nie, maar ook van die verstandelike arbeid wat verband hou met ons werk. Daar is baie wat Vrydagmiddag hulle fisiese werk staak, maar steeds beplan en deurdink wat hulle ná Sabbat wil doen.

As ons bou op die ware Hoeksteen, word die behoefte om werke te doen, minder; Sabbatsvoorbereiding word makliker en Sabbatsure word soete ure.

Ek kan getuig dat, voordat ek die ware Hoeksteen begin navolg het, Vrydagmiddag altyd ‘n gejaag was. Ons het baiemaal nog steeds die laaste werkies afgehandel terwyl die son ondergaan. Vir ‘n tyd lank het ons besluit om nie “wetties” te raak oor hierdie dinge nie, en het ongelukkig die begin en einde van die Sabbat oortree.

---

[1] Dit word in detail gedek in die lesing, “The Law of the Wise,” indien u dit in meer diepte wil ondersoek: http://vimeo.com/15831639.

Namate ek omgeswaai het na die ware Hoeksteen, het ek meer en meer oortuig geraak van die Sabbat. Ek was diep onder die indruk gebring dat ons alreeds ‘n halfuur voor die son sak reeds geheel en al in oordenkende gemoedstoestand behoort te wees en dat alle voorbereidings deur te stort of te bad reeds afgehandel behoort te wees. Ek het tot die oortuiging gekom dat hierdie dinge rustig en in vrede, sonder ‘n malle gejaag, afgehandel moet word. Ek het in al my jare as Adventis baie min kere die Sabbat afgewag om dit te verwelkom met my hele hart, met my gedagtes rustig bymekaar, met ‘n opwindende afwagting op die Sabbat.

Ek kan met vreugde getuig dat dit nou verander het. Die gewoontes wat oor dekades opgebou is, het tyd geneem om te verander. Aanvanklik moes ons die hele Vrydag eenkant sit om die huis skoon te kry en voorbereidings gedoen. Selfs toe het ons gevind dat ons dit net-net gemaak het. Ons gees was steeds ontsteld as gevolg van die stress om gereed te maak vir die Sabbat. Maar hoe meer ons die goddelike patroon nagevolg het, hoe makliker het sabbatsvoorbereiding geword.

Die Sabbat het ‘n ware vreugde geword. Wat ‘n vreugde om reeds te gaan sit lank voor die son ondergaan, en om die Woord van God te oordink en Hom te loof en te prys voordat die son ondergaan.

> Wat is die toestand van dié wat die gebooie onderhou en die geloof van Jesus bewaar? As daar in gesinne dié is wat weier om gehoorsaam aan die Here te wees in Sabbatsonderhouding (of wat dit ignoreer/faal in die onderhouding), kan die verseëling nie op hulle geplaas word nie. Die verseëling is die belofte van God van perfekte beskerming van God op sy uitverkorenes. (Eks.31:13-17) Verseëling beteken dat jy God se uitverkorene is. Hy het jou geskik gemaak vir Homself. As die verseëldes van God is ons Christus se losgekoopte eiendom, en niemand sal ons uit Sy hand kan ruk nie. Die seël gegee in die voorkop is God, die nuwe Jerusalem. “en Ek sal op hom die Naam van my God

> skrywe en die naam van die stad van my God" Open.3:12. *15 Manuscript Releases*, p.225.

Vir dié wat hierdie onderwerp al goed bestudeer het, sal weet dat die seël van God in die Sabbat te vinde is. God se Naam, sy titel en sy area van heerskappy word in hierdie gebod gevind. Dit is ook interessant om op te let:

> **Open 14:1** En ek het gesien, en kyk, die Lam staan op die berg Sion, en saam met Hom honderd vier en veertig duisend met sy Naam en die Naam van sy Vader op hulle voorhoofde geskrywe.
>
> **King James Version: Rev 14:1** And I looked, and, lo, a Lamb stood on the mount Sion, and with him an hundred forty *and* four thousand, having his Father's name written in their foreheads.

Die Gees van Profesie sê:

> Johannes het 'n Lam op die Berg Sion sien staan, en saam met Hom 144000, met die Vader se Naam op hulle voorhoofde geskryf. Hulle het die seël van God gedra. Hulle het die beeld van God weerspieël. Hulle is vol van die lig en heerlikheid van die Heilige. As ons die beeld en opskrif van God wil dra, moet ons onsself afskei van alle ongeregtigheid. Ons moet alle bose weë verlaat, en dan moet ons ons saak oorlaat in Christus se hande. Terwyl ons ons eie heil uitwerk met vrees en bewing, sal God in ons werk om te wil sowel as om te werk na sy welbehae. Terwyl jy jou deel moet doen, is dit nogtans God wat jou moet help en wat jou reinig. Christus maak ons berouvol sodat Hy ons kan vergewe. Ons het die idee dat ons party van die werk alleen moet doen. Ons het gedink dat daar een of twee treë is wat ons self moet neem sonder enige hulp of ondersteuning. Maar dit is nie so nie. Die Gees van God is gedurig besig om ons te roep en om die siel nader te trek na die regte doelstellings, in harmonie met die wet van God. Die uitnodiging word gegee aan die hulpeloses, "o Almal wat dors het, kom na die waters; en wie

> geen geld het nie, kom, koop en eet; ja, kom, koop sonder geld en sonder prys, wyn en melk!" (Jes.55:1) Sodra ons onsself afskei van die bose en kies om God te dien, sal ons reageer op hierdie uitnodiging. *Review and Herald*, 19 Maart 1889.

Die opskryf van die Vader se Naam op die voorhoof, is presies wat daardie naam beteken – Vader. Ons erkenning van God as die Vader van Christus bevestig die goddelike patroon van die "Uit Wie" en die "Deur Wie." Deur die Vader te beskou as die groot bron van alles[2] bring dit ons op die plek om die Seun se beskou as die Een wat alles erf en wat rus in sy Vader se Woord. As ons Christus sien binne hierdie Hoeksteen-kapasiteit, kan ons verander word na sy beeld en daarom leer om te rus op die Sabbat. Deur hierdie proses is ons verseël en voorberei op die finale krisis.

Ek vind in beide die Woord van God en in my persoonlike ondervinding dat die nagemaakte hoeksteen veroorsaak dat die Sabbat nie ernstig opgeneem word nie.[3] Dit druk my eie projekte tot reg teenaan die Sabbatsure en selfs in die sabbatsure in. Deur die valse Christus wat aan my voorgestel is deur die Drie-eenheid, is ek verhoed om die verseëlende ondervinding van die Sabbat te ontvang.

---

[2] "Uit Myself doen Ek niks nie," het Jesus gesê; die lewende Vader het My gestuur, en Ek lewe deur die Vader. "Ek soek nie My eer nie," maar die eer van Hom wat My gestuur het. (Joh. 8: 28; 6: 57; 8: 50; 7: 18. "In hierdie woorde word die groot beginsel verkondig wat die wet van lewe vir die heelal is. Christus het alle dinge van God ontvang, maar Hy het geneem om te gee. En dus, in die hemelse howe, in Sy diens vir alle geskape wesens, vloei die Vader se liefde deur die geliefde Seun tot almal; deur die Seun keer dit terug in lof en blymoedige diens, in 'n vloedgolf van liefde, na die Hoofbron van alles. Die kringloop van seën is dus volkome deur Christus wat die karakter van die groot Gewer voorstel, die wet van liefde." *Koning van die Eeue*, bl. 15; *Desire of Ages*, p.21.

[3] "Die Sabbat sal natuurlik ligtelik opgeneem word, en ook die God wat dit geskep het." *1 Selected Messages*, p.205.

Dié wat nie Jesus as die Seun van die Vader aanvaar nie, glo in werklikheid nie dat God die Vader van ons Here Jesus Christus is nie. Nogtans is dit die Naam – "Die Vader" – wat op die voorhoofde van die getroue kinders van God geskryf sal word.

Moderne vertalings verander hierdie vers en dui aan dat dit beide die Vader en die Lam se Name is:

> **Open 14:1** En ek het gesien, en kyk, die Lam staan op die berg Sion, en saam met Hom honderd vier en veertig duisend met sy Naam en die Naam van sy Vader op hulle voorhoofde geskrywe.

Nogtans , weet ons dat die Lam sy Vader se Naam dra:

> **Eks 23:20-21** Kyk, Ek stuur 'n Engel voor jou uit om jou op die pad te bewaar en om jou na die plek te bring wat Ek gereedgemaak het. (21) Neem jou in ag vir Hom en luister na sy stem; wees nie wederstrewig teen Hom nie; want Hy sal julle oortreding nie vergewe nie, want my Naam is in Hom.

Omdat die Lam die Naam van die Vader het, moet ons sy voorbeeld volg. Ons word soos Hy, en dra ook die Naam van die Vader, soos Christus dit doen. Soos Jesus gesê het:

> **Joh 20:17** … Ek vaar op na my Vader en julle Vader, en my God en julle God.

Broers, ek doen 'n beroep op julle om julle huise in orde te kry, om op 'n kalm, vredevolle en vreugdevolle wyse reg te maak vir die Sabbat, indien dit nog nie die geval is nie. Niks moet in die weg staan om reg te wees vir die sabbat voordat die son ondergaan nie, en om ons harte te vul met lofprysing en danksegging aan God en aan die Lam. Hierdie voorbereiding word makliker en makliker soos ons die goddelike patroon aanskou en leer om in die Vader se liefde te rus, net soos ons Here Jesus rus in sy Vader se Woord.

# 19. ‘n Magtige engel

> **Open 18:1-2** En ná hierdie dinge het ek ‘n engel sien neerdaal uit die hemel, met groot mag[1], en die aarde is verlig deur sy heerlikheid. (2) En hy het met ‘n groot stem kragtig uitgeroep en gesê: Geval, geval het die groot Babilon, en dit het geword ‘n woonplek van duiwels en ‘n versamelplek van allerhande onreine geeste en ‘n versamelplek van allerhande onreine en haatlike voëls.

Wat ek in die boek probeer voorstel het, is doodeenvoudig dit:[2]

> Die boodskap wat meer prominent voor die wêreld uitgedra moet word is die verhoogde Redder, die offer vir die sonde van die wêreld. Dit bring regverdigmaking deur geloof in die Borg; dit het die volk uitgenooi om die geregtigheid van Christus te ontvang, wat gemanifesteer word in die gehoorsaamheid aan al die gebooie van die Here. **Baie het Jesus uit die oog verloor** [as gevolg van ‘n nagemaakte hoeksteen]. Hulle het ‘n behoefte gehad dat hulle oë weer gerig word op Sy goddelike persoon [as iemand anders as die Vader], Sy meriete [die goddelike “Deur Wie,” sy offer, en ware Bemiddelaar voor die Vader], en sy oneindige liefde vir die mens. **Alle mag is in sy hande geplaas** [deur die Vader “Van Wie” alle dinge kom] **sodat Hy ryke genadegawes kan uitdeel** [“Deur Wie”], dit is die ryke waardevolle gawe van Sy geregtigheid aan die hulpelose mens. Dit is die boodskap wat God gegee het om aan die wêreld mee

---

[1] Strongs: …outoriteit, jurisduksie, vryheid, mag, die reg, krag.
[2] Opmerkings in vierkantige hakies is ingevoeg.

> te deel. Dit is die derde engel se boodskap wat met ‘n luide roep bekend gemaak moet word, en wat ondersteun word met die uitstorting van die Heilige Gees in ‘n besonderse maat. *Testimonies to Ministers*, p.91.

As ons opkyk na die Lam van God as die groot goddelike “Uit Wie” kanaal van die Vader se seën, as ons bou op die goddelike Hoeksteen wat alles ontvang het van die Vader, as ons gesinne, gemeenskappe en kerke die prag van Christus as die engigebore Seun van die Vader ontdek en die beeld van die Vader en die Seun navolg, dan sal die aarde verlig word met die heerlikheid van Christus.

Is dit nie die openbaring van Christus as die Hoeksteen van elke aspek van ons gemeenskap, wat die sleutelpunt is tot herlewing en reformasie? Lei dit nie tot ‘n vreugdevolle, geörganiseerde liggaam wat gefokus is en ywerig is om dit wat soveel vreugde bring, te deel?

Ons word meegedeel omtrent die uitstorting van die Heilige Gees gedurende Pinkster:

> **Hand 2:1** En toe die dag van die pinksterfees aangebreek het, was hulle almal eendragtig bymekaar.

Hoe kom mense eendragtig bymekaar sonder ‘n goddelike patroon oor hoe ons mekaar moet hanteer? Dié wat dink dat die Heilige Gees doodeenvoudig eenheid sal bring sonder ‘n begrip van die hemel se goddelike orde soos geopenbaar deur die Vader en die Seun, sal tevergeefs wag vir eenheid. Maak dit nie sin dat die Heilige Gees sal neerdaal in groot krag as elke deel van die kanaal van seën die groot “Uit Wie” en “Deur Wie” navolg?

Let op hoe die engel in Open. 18:1 afkom met groot krag, of groot outoriteit. Ons weet dat alle outoriteit van God kom, en dat hierdie boodskap met krag kom op dié wat die outoriteitstruktuur van God erken. Ons weet dat alle outoriteit aan Christus gegee is.

> **Mat 28:18** En Jesus het nader gekom en met hulle gespreek en gesê: Aan My is gegee alle mag in die hemel en op aarde.

Is die vermoë van Christus om sy ryke gawes uit te deel en sy outoriteit te deligeer afhanklik van God se mense om die getuienis van God omtrent sy Seun te aanvaar, wat beteken hulle aanvaar hom as die Seun van God? Dan betree ons die "Uit Wie" en die "Deur Wie" patroon, en is ons gereed om die krag te ontvang wat Christus ontvang van sy Vader.

Kan ons sien dat, deur die Seun van God te eerbiedig en deur onder sy skadu te beweeg, begin ons die outoriteit te erken wat Hy het, en kan ons geseën en beskerm word daardeur.

Vriende, ek hou aan u voor die uitverkore en kosbare Hoeksteen van ons geloof – die Here Jesus Christus, die Seun van die Vader van waarheid en liefde – 2 Joh.1:3.

Hierdie openbaring van Jesus hou verband met die Vader, dit ontbloot die werk van Babilon en haar pogings om die Hoeksteen te vervang. Ek het verduidelik hoe Adventisme die werk van Simson en die seuns van Eli herhaal het, en ons in gevangeneskap gelei het. Nogtans is ons redding naby.

Laat ons die werk van bekering doen, die werk van gebed, en smeking vir ons leiers, waar hulle ook al gestationeer is. Laat ons appél aanteken, en laat ons onsself onderwerp aan ons kerkleiers, sodat Christus aan hulle voorgestel kan word in 'n gees van sagmoedigheid en vrees.

Ek bid dat ons Vader wel die gebed van Jesus sal antwoord:

> **Joh 17:1-3** Dit het Jesus gespreek, en Hy het sy oë na die hemel opgehef en gesê: Vader, die uur het gekom; verheerlik u Seun, sodat u Seun U ook kan verheerlik— (2) soos U Hom mag oor alle vlees gegee het, sodat Hy aan almal wat U Hom gegee het, die ewige lewe kan gee. (3) En dit is die ewige lewe, dat hulle U ken, die enige waaragtige God, en Jesus Christus wat U gestuur het.

# Bylae A

## Stelling van Relevante Fundamentele Beginsels in die 1914 SDA Jaarboek

Die Sewendedag Adventiste het geen geloofsbelydenis nie, behalwe die Bybel; maar hulle aanvaar sekere goed-gedefinieerde stellings van geloof, waaroor hulle gereed voel om 'n antwoord te verskaf aan enigiemand wat vra. **Die volgende stellings kan as 'n opsomming van die beginsels van hul godsdienstige geloof gereken word, en waarop daar, sover bekend, totale eenheid binne die liggaam is**. Hulle glo: -

1. Dat daar een God is, 'n persoonlike geestelike wese, die Skepper van alle dinge, almagtig, alwetend, en ewig; oneindig in wysheid, heiligheid, reg, goedheid, waarheid en genade; onveranderlik, en oral teenwoordig deur sy verteenwoordiger, die Heilige Gees, Ps. 139:7.
2. Dat daar een Here Jesus Christus is, die Seun van die Ewige Vader, die een deur wie alles geskape is, en deur wie alles bestaan; dat hy op hom die natuur van die saad van Abraham geneem het ter wille van die verlossing van die gevalle mensdom; dat hy gewandel het onder mense, vol genade en waarheid, as 'n voorbeeld vir ons gelewe het, as offer vir ons gesterf het, opgewek is vir ons regverdigmaking, opgevaar het na die hemel om ons enigste bemiddelaar te wees in die hemelse heiligdom, waar, deur die verdienste van sy gestorte bloed, hy vergifnis van sondes verseker aan almal wat aanhoudend na hom kom; en as die finale deel van sy werk as priester, voordat hy op die troon gaan sit as koning, sal hy die groot versoening doen en dan sal alle sondes uitgewis word. (Hand.3:19) en weggeneem van die heiligdom, soos uitgebeeld in die dienste van die Livitiese priesterdom, wat na die bediening van ons Here Jesus heengewys het as 'n skadu van sy bediening. Sien Lev.16; Hebr.8:4, 5; 9:6, 7.

3. Dat die Heilige Skrifte van die Nuwe en Ou Testament ingegee is deur inspirasie van God, dat dit ‘n volle openbaring is van sy wil aan die mens; en die enigste onfeilbare gesag is van geloof en geloofspratyke.

## Bylae B

## Relevante Doopgelofte van die 1986 SDA kerkhandleiding

Doopgelofte:- In die teenwoordigheid van ‘n kerk of in die teenwoordigheid van ‘n vasgestelde liggaam, moet die volgende vrae gestel en bevestigend beantwoord word deur doopkandidate, en deur dié wat aangeneem word deur geloofsbelydenis.

1. Glo jy in God die Vader, in sy Seun Jesus Christus, en in die Heilige Gees?

## Relevante Doopgelofte van die 1990 SDA kerkhandleiding

Doopgelofte:- Doopskandidate of dié wat aangeneem word deur geloofsbelydenis sal hulle aanvaarding van die volgende leerstellings van die SewendeDag Adventiste Kerk bevestig in die teenwoordigheid van die kerk of enige ander vasgestelde liggaam. Die leraar of ouderling sal die vrae stel aan die kandidate, wie moet antwoord deur verbale bevestiging of deur die hand op te steek.

## Toewyding

1. Glo jy dat daar een God is, die Vader, Seun en Heilige Gees, ‘n eenheid van drie ewige Persone?

************

Die 1986 doopgelofte druk God uit as die Vader, en dat Hy ‘n Seun het. Die gebruik van die woord “Sy” is besitlik. Dit vra ook vir geloof in die Heilige Gees, wat korrek is.

Die 1990 stelling druk God uit as drie persone sonder die besitlike “Sy” tussen die Vader en die Seun. Die begrip van die “Ewige” is drie magte wat elk sy eie oorsprong vind sonder dat die Seun deur die Vader voortgebring of uit die Vader gebore is. Dit is ‘n totaal ander god wat die kandidaat bely om te dien. Die term “Seun” is ‘n titel van sy werk en funksie, en nie ‘n uitdrukking van wie Hy werklik is nie.

Indien jy voor 1990 gedoop is, is jy steeds getrou aan die doopgelofte deur die verwerping van die drie persone, die een God, die Drie-eenheid.

*************

********

# Die Goddelike Patroon

Die Goddelike Patroon raak elke aspek van ons lewens aan; dit is die sleutel tot vreugde, vrede en harmonie binne ons huwelike, ons gemeenskappe, ons kerk en alle sosiale strukture in ons bestaan.

In die verhouding tussen God en Sy Seun, aanskou ons die sleutel tot hierdie goddelike patroon. Hoe meer ons hulle aanskou, en hulle liefhet, en ons lewens inrig na hulle voorbeeld, hoe meer word ons ontvanklik om hulle kanaal van seëninge te word in ons lewens.

Voordat hierdie wêreld begin het, het Satan stappe geneem om hierdie goddelike patroon te verskans, en om dit te vervang met ‘n namaaksel wat die kring van God se oneindige liefde sal verbreek, en om ongekende ellende in hierdie wêreld te bring.

Ontbloot hierdie misleidende namaaksel; aanskou die groot oorspronklike goddelike patroon, en ontdek die sleutel om ons kerk terug te draai na die aanbidding van God en Sy Seun.